# HANS ANTON ASCHENBORN, MENS EN KUNSTENAAR

deur

KARIN MARIA SKAWRAN

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN 'N DEEL VAN

DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER ARTIUM

IN DIE FAKULTEIT

LETTERE EN WYSBEGEERTE

Universiteit van Pretoria,
PRETORIA.

September 1963.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




HANS ANTON ASCHENBORN. √


© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- VON ESCHBORN -
( DE ASKEBURN )



- VON CRONBERG -

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Opgedra aan my Ouers

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 'N WOORDJIE VOORAF:

Die hoofdoel van die studie is om H.A. Aschenborn as mens en as kunstenaar te benader op grond van sy nagelate kunswerk; en waar moontlik, sy beeldende werk te projekteer teen die agtergrond van sy literêre werk. Dit kan nie oorgesien word dat daar wel 'n noue verband is tussen die geproduseerde werke op die twee gebiede, en dat sy dig en ander literêre werke ons ook sy teken-, skilder- en grafiese werke beter laat verstaan.

H.A. Aschenborn is reeds geruime tyd oorlede en aangesien sy werke wyd versprei is en daar ook 'n groot deel vernietig is deur 'n brand gedurende die eerste wêreldoorlog, kon ek slegs met veel moeite die materiaal versamel vir hierdie verhandeling, aangesien dit betrekking het op minstens Suid-Afrika, Duitsland, Oos-Afrika en die hele Suidwes-Afrika wat sy arbeidsgebied uitgemaak het. Ongelukkig het tot hiertoe 'n behoorlike oorsigtelike studie oor hom nog nie verskyn nie. Ek wil verder graag die aandag daarop vestig dat baie min van Aschenborn se werke gedateer is, en ek die behandeling daarvan volgens die <u>motiewe</u> moes rangskik, en nie kronologies volgens periodes kon bespreek nie. Ek het egter daarna getrag om binne die bespreking van 'n sekere motief 'n ontwikkeling in styl aan te dui. Dikwels was dit ook onmoontlik om 'n sekere volgorde of rangskikking van werke konsekwent tot by die end van die verhandeling deur te voer, te wyte aan talryke ontbrekende gegewens.

Ek /

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ek wil egter die hoop koester dat hierdie verhandeling 'n beter begrip van, en 'n gesondere waardering vir hierdie kunstenaar sal opwek; en dat dit ander belangstellendes sal aanspoor om nog meer aandag aan sy prestasies op kunsgebied te bestee.

Vir die geredelike hulp wat ek van oral gekry het by die versameling van materiaal vir hierdie studie, wil ek graag almal wat in een of ander sin daartoe bygedra het van my hartlike dank en waardering verseker. Ek dink hier veral aan Prof. H.M. van der Westhuysen, onder wie se bekwame leiding ek hierdie verhandeling kon voltooi. Ek dink ook aan diegene met wie ek onderhoude kon voer of met wie ek deur korrespondensie in aanraking gekom het. Graag noem ek 'n paar van hierdie belangstellendes:

Mnr. H.J. Aschenborn, Staatsbiblioteek van Pretoria.

Mnr. D. en Mev. L. Aschenborn, Posbus 359, Windhoek, SWA.

Mnr. W. Aschenborn, Posbus 381, Witrivier, Oos-Transvaal.

Mnr. F. Aschenborn, 23 Kiel, Hohenbergstr. 13, Duitsland.

Prof. J. Trümpelmann, Universiteit van Stellenbosch.

Mev. Haendler-Krah, Werkstätte für künstlerische Photographie, Kiel, Wilhelmshavenerstr. 4, Duitsland.

Dr. H.J. Rust, SWA. Wetenskaplike Vereniging, Posbus 67, Windhoek, SWA.

Dr. Krahmann, Afrika-Instituut, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Dr. A.O. Hesse, Dept. Duits, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Mnr. /

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Mnr. G. Sontag en Dr. Dr. Bieber, Deutsches Institut für Tropische und Subtropische Landwirtschaft, Witzenhausen, Duitsland.

Mnr. J. van Schaik, Victoriastr. 33, Waterkloof, Pretoria.

Dr. A.J. van Zyl, Pretoria Tegniese Kollege.

Adv. F.H. Grosskopf, Boundaryweg 448, Lynnwood, Pretoria.

Georg Westermann Verlag, Georg Westermann Allee 66, Braunschweig.

Mev. H. Brock, Posbus 12, Swakopmund, SWA.

Senator H. Vedder, Okahandja, SWA.

Dr. A. Weber, Posbus 56, Swakopmund, SWA.

Mnr. E. von Koenen, Posbus 272, Swakopmund, SWA.

Dr. L. Scheben, Farm Klein Nauas. Priv. M. Windhoek, SWA.

Mnr. V.H.W. Stubenrauch, Posbus 26, Otavi, SWA.

Mnr. J. Gaerdes, Posbus Okahandja, SWA. Kalidona.

Mnr. F. Gaerdes, Okahandja, SWA.

Mev. R. Gressmann, Posbus 195, Grootfontein, SWA.

Mev. T. Boehm, Lüderitzbucht, SWA.

Mnr. A.P.H. Behrens, Stadsraad van Pretoria.

Mnr. H. Andersen, Buchhändler und Antiquar, 2302 Techelsdorf, Post Flintbek, Duitsland.

Prof. P.C. en Mev. K. Rood-Coetzee, St. Patrickweg, Muckleneuk, Pretoria.

"Die Burger", Keeromstr. 30, Kaapstad.

Mev. Neethling-Mees, Swerwerskraal, Potgietersrust.

Mnr. J.A. Marais, Volksraad, Kaapstad.

Mev. H. Myers, "Windhoek", Starkeweg, Bergvliet.

- - - -

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


# INHOUD

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 'n Woordjie vooraf en | | i |
| Bedankings: | | ii |
| Inhoud: | | iv |
| Lys van Afkortings: | | vi |
| Lys van Afbeeldings wat in die Eksameneksemplare voorkom: | | vii |
| **Hoofstuk I:** | Biografiese Inleiding: | |
| | (a) Inleiding. | 1 |
| | (b) Herkoms van die naam Aschenborn, en die geskiedenis van die voorouers van die kunstenaar. | 2 |
| | (c) Die lewe van H.A. Aschenborn. | 7 |
| | (d) Die drie Skeppingsfases in die lewe van die Kunstenaar. | 22 |
| **Hoofstuk II:** | (a) H.A. Aschenborn se Plek as Kunstenaar in die Suidwes-Afrikaanse Kunsgeskiedenis. | 27 |
| | (b) 'n Kort Inleiding tot die verskillende Media in die Kuns van H.A. Aschenborn. | 31 |
| **Hoofstuk III:** | 'n Waardering van die Kuns van H.A. Aschenborn. | |
| | (a) Die Vroeë Jare en | 38 |
| | (b) Die Suidwes-Afrikaanse beleefnis (Die Landskap). | 42 |
| **Hoofstuk IV:** | Die Uitbeelding van die Dierelewe in die Afrikaanse Landskap. | 65 |
| **Hoofstuk V:** | Van Kaapstad na Kiel: | |
| | (a) Kaapstad en Stellenbosch. | 90 |
| | (b) Die Terugreis na Europa. | 91 |
| | (c) Kiel en die Herfsjagrit. | 94 |
| **Hoofstuk VI:** | Oos-Afrika. | 121 |
| **Hoofstuk VII:** | Aschenborn as Illustrator van Boeke en Verhale. | 133 |
| **Hoofstuk VIII:** | (a) Aschenborn se invloed op ander Suid-Afrikaanse Kunstenaars. | 160 |
| | (b) Besluit. | 166 |

Bronne/.....

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | Bladsy |
|---|---|---|---|
| Literatuurlys | | | 171 |
| Bylae No.1: | | | 178 |
| Lys van Kunswerke: | A: | Werke afgebeeld in die Eksameneksemplare. | 179 |
| | B: | Werke wat in die Teks bespreek word, maar wat nie afgebeeld word nie. | 185 |
| Kunstenaarsregister: | | | 194 |

- - - - - - - -

Afb. IX, kon weens tegniese moeilikhede nie ingesluit word nie.

Afb. XIX is verander na verwysingnommer 92i).

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# LYS VAN AFKORTINGS

| | | |
|---|---|---|
| Afb. | : | Afbeelding |
| afdr. | : | afdruk |
| H.A.A. | : | H.A. Aschenborn |
| H.J.A. | : | Hans-Jürgen Aschenborn |
| D.A. | : | Dieter Aschenborn |
| Bepk. | : | Beperk |
| bes. | : | besit |
| bl. | : | bladsy |
| byv. | : | byvoorbeeld |
| cm. | : | centimeter |
| dat. | : | dateer |
| d.w.s. | : | dit wil sê |
| get. | : | geteken |
| gr. | : | grootte |
| huid. | : | huidige |
| Jg. | : | Jaargang |
| km. | : | kilometer |
| l.o. | : | links-onder |
| nl. | : | naamlik |
| Nr. | : | Nommer |
| o.a. | : | onder andere |
| O.A. | : | Oos-Afrika |
| onbek. | : | onbekend |
| onderskr. | : | onderskrif |
| oorspr. | : | oorspronklik |
| Pta. | : | Pretoria |
| publ. | : | publikasie |
| r.o. | : | regs-onder |
| S.W.A. | : | Suidwes-Afrika |
| v.d. | : | van die |
| Vol. | : | Volume |

- - - - - - - -

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# LYS VAN AFBEELDINGS IN EKSAMENKOPIEË


Hoofstuk I:

Afb. I, bl. 8a : Noordduitse Plaashuis.

Afb. II, bl. 8a : In die Kombuis.

Afb. III, bl. 8a : Stoep.

Hoofstuk II:

Afb. IV, bl. 39a : Werra-Brug.

Afb. V, bl. 39a : Naturel met Aschenborn se twee oudste Seuns.

Afb. VI, bl. 43a : Omatakovlakte.

Afb. VII, bl. 44a : Vlakte.

Afb. VIII, bl. 44 : Suidwes-Landskap.

Afb. IX, : Uitspan.

Afb. X, bl. 48a : Afrikaanse Landskap met Miershoop.

Afb. XI, bl. 48a : Oewer van 'n Meer.

Afb. XII, bl. 48a : Uitspan.

Afb. XIII, bl. 50a: Ossewa.

Afb. XIV, bl. 50a : Vlakte met Kamele.

Afb. XV, bl. 52 : Herder met Skape.

Afb. XVI, bl. 53a : Etzo Okatwena.

Afb. XVII, bl. 53a: By die Vuur.

Afb. XVIII, bl.53a: Veldbrand.

Hoofstuk III:

Afb. XX, bl. 69a : Gensbokke in Maanlig.

Afb. XXI, bl. 78a : Twee Koedoes.

Afb. XXII, i) bl.88a: Twee Springbokkies.

Afb. XXII, ii) bl.88a: Pikkewyne.

Afb. XXIII, bl.77a: Die Swart Duiwel.

Afb. XXIV, bl. 78a: Buffel.

Afb. XXV, bl. 78a : Volstruise.

Afb. XXVI, bl. 69a: Tarentale in die Nag.


Hoofstuk IV / ....

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoofstuk IV:

Afb. XXVII, bl. 91a : Omgewing van Stellenbosch.

Afb. XXVIII, bl. 91a: Altmarkt, Kiel.

Afb. XXIX, bl. 97a : Aand by die Westensee.

Afb. XXX, bl. 97a : Jag by die Westensee.

Afb. XXXI, bl. 97a : Sprong.

Afb. XXXII, bl. 99a : Ruiter op Wit Skimmel.

Afb. XXXIII, bl. 99a: Jag Vry!

Afb. XXXIV, bl. 99a : Stormagtige Jag.

Afb. XXXV, bl. 101 : Jag.

Afb. XXXVI, bl. 103a: Ruiters in die Newel.

Afb. XXXVII, bl.103a: Neweljag.

Afb. XXXVIII, bl.103a: Twee Ruiters oor Bloeiende Vlei.

Afb. XXXIL, bl. 107a: Tuiskeer na die Jag.

Afb. XL, bl. 107a : Ruiterfees.

Afb. XLII, bl. 108a : Perdekop.

Afb. XLIII, bl. 108a : Perdekop.

Afb. XLIV, bl. 110a : Selfportret in Jagklere.

Afb. XLV, bl. 110a : Selfportret voor Esel.

Afb. XLVI, bl. 112 : Jagtoneel.

Afb. XLVII, bl. 113a: Ruiters in die Woud.

Afb. XLVIII, bl.113a: Ruiter gedurende Sprong.

Afb. XLIX, bl. 115 : Die "Master".

Afb. L, bl. 116a : Sprong.

Afb. LI, bl. 118 : Ruiter en sy Perd.

Afb. LII, bl. 118a : Eensame Ruiter op Vlakte.

Hoofstuk VI:

Afb. LIII, bl. 122a : Kibospits.

Afb. LIV, bl. 122a : Kilimandjaro.

Afb. LV, bl. 126a : Kibo.

Afb. LVI, bl. 126b : Twee Massais.

Afb. LVII, bl. 126b : Handelsbote

Afb. LVIII, bl. 126b: Zanzibar.

Afb. LIX, /.....

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoofstuk VII:

Afb. LIX, bl. 140a : Kwagga en Kleintjie.

Afb. LX-LXIII, bl. 145a: Illustrasies vir Ehombo, deur Steinhardt.

Afb. LXIV-LXVI, bl.148a: Illustrasies vir Fahrendes Volk, deur Steinhardt.

Afb. LXVII-LXX, bl.149a: Illustrasies vir Steppenvolk, deur Steinhardt.

Afb. LXXI-LXXVI, bl.150a: Illustrasies vir Räubervolk, deur Steinhardt.

Afb. LXXVII, bl. 156a : Kameroenberg.

Afb. LXXVIII, bl. 156a : Klein Naturelleseuntjie.

Afb. LXXIX, bl. 158a : Buschmannprinzess.

Afb. LXXX, bl. 158a : Moeder en Kind.

- - - - - - - - - -

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK I

## Biografiese Inleiding

### (a) Inleiding

"....... Ich hatte nichts im Leben
Wie diese Steppe lieb,
Bis mich mit rauhen Händen
Das Schicksal draus vertrieb.
Ich hab mein Herz verloren
Wohl an das Sonnenland,
Und wenn ich einst gestorben
Möcht' ruhn ich dort im Sand." 1)

Uit hierdie gedig van die kunstenaar spreek sy groot liefde vir die Afrikaanse landskap, en is dit ook uit hierdie verbondenheid met die land dat Hans Anton Aschenborn sy werke geskep het. Die sensitiewe aanvoeling vir die atmosfeer van ons land het uit die jong swerwer en dromer 'n kunstenaar gemaak wat aan ons sy ondervindinge en awonture in stemmingsvolle skilderye of in kleurryke taal kon weergee. Soos Bouman sê, was dit „'n digterlike verlange wat hom onweerstaanbaar getrek het na die natuurstaat soos God dit geskep het." 2)

Feitlik alles wat die kunstenaar gedoen, geskryf of geskilder het, het direk met die natuur in verband gestaan en was daarmee diep vergroei. 'n Mens mag daarom nie die kuns van sy lewe, en nie die gedigte van sy skilderye skei nie. Die een is met die ander

verbind /

---

1) Aschenborn, H.A.: Der letzte Wunsch. Uit: Westermanns Monatshefte, Nov. 1931, Jg. bl. 248.

2) Bouman, Dr. A.C.: Kuns in Suid-Afrika, 2de bygewerkte druk, H.A.U.M. v/h Jaques Dusseau & Co., Kaapstad, 1938, bl. 29.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


verbind en vorm 'n ryk eenheid. In Aschenborn lei die bewondering vir die natuur na die digterlike weergawe daarvan.

(b) Herkoms van die naam Aschenborn en die geskiedenis van die voorouers van die kunstenaar.

Voordat verder op die werke van Aschenborn ingegaan word, wil ek 'n kort opsomming van die herkoms en die geskiedenis van die naam Aschenborn, en sover moontlik, ook van die kunstenaar se voorgeslagte gee.

In 'n tesis opgestel deur Fr. Ritsert en Dr. H. Grolesend [3] word beweer dat die vroegste aanduidings van die naam al in 770 n. Chr. voorkom in die klooster Lorsch. Aschenbrunen, Aschenbune, Askobrunen of Askebrunen, was die oudste vorme van die naam van 'n dorp naby Nassau, wat nou Eschborn genoem word.

Vanuit die oudgermaans kan mens die afleiding maak, dat die naam oorspronklik omtrent die betekenis van „aasbron" gehad het. „Asen" beteken in Oudgermaans goddelik, terwyl bron sekerlik fontein beteken het, d.w.s. goddelike of heilige fontein, (vergelyk Götterbrunnen).

In 1008 skenk keiser Heinrich II die besit te Aschenbrunen aan die klooster van Mainz, geleë aan die Widdgau, langs die hof van Büschenbach. In die 12de en 13de eeu word nou 'n ryksministeriële geslag na hierdie plek benoem, wat in die eerste kwart van die 13de eeu in die nabyheid 'n nuwe kasteel, Cronberg, gebou/

3) Ritsert, Fr. & Grolesend, Dr. H.: Die Familie von Eschborn oder Aschenborn und ihr Zusammenhang mit der Familie von Cronberg. Frankfurt a/M., K.T.H. Voelkers Verlag, 1884.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


gebou het en vandaar die naam Cronenberg of Cronberg gedra het, terwyl 'n tak van die familie die naam Askebrunen of Eschborn tot in die jaar 1250 dra.

In 1190 word vir die eerste keer in die geskrifte melding gemaak van dié geslag, wanneer van die seun Walther von Eschborn, (.... Waltheri de Hesschenborn) gepraat word. Afgelei kan word dat die vader omtrent 40 jaar ouer was en die begin van die geslag dus omtrent in die jaar 1150 val. Weer tree 'n Walther von Askebrune in 1250 as getuie aan die keiserlike hof op. Dit was dus 'n adelgeslag van belang.

In 1192 word in geskrifte 'n Wigandus de Askebrunen vermeld. Hierdie persoon mag 'n inwoner in die kasteel Eggstein gewees het. aangesien die navolgers van von Eschborn, die Cronenbergers, in die besit was van Eggstein se leengoed.

Hartmundus de Escheburn verskyn herhaaldelik vanaf 1216 - ± 1223 in geskrifte, gewoonlik as getuie aan die keiserlike hof. Franco de Escheburn, sy broer, word ook verskeie kere tot in ± 1239 genoem, en die ridder Gisebert von Aschenburnen tot in 1247. Die naam van Waltherus de Escheburnen kom in die jare 1238, 1249 en 1250 voor. Blykbaar was hy 'n predikant in Leheim. In 1239 word ook van 'n Otto de Ascenburnen gepraat.

Deur hierdie weinige geskrifte, is dit ongelukkig onmoontlik om 'n agtereenvolgende genealogiese oorsig van die here van Eschborn te gee. Ons weet egter dat hulle tot 'n belangrike adelsgeslag behoort het en heelwat kontak met die keisers gehad het.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Waaruit die keiserlike leengoedere bestaan het, kan nie vasgestel word nie, en van die kasteel (burg) bestaan ook geen spoor meer nie. Alleen 'n aanduiding in die Cronberger Ganerben-besluit van 1367, die Matthide Apostolie, lui: „.... item als man zusprichet Herrn Franken und den Burgberg zu Eschborne, sprechen wir: hat den Herr Frank Herbracht, so lassen sie zu und sein erben Kilche sitzen als lange bildas sie oder ire Erben yme den angewynneh als recht ist." 4)

Dus is die Cronbergers in die besit van die Eschborn se keiserlike leengoedere en ook dié wat vroeër aan hulle behoort het. In omtrent 1275 is alle besittinge en regte, behalwe die leengoedere, in vreemde hande.

Ryker en invloedryker was die geslag wat uit die von Eschborns gespruit het, nl. die here von Cronberg (Middeleeue: Cronenberg) wat baie eeue (die geslag sterf in 1704 met die dood van Freiherr Nicolaus) 'n hoë posisie onder die Ryn se Ryksridderskap ingeneem het.

Oor die direkte voorouers van Hans Anton Aschenborn i is weinig bekend. Uit 'n brief wat die kunstenaar in sy laaste lewensjaar (21.1.1931) vanuit Kiel aan Prof. Grosskopf geskryf het, (sien bylae Nr.1) kan ons aflei dat Aschenborn se grootoom, Eduard Mohr in ± 1868/70 in begeleiding van die kunstenaar Thomas Baines, ekspedisies onderneem het na Midde- en Oos-Afrika en dat Baines verskeie /

---

4) Ou konstitusie van die stad Cronberg in die jaar 1948. Geskryf in die ou Duitse amptelike taal en beteken omtrent die volgende: „... Aangesien mens die burgberg Zu Eschborne aan die heer Franken toeskryf, word deur ons (die stad) besluit: sodra die heer Franken hierdie burgberg (sy leengoed) aan die stad oordra, laat ons hom en sy nageslag gemeentelede van die kerk word, solank as wat hulle en hulle nageslagte dit as reg beskou..."

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skeie tonele van hulle awonture geskilder, en aan Mohr opgedra het. 'n Aantal van hierdie skilderye was in die besit van H.A.Aschenborn en hy probeer hulle in sy laaste jare deur Grosskopf aan Afrikaanse museums en tydskrifte verkoop, om sodoende genoeg geld bymekaar te maak om in 1931 vanuit Kiel na Suid-Afrika te kan terugkeer. Vir die histories uiters waardevolle skilderye verlang hy tussen £100-£200. Hy stuur aan Grosskopf afdrukke van die verskeie olieverf- en waterverfstudies, wat hy vir verwysing, van voor en van die agterkant afgeneem het. Een van die werke stel die Sambesie Watervalle met twee reenboë voor. Die skets vir hierdie werk is in 1862, en die uiteindelike olieverfwerk in 1869 gedoen.[5)]

Die tweede werk Verkiesing van Lobengula tot Matabele-hoof,[6)] stel 'n groepe krygers voor wat by die kamp van Luthlathlangela arriveer om te dans en te speel ter ere van die instelling van Lobengula tot koning van die Matabele. Die volgende beskrywing op die agterkant van die seildoek vergesel die toneel: "The wagons of Mr. Edwd. Mohr's Exploring Party and Chase of the South African Gold Fields Expedition, encamped in the grounds of Mr. Coulson's "Royal Hobel" Potchefstroom Mooi River Transvaal Republic - South Africa - Painted on the spot by T. Baines May 7 1869. Painted for E. Mohr and to be delivered to Alfred Mohr by care of Mrs. Schultze and Mohr. East India Avenue, Cadenhallstr., London."

Die derde werk is 'n waterverfstudie van 'n Matabele-kryger, 'n toneel wat Baines op die plek van die gebeurtenis geskilder het. 'n Matabele krygsman pronk voor

Lobengula.

---

5) ± 24" x 17".

6) ± 24" x 17".

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Lobengula. Die onderskrif van die werk lui: "Matabele Warrior whose shield has been pierced - boasting of his exploits - before his king Lo Bengulu."

Verder bied Aschenborn in hierdie brief aan Grosskopf, die troonstoel van Lobengula te koop aan. Hy sluit 'n foto daarvan met die volgende onderskrif in: „Troonstoel van Lobengula deur Afrika-vorser Eduard Mohr in 1870 na Europa gestuur. Mohr het op sy derde ekspedisie gesterf en mens neem aan dat hy deur Lobengula vergif is."

Behalwe hierdie paar gegewens wat ons deur middel van die skilderwerkies van Thomas Baines en deur die verhaal van die troonstoel van Lobengula het, weet ons weinig meer van Aschenborn se voorouers. Tog is dit noemenswaardig, dat reeds in een van hulle die belangstelling vir die tot destyds onbekende land Suid-Afrika was, en was dit miskien Eduard Mohr wat vir die jong Aschenborn die eerste inspirasie gegee het om weereens na Afrika te trek en om sy landskap, mens en dier te leer ken.

Die vader van Hans Anton Aschenborn was Vise-Admiraal Richard Aschenborn, wat ook verbinding na die buiteland, en veral na die Duitse Kolonies in Afrika gehad het. In Januarie 1884 ontvang Richard Aschenborn die bevel om met die Nautilus as eerste oorlogsskip, die hawe van Angra Paquena (Nou: Lüderitzbucht) aan te gaan om oor die landaanwins van die Bremer koopman, Lüderitz, by die Duitse regering melding te maak. Dit was die tyd waarin generaalluitenant Leicester Smith aan die Kaap was.

In hierdie berig word melding gemaak van die ontmoeting van R. Aschenborn met Lüderitz en die vrae wat

behandel /

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behandel is met betrekking tot die Duitse land en hoe Shark-eiland, slegs 'n skiereiland is, Duitsland geannekseer is. Verder word 'n beskrywing van die weskus in daardie tyd gegee en word daar gepraat van die begin van die visindustrie, mynwerk en houtbedryf.[7]

Richard Aschenborn was een van die voorstryers in die oorlogsvloot. Hy is in die ouderdom van 86 jaar in Kiel oorlede.

(c) <u>'n Kort Oorsig oor die lewe van Hans Anton Aschenborn</u>

Hans Anton Heinrich Aschenborn word op die eerste Februarie 1888 in Kiel gebore, as vierde van ses kinders.[8] Hy besoek die Reform Realgymnasium aldaar en ontvang in hierdie skool ook tekenonderrig. Reeds as jong skolier toon Aschenborn 'n besondere aanleg vir potlood- en pensketse. Hy maak byvoorbeeld 'n karikatuur van al sy onderwysers; hy stel hulle as verskillende diere met mensekoppe voor. In die tekenklasse behaal hy deurgaans onderskeidings, hoewel hyself vertel dat hy in 'n vak soos Latyn, baie swak was. Hy en sy ouer suster Elizabeth, erf hulle tekentalent van hul vader, wat op sy wêreld-

reise /

---

7) Vizeadmiraal R. Aschenborn: <u>Das erste deutsche Kolonialland</u>. Die Eiche, Maart 1954, Jg.7, No.6.

8) <u>Die Familie Aschenborn: broers en susters</u>
Grete Gysae: Man was skrywer en komponis. Albei oorlede.
Elizabeth Goehle: haar man was Konter-admiraal. Sy leef vandag met dogter, wat skilder en keramiek doen, in Beiere. Sy self doen ook keramiek en skilder.
Käthe Matthiessen: Oorlede. Man boer vandag nog in S.W.A.
Hans Anton Aschenborn: Skilder, skrywer, digter. Oorlede in 1931.
Fritz Aschenborn: Korv. Kapitän a.D. in Kiel.
Ellen Görtz: Oorlede. Man was advokaat.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



reise talryke klein waterverfsketse van vreemde hawens gemaak het.

Aschenborn beweer van hierdie skooltyd reeds: .... „Afrika hatte es mir angetan als ich noch Junge war, Asien und Amerika liessen mich ganz kühl, aber die Kolonien, unsere deutschen Kolonien, die lockten mich, die zogen mich an." 9) Met die oog op hierdie belangstelling, word Aschenborn na 'n groot landgoed in Mecklenburg gestuur. Daarna besoek hy die landbouskool van Witzenhausen vir twee jaar as voorbereiding vir Suidwes-Afrika. Verder ontvang hy 'n militêre opleiding van een jaar by die Pioniere in Harburg.

'n Tydlank neem hy skilderklasse in Kassel by die bekend Prof. Burmester. Humoristies vertel hy hoedat hy die enigste seun tussen 'n aantal mooi jong meisies in daardie klas was.

Die eerste sketse wat opspoorbaar is, dateer van 1904 en toon o.a. 'n Huis in Kiel. 10) 'n Potloodskets van 'n Huis in 'n woud dateer van 1905. 11) Tipies egter vir sy eerste werk is 'n klein waterverfwerk van 'n Noordduitse Plaashuis. (Afb. I.) Daar is nog geen aanduidings van lig en skaduwee nie, en die waterverftegniek is droog en streperig.

Uit /

9) H.A. Aschenborn: Der Verfasser schreibt über sich, Uit: Mit Auto und Motorrad durch Wildafrika. Ensslin und Laiblins Verlagsbuchhandlung, Reutlingen, 1930, bl. 2.

10) Huis in Kiel.

11) Huis in die Woud.

Afb. I., bl. 8a : Noordduitse Plaashuis.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



I



II




III

© University of Pretoria

Uit die tyd van Witzenhausen dateer sy eerste grotere olieverfskilderye, bv. die Werra-Brug, waarop later ingegaan sal word. Hierdie werk toon 'n uitsig op die Werra-brug soos gesien vanuit een van die vensters in die landbouskool.

Uit hierdie vroeë tyd stam verder verskeie sketse in potlood en waterverf, maar almal is tegnies nog heeltemal ongeskoold en onbeholpe. Die kunstenaar trag soms daarna om die stylmetodes van kunstenaars van sy tyd (bv. Impressioniste) te imiteer, bv. in die Werra-Brug, en is dit goed dat die kunstenaar hierdie Europese atmosfeer met sy veelvoud van skildermetodes en tradisies verlaat, om sodoende tot 'n eie en onbedorwe styl in Afrika te kom. Aschenborn se belangstelling vir Suidwes-Afrika groei en hy besluit in 1909 om na Suid-Afrika te imigreer.

In Afrikanische Buschreiter [12] word sy eerste jare in hierdie land met al sy awonture op 'n humoristiese wyse beskryf.




Die ligging van die plaas "Quickborn" aan die Omuramba-rivier in Suidwes-Afrika. [13]

12) H.A. Aschenborn: Afrikanische Buschreiter, August Scherl G.m.b.H. Berlin SW 68, 1926.

13) Ligging van Plaas Quickborn: Kopie van skets uit H.A. Aschenborn: Die Farm im Steppenlande, Verlag J. Neumann/Neudamm, 1925, bl. 19.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende die eerste maande fynkam hy te perd die eensame land, met die doel om 'n geskikte plek vir 'n plaas te vind. So maak hy kennis met die Afrikaanse landskap en hy hou sy indrukke in talryke sketse vas. Hy skilder meer as wat hy boer. In begeleiding van 'n ander jong boer, trek hy deur die land, met geweer en kwas. Hy leer nou ook die Boesmantekeninge van Suidwes ken en maak 'n studie daarvan. Die kunstenaar skryf van hierdie tyd:

„.....Einsame Ritte unter glühender Sonne, in blauer Nacht. Nie werd' ich sie vergessen, Stunde um Stunde durch's weite unendliche Feld...") 14)

Aschenborn wou 'n huis in die volle lig bou. Aan die Omuramba (100 km. noord van Okahandja en Noord-oos van die Omatakoberge) aan die rand van die oneindig uitgebreide Omaheke-vlakte, vind hy so 'n plek. Die gebied lê in Damaraland, omtrent in die middel van Suidwes, en is omtrent 5000 ha groot. Teen die horison, omtrent 80 km in die Noorde lê die skilderagtige Waterberg. (Sien Diagram op bl. 9 ). Kenmerkend is die wye rivierbedding met sy talryke miershope en witdoringbome. In die Noorde styg die land en is dig met bos begroei. Daarna gaan dit oor in die weiland van die Okateivlakte. Die landskap is vlak en wyd, met alleen hier en daar skerp valle en digte bos by die rivier. Ons herken hierdie omgewing dikwels weer in die sketse en olieverfwerke van die kunstenaar.

Aschenborn noem sy plaas Otundu, en verander die naam later na Quickborn (bron van lewende water). In

later /

---

14) H.A. Aschenborn: Afrikanische Buschreiter, August Scherl G.m.b.H. Berlin SW 68, 1926. bl.91.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

later jare koop die kunstenaar nog 'n plaas by wat hy Okenjete noem.

Die omgewing van Quickborn was onbewoonde land waar nog baie wild soos die koedoe, die gensbok, hartebeeste, wildebeeste en volstruise te sien was.

In Die Farm im Steppenlande 15), wat deur fotos toegelig word, vertel Aschenborn van sy eerste jare op die plaas tot net na die oorlog in 1918.

Sy eerste tuiste was onder die takke van 'n witdoringboom, bedek met 'n paar sinkplate wat teen die reën beskerm het. Op hierdie manier woon hy 350 nagte buite. Toe hy uiteindelik in 'n kamer trek, hou hy dit nie uit nie en slaap weer buite, waar hy ure onder die wye naghemel planne beraam vir sy toekomstige woning.

Uiteindelik begin hy met die bou van 'n put vir drinkwater. Met dinamiet en 'n pikhak moet hy deur die harde kalksteenlaag boor. Hy bou ook 'n drinkplek vir die diere, en hy vervaardig die sementstene daarvoor self. 'n Pomp word uit 'n ou stoomketel van die spoorweë inmekaargesit. Aangesien die vervoer na die plaas uiters moeilik was, sluit hy later 'n stoompyp aan en ontwerp so sy eie stoomwassery. Uiteindelik word ook 'n sementdam gebou.

In teenstelling met die gewone plaashuis in Suidwes-Afrika, wat uit ongebrande selfvervaardigde bakstene bestaan het, gedek met 'n sinkplaat en 'n graslaag daaroor as beskerming teen die sonstrale, bak Aschenborn sy eie

stene /

---

15) H.A. Aschenborn: Die Farm im Steppenlande, Verlag J. Neumann/Neudamm, 1925, (mit 100 Abbildungen)

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

stene en gebruik daarvoor die klei van miershope wat hy eers met water oplos. Die bakstene is dan in 'n klei-oond vir drie nagte gebak. Sy huisplan is heeltemal buite die tradisionele verhoudings en het in sy voltooide toestand 'n Noordduitse plaashuis voorgestel. Die fondament het Aschenborn teen miere, uit sement en kalk gebou. Sommige bestanddele wat vir die huisbou benodig is, moes honderde myle vervoer word per ossewa.

Die interieur en die tuin van Quickborn leer ons uit talryke sketse ken. So byvoorbeeld toon 'n klein waterverfskets die Woonkamer waar die son deur die venster op die vloer val.[16] Tegnies is hierdie skets nog baie swak.

'n Beter latere waterverfskets met heelwat atmosfeer is die toneel voor die glimmende Kaggel.[17] Emmy Aschenborn, sy vrou, sit op 'n bank daarvoor en speel op die ghitaar. Die hele vertrek is deurgloei met die warm skyn van die vuur.

Die beste waterverfskets van dié serie is myns insiens egter 'n toneel wat 'n kykie in die Kombuis toelaat. (Afb. II.) Sonlig val deur die vensters links en speel oor die wit kombuiskas en die vloer. 'n Herero-vrou is besig om by die stoof te kook, terwyl 'n ander een gehurk op die vloer werk. Die koperpotte op die rak blink lewendig, terwyl die blou rok van die vrou regs, helder kontrasteer met die dieprooi van die ander se hooftooisel.

Verskeie /

16) Woonkamer.

17) By die Kaggel.

Afb. II, bl. 8a : In die Kombuis.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

Verskeie sketse bestaan van die stoep en van die tuin. Die Stoep is toegerank en gee 'n uitsig op die vrolike bont blomtuin vry. (Afb. III).

Tallose pensketse toon vir ons die buiteaansig van Quickborn. Die meeste van hulle is in die beginperiode in Suidwes gedoen en is daarom nog styf en onbeholpe, hulle is eintlik slegs 'n dokumentasie van sy eerste ondervindinge.

In 1912 het hy aan militêre oefeninge van ses weke, met die doel om luitenant van die reserwe te word, by die kameelruiter-groep deelgeneem. Die destydse rekenmeester van hierdie groep vertel dat Aschenborn volkome onmilitaristies ingestel, saggeaard en poëties van karakter was.

In die Kalahari maak hy gedurende hierdie tyd belangwekkende en sorgvuldige studies van die wilde Boesmans en van die gensbok. Die sketsmateriaal, sowel as ander beduidende werke is later deur die Unie-troepe uit die Eerste Wêreldoorlog op sy plaas buitgemaak en grotendeels verniel. Tot dusver kon baie weinig daarvan opgespoor word.

huwelik

In 1912 kom sy bruid, 'n jeug-vriendin, Emmy Bredow, uit Duitsland, Aschenborn gaan haal haar in Swakopmund, waar hy ook dadelik met haar trou. Emmy se vader was 'n Kaptein in die destydse keiserlike oorlogsvloot. In Die Farm im Steppenlande vertel hy op humoristiese wyse hoedat die magistraat die strooijonker met sy vrou in die eg wou verbind, omdat hy self sy troupak in 'n tas op die stasie vergeet het en 'n bietjie verwaarloosd in sy khaki klere daar uitgesien het.

Die /

---

Afb. III, bl. 8a : Stoep.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die jonggetroude paartjie het dadelik die dag na hul troue op 'n kapkar, wat deur vier jong eseltjies getrek is, terug na die plaas gery. In beeldryke taal beskryf Aschenborn hulle tuiskoms: „...Noch stand der Mond am Himmel, als wir uns am dritten Abend unserem Farmhaus näherten. Langsam mahlten die Räder durch den tiefen Sand, und unendliche Ruhe lag über dem weiten, schweigenden Lande." 18)

In die eerste weke was daar veel te doen op die plaas, aangesien die sossewa net eenkeer elke week gekom het om kiste met huisware af te lewer. Die kiste self het Aschenborn gebruik om meubels van te maak. Hy beskryf liefderyk hoedat die huis alhoe geselliger geword het: „Im Laufe der Jahre waren nun doch die Bäume, die allen Unbilden, wie Termiten, Frost und Trockenheit, standgehalten hatten, herangewachsen und ragten weit über den Dachrand schattend hinaus. Unterm Kap Flieder hatten wir unsere Frühstücksecke und sassen dort auch manchen schönen Abend bei Mondschein bis spät in die Nacht hinein. Nur leise vom Kral her hörte man das gemütliche Brummen der Kühe. Rund im Busch sangen die Zikaden, und vom Rivier herauf, von unserem Omuramba, klang der Sang des Totenvogels. Hell stand der Mond am leuchtenden Nachthimmel, und wohlig streckten wir unsere Glieder in den tiefen Korbsesseln. Dann klang wohl noch spät ein Lied zur Laute in die warme, schimmernde Nacht.....“ 19)

Die liefde vir sy huis en plaas kom in baie van sy gedigte tot uitdrukking. In een van hulle herinner hy

hom /

18) H.A. Aschenborn, <u>Die Farm im Steppenlande</u>, bl. 61.

19) H.A. Aschenborn, <u>Die Farm im Steppenlande</u>, Verlag J. Neumann/Neudamm, 1925, bl. 116.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hom weemoedig hoedat hy altyd, wanneer hy in die nag huis toe gery het, na die bekende wit kalksteen uitgekyk het, wat vir hom 'n teken was dat die huis nie meer ver was nie:

„ Einz'ger Kalk in weiter Runde
Hier inmitten unsrer Pad,
Gibt uns beiden sich're Kunde
Dass der Ritt ein Ende hat.

\- - -

Kalkstein in Sandesmitten
Grüsste dich schon manchesmal,
Wenn in dunkler Nacht wir ritten,
Müde heim in unser Tal." 20)

Alhoewel Aschenborn veral met Damaravee geboer het, het sy groot liefde die perd gegeld. Hy het 'n ras geteel wat 'n kruising was tussen die Afrikaner en Arabiese perde. Gemiddeld het die kunstenaar meer as 100 km. per dag te perd afgelê, aangesien geen ander vervoermiddel beskikbaar was nie. So het hy die land kruis en dwars leer ken. Perde, en alles wat daarmee te doen gehad het, was dan ook die hooftema van sy skilderkuns. Wanneer Aschenborn perde geskilder het, was hy gewoonlik groots in opvatting, sowel in die klein sketse, as in die bekende jagtersreeks wat hy later in Kiel gedoen het.

Oor 'n perd handel ook een van sy mooiste verhale, naamlik Hassan 21) wat die awonture van 'n ouerige hings weergee. Hierdie verhaal is deur die kunstenaar self geïllustreer.

20) H.A. Aschenborn: Der Markstein, uit: Die Zweite Heimat. Heinz Lafaire Orient Buchhandlung, Hannover, 1925.
21) H.A. Aschenborn: Hassan, Reclams Universum, Philipp Reclam, Leipzig. (Uitgawe onbekend).

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


geïllustreer, en die sketse word later nader betrag.

In die bekende gedig Nachtritt, bereik Aschenborn 'n hoogtepunt wat sy digkuns aanbetref. Hierin gee hy uitdrukking aan sy diepgewortelde liefde en heimwee vir die land Afrika:

„Einsamer Ritt in blauer Nacht
Durch weite unendliche Räume,
Von ferne ein Stern herüberlacht
Durch gespenstisch verwachs'ne Bäume.

\- - - -

Leiser Hufschlag ans Ohr mir dringt
Gedämpft aus sandigem Grunde -
Leise am Sattel das Leder singt
In's Schweigen der nächtigen Stunde.

\- - - -

Einsamer Ritt in blauer Nacht,
Wenn so golden leuchten die Sterne
In Märchenblumen strahlender Pracht,
Oh einsamer Ritt durch die Ferne." 22)

In 1914 breek die oorlog uit en Aschenborn word Kommandant op Gochas, in die 7de kompanie van die "Schutztruppe", die verste pos na die kant van die Kalahari. Toe hy later na die Kameelruiter-groep verplaas is, maak hy diep verkenningstogte in die Britse Kalahari. Die kunstenaar skets nou baie en skilder met liefde en geesdrif die skoonheid en grootsheid van die dorre en eensame land en doringwoestyn. Hy ontmoet ook die Suidwes-Afrikaanse skilder Carl Ossmann.

Op /

22) H.A. Aschenborn: Nachtritt, uit: Die Zweite Heimat, Heinz Lafaire Orient Buchhandlung, 1923.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Op hierdie stadium ontdek Aschenborn in die Kalahari 'n nuwe gensboksoort, wat hy die Oryx Aschenbornii noem. Die bok onderskei hom van die ander in Herero-land, deur 'n gesplete bolip en vreemde strepe op die kop.

Na die kapitulasie van Suidwes, word Aschenborn soos alle ander soldate, geïnterneer en na die konsentrasie-kamp in Pietermaritzburg gestuur, waar hy onder andere kennis maak met verskeie skilders uit Suid-Afrika. Toe hy ± 1917 na sy plaas terugkeer, was sy huis verwoes en geplunder. Sy vee is buitgemaak en die boerdery word weens toestande wat deur die oorlog ontstaan het, onmoontlik gemaak. Nou neem Aschenborn toevlug tot die kuns om sodoende sy vrou en kinders te versorg. Gelukkig bestaan daar reeds belangstelling en smaak vir die kuns by die Duitsers en betaal hulle hom behoorlike pryse. Aschenborn verkoop 'n paar osse, sodat hy 'n kort tyd in Swakopmund kan deurbring. Hy skilder, illustreer, ontwerp reklame-plakate vir meel en hoede en maak op hierdie manier 'n mooi som bymekaar. Ook kunskritieke word deur hom geskryf en dit is uit hierdie tyd dat die kunsleërs met sy grafiese werk, wat deur die Swakopmund-boekhandel uitgegee word, dateer bv. <u>Afrikanische Tierköpfe</u>,[23] en <u>Aschenborns Afrika-Mappe</u>.[24]

Daar is feitliks niks wat die kunstenaar nie aanpak nie. Hy skets dierekoppe op linne, en verkoop dit as kussingoortreksels en tafeldoeke. 'n Dame is bereid om mee te help deurdat sy die diertekeninge met kunssteek uitwerk. Aschenborn gee vir haar die kleure, nuanses en lynliggings /

23) <u>Afrikanische Tierköpfe</u>, linoleumsneë, Swakopmunder Buchhandlung, 1917.

24) <u>Aschenborns Afrikamappe</u>, litografieë, Verlag: Kupfer und Hermann, Berlin.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


lynliggings aan, en so bring hierdie nuwe idee groot geldsomme in. Aschenborn self praat hiervan as „Fabrikation von Zimmergreuel"; — maar dink aan sy vrou en kinders en die geldnood.

Daarna begin hy om linoleumsnee- en reklamewerk te doen en hy skilder op glasplate om bioskope te adverteer. Tussenin versorg hy 'n tydlank sy seuns, terwyl sy vrou in die hospitaal gelê het.

Aschenborn ondersteun ook die eerste Duits-Afrikaanse politieke humor-blad, "Das Brennglas". Hy skets en dig.

Sodra sy vrou weer gesond is, trek hulle na die plaas terug waar daar veel te doen is. Terwyl Aschenborn weer boer, kom daar opdrag vir 'n leër met illustrasies vir sprokies. Aangesien geen nuwe linoleum bekombaar is nie, kies hy die beste stukke van sy eie linoleum in die kombuis onder die kaste waar dit nog goed is. So ontstaan die <u>Aschenborns Märchenmappe.</u> 25) Wanneer die sprokiesversameling gereed is, ry hy te perd na Windhoek, aangesien hy geen geld vir die trein meer het nie. In die hoofstad is egter weer baie opdragte vir hom. Hy oortuig elke besigheidsman, dat die enigste afsetmoontlikheid vir sy produkte alleenlik deur reklame kan geskied.

So kry die plaaslike koerant 'n heel ander voorkoms. Orals pryk die wit en swart linoleumsneë van Aschenborn.

Van sy skilderye en sketse word poskaarte vervaardig en feitlik in elke winkelvenster van Suidwes uitgestal.

Ook /

---

25) <u>Aschenborns Märchenmappe</u>, linoleumsneë, Verlag Swakopmunder Buchhandlung, 1917.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

Ook moes die kunstenaar blikmandjies, borde en plate beskilder vir 'n groot firma, teen twee sjielings per stuk. Diere, naturelle en soldate vervaardig Aschenborn in loodgietsel; hy skets en skilder hulle. Met sy sak vol geld, keer hy terug na die plaas. Maar die na-oorlogstoestande vererger, totdat hy nie langer met sy boerdery kan aangaan nie. In 1920, toe die jongste seun gebore is, verkoop hy sy goedere en trek na Stellenbosch. Daar kom hy in aanraking met 'n hele paar bekende skrywers en kunstenaars; onder andere leer hy die skilder Pierneef ken, en raak ook bevriend met Dr. Johannes Grosskopf. Verder word Sangiro (A.A. Pienaar) een van sy naaste vriende. Met Pierneef stap hy deur die omgewing en skets die landskap.

Aschenborn reis nou ook na Kaapstad waar hy homself aan die Nasionale Pers voorstel. Hy verkry dat hulle aan hom 'n aantal manuskripte gee om te illustreer.

Die kunstenaar versier boek na boek met sy pensketse, en hy verdien in die begin 'n goeie inkomste daarmee. Hy werk verder vir anti-Engelse tydskrifte en verskaf aan hulle artikels uit Suidwes-Afrika, en aan die Duitse tydskrifte weer artikels oor die Unie. Alle moontlike berigte en besware teen die nuwe regering het deur sy hande gegaan en is as hoofartikels in die Afrikaanse koerante geplaas.

Aschenborn se boeke Onduno [26] en Satan [27] word nou in Afrikaans vertaal. Die kunstenaar skryf sy bekende /

---

26) H.A. Aschenborn: Onduno, Afrikanische Tiernovellen, 8. Aufl., August Scherl G.m.b.H. Berlin SW 68.

27) H.A. Aschenborn: Satan, Afrikanische Erzählungen, 4 Aufl., August Scherl G.m.b.H. Berlin SW 68.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kende Uit die Lewe van 'n Gensbok [28] en die Adelaar en ander Afrikaanse Verhale.[29] Laasgenoemde is deur Sangiro in Afrikaans vertaal.

Op die gebied van die wilde-dierskildering word Aschenborn die baanbreker in ons land, en op die gebied van die landskapskildering slaan hy 'n heel nuwe noot aan. Hy vertaal Sangiro se Uit Oerwoud en Vlakte,[30] terwyl Sangiro weer Aschenborn se Sketse uit die Oos-Afrikaanse Diereweêreld [31] in Afrikaans bring.

In die saal van die konservatorium van Stellenbosch reël Aschenborn 'n uitstalling van sy werke. Almal ondersteun die organisering daarvan, maar hy verkoop niks nie. Hy het nie, so sê 'n inwoner later, soos 'n ander kunstenaar wat ook uitgestal het, vir tee en koek en blomme by die opening gesorg nie!

Die werkopdragte word alhoe minder, aangesien die mark vir Afrikaanse boeke gou uitgeput geraak het.

In dieselfde jaar vertrek Aschenborn weer na Kiel, aangesien hy in Afrika geen bestaan meer kan maak met sy skilderwerke en verhale nie. Terug by sy ouers in Kiel, werk hy met 'n byna bomenslike en ongelooflike arbeidskrag. En elke penseelstreep simboliseer sy diepe heimwee na die geliefde Afrika. Die beste en mees volwasse

skilderwerke/

---

28) H.A. Aschenborn: Uit die Lewe van 'n Gensbok, Juta & Co., Ltd., Kaapstad 1923.

29) H.A. Aschenborn: Die Adelaar en ander Afrikaanse Verhale (Vertaal deur Sangiro), Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1923.

30) Sangiro: Uit Oerwoud en Vlakte, J.L. van Schaik Bpk., Pretoria.

31) Sangiro: Sketse uit die Oos-Afrikaanse Diereweêreld, Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1921.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skilderwerke ontstaan. Die kunstenaar bekwaam hom verder op die nuwe gebied van etskuns. Daarin is sy tema weer hoofsaaklik die dier en die Afrikaanse landskap. Behalwe tallose jag- en perdetonele, herken ons in sy skilderye altyd weer die Afrikaanse motief, elke keer in 'n ander stemming en in verskillende media, Afrika met al sy awonture, geheime en bekoorlikhede.

In 1925 slaag hy daarin om nog 'n keer na Afrika te kom, hierdie keer na Oos-Afrika, waarheen hy tesame met 'n filmekspedisie reis. Ons besit uit hierdie tyd 'n aantal besonder goeie en ryp olieverfwerke, veral van die berg Kibo, (die Kilimanjaro). Die kunstenaar neem verder 'n film tydens sy oponthoud in Oos-Afrika.[32] Hy reis dikwels saam met Sangiro deur die land.

In 1928 reis hy weer terug in Kiel en doen nou alles in sy vermoë om so gou as moontlik na sy geliefde land Afrika terug te keer. Vir Aschenborn se ontsaglike verlange na die sonneland het ons talryke bewyse. In 'n brief aan Prof. Grosskopf kort voor sy dood, lees ons: „Sie glauben garnicht wie wir uns nach dort zurück sehnen! Ein trostloser Winter Nebel -- Halb Schnee -- Halb Regen. Grau ..... Wir sehnen uns also doppelt und dreifach hinaus..." (21.1.31).[33] Die beste uitdrukking aan sy gevoelens gee hy miskien in sy boek <u>Die Adelaar en ander Afrikaanse Diereverhale</u>: „... Noudat ons hier in die sonlose Duitsland saamgehok sit soos agter 'n Sjinese muur, lok die heimwee dubbel so sterk weg oor die oseane in die sonnige wye wêreld ..... soos die verlange van 'n adelaar /

32) H.A. Aschenborn: <u>Vom Kilimandscharo zu, Nil durchs verbotene Afrika</u> - 'n Koloniaal-film van die destydse Duits-Oos Afrika. Manuskrip en dramaturgie: P.R. Rosker. Okt.1924-Maart 1925.

33) Sien bylae Nr.1, bl. 178

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



adelaar wat uit sy onmeetlike ryk in die lug agter knellende ystertralies verban word." 34)

Uit 'n berig van Otto Mühr, weet ons dat Aschenborn nog kort voor sy dood die plan gehad het om met 'n vriend die bekende skrywer, Arthur Heye, te perd van Berlyn na Kaapstad te ry. Te perd wou hulle deur die voormalige Duitse koloniaallande ry en die volkere daarin leer ken. Aschenborn en Heye was gereed vir hierdie reis. Die ou droom van die "Schutztruppler" sou bewaarheid word, maar is deur Aschenborn se ontydige dood onderbreek. Hy beswyk skielik na 'n galsteenoperasie, 'n kwaal wat hy in die trope opgedoen het. Hy het nog lank teen hierdie siekte geveg en het tot kort voor sy dood lesingreise in Duitsland onderneem om belangstelling vir Suidwes te wek. Op 10 April 1931 is hy oorlede. Op 13 April 1931 hou Dominee Hans Hasenkamp, wat vir Aschenborn destyds ook in die huwelik bevestig het, die begrafnisrede.

Deur vriende se hulp, slaag Emmy Aschenborn na haar man se dood, om weer na Suid-Afrika te kom. Haar seun Wulf, werk by 'n familie op die plaas "Swerwerskraal", naby Potgietersrust. Mev. Aschenborn is ook eers daar woonagtig, totdat sy daarin slaag om self 'n plaas in die nabyheid te koop, wat hulle Bornhöved noem.

## (d) Die drie Skeppingsfases in die lewe van H.A. Aschenborn.

Volgens M. Moers 35i) is dit wesenlik dat die mens se aktiwiteite volgens sy geestelike ontwikkeling groei.

Dit /

34) H.A. Aschenborn: Die Adelaar en ander Afrikaanse Verhale Nasionale Pers, Kaapstad, 1923.

35i) Moers, Martha: Die Entwicklungsphasen des menschlichen Lebens. (Kronenburger Schriften) Aloys Henn Verlag Ratingen, 1953.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016


Dit is opvallend hoe helder die verskillende skeppingsfases in die lewe en werk van H.A. Aschenborn kan omskryf word. Sielkundig gesien, stem die veranderings, wat volgens Moers in die gemiddelde mens plaasvind, ooreen met die ontwikkeling van Aschenborn.

Die kind sien en reageer realisties. Dan word die "ek" ontdek. Volgens Moers se studie duur die eerste stadium van puberteit en adolesensie tot by die 20ste lewensjaar.

Die jongeling is hartstogtelik en verander in 'n idealis. Die puberteit en adolesensie is 'n voorbereidingstydperk vir die lewe en veral vir die geestelike bestemming van die mens. Ook is daar 'n voortdurende neiging na die verowering en bemeestering van die wêreld. Die jongeling skep en werk met die doel na die voleinding van sy bestemming. Aschenborn deurleef so ook sy hele jeug as 'n voorbereiding vir sy ideaal om uiteindelik na Afrika te gaan. Hy besoek 'n landbouskool, neem aan militêre oefeninge deel en is oor die algemeen uiters aktief. Geestelik hou hy hom besig met skilder en skryfwerk. Daar is steeds 'n sekere onrus en "Wanderlust" by hom bespeurbaar en hy is gevul met heimwee en verlange na iets onbepaalds: in hierdie geval, na 'n onbekende land. Afrika, wat hy alleen uit die verhale van sy vader en grootvader ken, lok hom met al sy uitdagings en awonture.

Die eerste groot skeppingsfase, die sogenaamde "Sturm und Drang" periode, duur omtrent tot die 28ste lewensjaar. By Aschenborn val hierdie fase omtrent in die jare van sy vertrek na Afrika tot in 1913.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016




Sketsmatige lewensloop en die drie belangrikste skeppingsfases van die kunstenaar, H.A.Aschenborn.

Die tweede groot skeppingsfase val in die jare van die volwasse manlikheid d.w.s. tussen die 30ste en 40ste lewensjaar. By Aschenborn omsluit dit die tyd in Quickborn en die tweede wêreldoorlog, d.w.s. van 1913-1918, waarin hy trou, sy plaas opbou en uiteindelik die ontberinge van die oorlog leer ken.

In hierdie stadium begin die mens nadink oor die begrensdheid van die lewe, oor die verganklike. Hy voel sy innerlike eensaamheid en is onseker. Wanneer hy begin nadink oor die sin van die lewe, kry die godsdiens skielik vir hom 'n betekenis. Soms moet hy geweldig veg om tot 'n erkentnis te kom, maar daarna tree 'n tyd van rus en stabiliteit in. Nou is die mens die meeste egosentries ingestel. Dat Aschenborn wel

baie /

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


baie gemediteer het oor die sin van die lewe en oor die begrensdheid daarvan (gedurende die oorlogstydperk en daarna veral) is nie te betwyfel nie, maar hy het altyd 'n humoristiese houding ingeneem en alle probleme ook van 'n positiewe kant benader.

As man is die mens skepties. Hy is onseker of die middel tot die doel reg was.[35ii)] Aschenborn verkoop sy goedere en trek eers na Stellenbosch waar hy later besluit om na sy ouerhuis in Kiel terug te keer. Hy mag noodwendig ietwat skepties word, toe die oorlog uitbreek, sy huis geplunder word en hy 'n lang tyd in die konsentrasiekamp moet sit, terwyl sy vrou en klein kinders sonder inkomste is.

Die stadium van die ouderdom val by Aschenborn weg, aangesien hy vroeg oorlede is.

---

35ii) Knittermeyer, H.: <u>Philosophie der Lebensalter</u>, Oldenburg, 1944.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK II

## (a) H.A. Aschenborn se plek as kunstenaar in die Suidwes-Afrikaanse Kunsgeskiedenis.

In Afrika was dit die naturel wat as eerste begin het om die simbole van hul rites, vrese en gelowe panteïsties te benader. So ook benader die blanke kunstenaar in Suidwes-Afrika die kuns deur die natuur. Omdat hy geensins dieselfde probleme ken waarmee die groot-stedelike mens te kampe het nie, wy hy sy hele aandag aan die natuur wat hy ken en wat hom heeldag omgewe.

Die heel eerste kunstenaar van wie ons in Suidwes-Afrika weet, is John Thomas Baines (1820 - 1875). Ons weet reeds dat hy die grootoom van Aschenborn, E. Mohr, begelei het op sy ekspedisies na Midde-Afrika. Hy het sy waarneminge in die natuur opgeteken in sy boek "Travels in South West Africa". Hy is die vertolker van die Suidwes van die vorige eeu, in sy nog primitiewe staat.

Eers sestig jaar daarna volg kunstenaars soos Ernst Vollbehr (1876 - 1960), wat slegs bekend is vir sy sketse van die diamantbedrywighede.

Erich Mayer (1876 - 1960), wat later na die Unie gaan, het om gesondheidsredes na Suidwes gekom. Hy maak interessante sketse van die lewe in die omgewing van Windhoek en die distrik Rehoboth.

Die werklik eerste groot skilder is Axel Eriksson (1878 - 1924) wat as jagter en Safari-leier, sy vader se voetspore opgevolg en ook geskilder het.

Twee /

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Twee van sy vriende ken 'n beurs aan hom toe, sodat hy in Duitsland kan studeer. In 1910 keer hy na Suidwes terug, kort voor die aankoms van Carl Ossmann, wat ook om gesondheidsredes as perskunstenaar hierheen gekom het en wat later hoofsaaklik landskapskilder geword het. Hy lewer 'n heel nuwe, byna impressionistiese siening van die land. In sommige van sy werke herinner hy 'n mens partykeer aan Pissarro, maar ook die "Jugendstil"-metode is hier en daar in sy werk bespeurbaar.

Hendrik Pierneef (1886 - 1957) het twee jaar in Suidwes deurgebring en het sommige van sy beste werke daar gelewer. Tog het sy werk nie tipiese Suidwes-Afrikaans geword nie. Interessant is die verwantskap met H.A. Aschenborn, wat bespeurbaar is veral in die linoleum- en houtsneë. Ons sal op hierdie verskynsel later ingaan.

In 1936 vestig Adolph Jentsch hom in die land. Ook hy lewer 'n heel nuwe en eie beskouing van die land in sy vertolking van ruimte en die vergeestelike inhoud daarvan. Sy kuns kan miskien beste verstaan word wanneer mens hom self daaroor laat praat: ".... Indien 'n skildery die toeskouer ontroer, is dit die kunstenaar se siel wat hom ontroer. Beweging is 'n innerlike krag; deur waar te neem en die waargenome in kleure uit te druk, word daardie krag uitgestort. Dit wat deur innerlike krag ontroer, is die deel wat met die grootste terughoudendheid geskilder is. Die indruk van die vanselfsprekende of oppervlakkige vervaag mettertyd. Mens skat nie die kapasiteit van 'n fles volgens sy uiterlike voorkoms nie, dog volgens sy volume. Die maat van innerlike krag is die maat van vorm. Die vorm van die beeld word

'n /

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

'n boodskap van 'n diepe ervaring en verhewe waarneming. Stellings in kleur is simbole van innerlike sensasies en ervarings. Die kunstenaar word vorm. Die geskilderde boodskap is deel van sy natuur, die natuur wat in en om hom is, en openbaar die aard en die toestand van sy gees." 36)

Fritz Krampe (geb. 1913) is 'n skilder van die dierewêreld. Hy skep baie sensitiewe en liriese tekeninge. Die sketse wat hy buite maak, verwerk hy in die ateljee — in teenstelling met Jentsch. Krampe kondenseer en vereenvoudig en toon groot talent as illustrator. Hy kom eers in 1950 na Suidwes. Hier begin hy om die dierewêreld te bestudeer. Hy maak ook reise na Oos-Afrika en ander dele en leer so die hele land intensief ken.

Joachim Voigts (1907 geb.) is bekend vir sy uitstekende grafiese werk, veral die houtsneë, waarin hy hoofsaaklik die dierelewe weergee. Voigts is 'n eerlike en openhartige kunstenaar. Behalwe vir sy grafiese werk slaag hy daarin om woestynlandskap van die Namib in stemmingsvolle waterverfsketse weer te gee.

Otto Schröder, wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog na Suid-Afrika gekom het en hom in 1947 in Suidwes vestig, toon in sy skildery die natuur as middelpunt. Hy is egter ook bekend vir sy goeie portretstudies.

Alhoewel Heinz Pulon een van die jongere kunstenaars van Suidwes is, en dus 'n meer moderne tegniese opvatting het, stel hy, net soos al die bogenoemde kunstenaars, die landskap as hooftema in sy kuns.

Kenmerkend /

---

36) Kunstenaars uit Suidwes-Afrika, Lantern, Julie - Sept. 1957, Jg. 7, Vol. 7, No. 1, bl. 67-71.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

Kenmerkend van die Suidwes-Afrikaanse kunstenaars is die eenheid in hulle temas en die feit dat hulle almal, ten spyte van alle nuwe rigtings en neigings in die kuns, die karakter van hulle land realisties wil bewaar. Mynsinsiens is dit hul sterkte, want al is daar tematies weinig wat as nuut beskou kan word, hou die opvatting van tegniek en vorm baie moontlikhede vir die toekoms in. Dit is interessant hoe in elk van hierdie kunstenaars die eie lewe intensief met die kuns verbind is. Baie van hulle was jagters of Safari-leiers en het sodoende die land, sy diere, plante en mense leer ken en is hulle deur hierdie verskeidenheid en kleurrykheid geïnspireer om te skilder.

Aschenborn vorm, wanneer ons na die werke van bogenoemde kunstenaars kyk, geen uitsondering nie. Hy is één van die groep. Soos Eriksson was hy 'n jagter en swerwer en het op sy togte intensiewe studies van mens en dier en landskap gemaak. Hy kon sekerlik 'n skilder soos Fritz Krampe inspireer met sy wildedieresketse. Vergelyk byvoorbeeld die waterverfsketse soos bv. Mtoto en Chiri (Sien Afb.IIX) van Aschenborn met die ..nosters (Sien bl. 165) van Krampe. Albei werke hou dieselfde sensitiwiteit in en is ewe liefderyk ondervind.

Soos Ossmann, het sekere werke van Aschenborn ook 'n byna impressionistiese inslag, byvoorbeeld Nagtelike Trek deur die Vlakte,(Sien bl. 45 ) waarin hy dieselfde dynsige kleure, dieselfde kollerige tegniek en dieselfde romantiese stemming toon wat ons in meeste van Ossmann se werke teëkom. Hulle was dan ook tydgenote en het mekaar in die kameelruitergroep in die Kalahari leer ken en waardeer.

Die /

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

Die grafiese werk wat Pierneef in Suidwes gedoen het, dateer uit 1924 en 1925, en verskil in wese nie van sy houtsneë voor daardie tyd nie. Alhoewel Pierneef dus reeds voor 1919 meeste van sy houtsneewerk gedoen het, is dit moontlik dat daar 'n wedersydse invloed tussen die twee kunstenaars, Aschenborn en Pierneef was. Soms is 'n verbluffende ooreenkoms tussen beide se werk bespeurbaar, vergelyk byvoorbeeld Aschenborn se Stormagtige landskap [37] met Bosveld [38] van Pierneef. Albei toon 'n uiters kragtige, monumentale opvatting van die Suid-Afrikaanse landskap. Hulle is ewe direk en opreg in hul benadering —ook is albei se werk essensiëel Afrikaans. Die hout en linoleumsneë word later in hierdie hoofstuk nog in besonderhede bespreek.

Soos Jentsch, het ook Aschenborn daarna getrag om ruimte stemmingsvol weer te gee, en kan ons die woorde wat Jentsch oor sy kuns geuit het, goed toepas op die landskapstudies van Aschenborn: „... Die vorm van die beeld word 'n boodskap van 'n diepe ervaring en verhewe waarneming." [36]

Aschenborn is dus nie uniek in Suidwes-Afrika nie. Hy vorm 'n skakel in die ry van jagter-boerskilders van die land. Soos by alle tipiese Suidwes-kunstenaars, vorm die lewe, kuns en natuur by hom 'n eenheid en is sy kuns 'n spieël van sy lewenservaring.

(b) /

37) Stormagtige landskap.

38) Pierneef: Bosveld. Houtsnee, Afdruk in J.F.W. Grosskopf: Pierneef. J.L. van Schaik Bpk., Pta, 1945, bl. 37.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


(b) 'n Kort inleiding tot die verskillende media in die kuns van H.A. Aschenborn.

Die beste werke van die kunstenaar is nie noodwendig sy olieverfskilderye nie, alhoewel ons uit later jare, veral uit die tweede Kiel-periode en uit Oos-Afrika besonder sterk voorbeelde daarvan besit. By nadere studie merk mens op dat temas wat die kunstenaar in olieverf weergee, gewoonlik reeds in waterverfstudies, sketse of grafiese werk bestaan.

Aangesien Aschenborn feitlik geen opleiding in die skilderkuns gehad het nie, moes hy elke tegniek self leer aanwend en varieer.

(i) Aschenborn se olieverftegniek is in die beginstadium dikwels lomp en onbeheersd. Die kleure word weinig gemeng, en net soos hulle uit die buisie kom op die doek neergesit, bv. Blomtuin (sien bl. 38 ). Daarna tree 'n verfyning in; en die kunstenaar werk met dun lae olieverf. Sy tegniek pas gaandeweg aan by sy veranderde sienswyse terwyl hy skilder. Die onderwerp word meer dromerig aangevoel, en die tegniek kom meer beheersd tot uitvoering; die tekstuur word gladder en die penseelstreke fyner en korter bv. Ossetrek (Sien bl. 45 )

Die tweede keer in Kiel, en later in Oos-Afrika, beheers hy die olieverftegniek volkome en is sy werke selfversekerd en sterk ekspressief. Met breë, fors hale skets hy die rit deur die herfswoud, vol beweging en lewenskrag. Die Kibo (Sien Afb. LIII) gee hy in sy diep geheimsinnigheid en stille rus weer. Die medium is nou nie langer 'n hindernis

om /

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om volle uitdrukking te gee aan gevoel en stemming nie.

(ii) Die waterverfskets is weer vir Aschenborn die medium om die vlugtige, die verganklike en awontuurlike vas te hou. Veral is die tegniek geskik vir sy geliefde tema van die herfsjagrit. Hierdie beweeglike oomblikke sou hy nooit op so 'n impressionistiese wyse in 'n olieverfwerk kon weergee nie. Ook slaag hy dikwels beter in die waterverfskets daarin om die sondeurdrenkte vlaktes weer te gee — terwyl 'n olieverfweergawe daarvan op dié tydstip miskien te staties sou lyk. In die beginstadium is sy waterverfsketse dikwels nog droog en onhandig, te styf. Maar later in Kiel (± 1922) word hulle los en vry. Hulle is dikwels meer oortuigend as sy olieverfwerke, selfs uit daardie periode. Die waterverfskets is gewoonlik klein en het dus reeds meer, as die groter olieverfwerk, 'n illustratiewe formaat. En soos ons gaandeweg sal sien, is Aschenborn groots op die gebied van die illustrasie.

(iii) Sy heel beste selfstandige werk lewer Aschenborn sekerlik as grafiese kunstenaar. Daarin kom sy kunstenaarstalent tot volle ontplooiing.

Die linoleum en die houtsnee is die geskikte medium vir 'n omgewing sonder enige wasige bloutes, 'n wêreld waarin selfs 'n baie wye landskap gekonsentreerd lyk. Huise teen die horison en berge in die verte lyk van naby nie minder skerp nie.

Die styl wat hierdie konsentrasie, met die gevoel van die nabyheid van elke voorwerp wil uitbeeld, moet gelei word deur 'n skerp intellek wat die harde ekspressiewe verkies bo die romantiese spel. Die begrensing van swart en wit verhoog die intensiteit van gevoel en uitdrukking. Kleur mag ook slegs dien om

die /

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die gevoel van konsentrasie te verhoog. Die lewensgevoel van die kunstenaar word gevoer na 'n besef van oneindigheid, besluit deur 'n klein stuk van die eie omgewing.

Kleur het dus 'n eie wesenswêreld met eie wette. Elke kleur streef na eie handhawing. Wanneer die kunstenaar 'n landskap sien, is dit sy taak om al die fisiese effekte saam te vat, sodat geeneen buite die raamwerk ontsnap nie. Kleure moet as ligbronne die lewe lei na één sentrum.

By Pierneef het die houtsneë alhoemeer monokroom geword en is volledig deurgevoerde argitektoniese strukture volgens geometriese patrone. Die ordende gees het die landskap so suiwer deurgekyk dat sy innerlike patroon na buite tree. Aschenborn maak hoofsaaklik linoleumsneë, waarin die kunstenaar, reeds vanweë die sagter materiaal, veel leniger en beweeglik kan wees. By Aschenborn speel die gevoel altyd die hoofrol. Tog is sy bome kragtige reuse wat die vlaktes oorheers. Die dekoratiewe element is ook sterk in Aschenborn se linoleumsneë, maar altyd word die intellek oorheers deur die gevoel. Die vergroeidheid met die natuur vorm die inhoud. Aschenborn se werke is minder gekonsentreerd, en daarom minder gespanne. Hy gee byvoorbeeld die buffel gemoedelik, die bokkie onbevange, weer. Ook gebeur dit dat 'n onderwerp, met die golwing van die landskapslyn buite die raam voortgesit word. Volgens Bouman is Aschenborn se linoleum- en houtsneë „soos 'n lied wat in vele hoeke weerklink". Die atmosferiese en die lig is by hom van intense krag en skoonheid. Sy vormspraak is gelukkig, daar word min besonderhede gegee en weinig geredeneer.

Aangesien /

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aangesien Aschenborn eers in sy later jare met die tegniek die linoleumsnee, die ets, die kopergravure en die litografie begin, het ons uit sy beginperiode weinig voorbeelde.

Alhoewel daar in verskeie geskrifte van Aschenborn se houtsneë gepraat word, kon ek geen voorbeelde daarvan opspoor nie. Die jongste seun H.J. Aschenborn, beweer ook dat hy nie kan onthou dat sy vader ooit iets anders as 'n linoleumsnee gedoen het nie. Daarom kan aangeneem word dat by die benaming "Wood-engraving", destyds (± 1920 - 30) ook die linoleumsnee bedoel, of selfs slegs die linoleumsnee bedoel is, aangesien die tegniek van laasgenoemde nog iets nuuts was en die resultaat baie soos dié van die moderne houtsnee gelyk het.

Toe Aschenborn in 1922 weer in Kiel is, skryf hy nog steeds boeke en verhale, maar hy betree nou die nuwe gebied van die etskuns en die kopergravure. Daarin beeld hy veral die dier uit en wel dikwels as herhalings van vroeëre sketse van dieselfde onderwerp. Volgens die voorbeelde wat ons in hierdie medium van hom besit, skyn dit egter asof die kunstenaar nou eers in sy regte element beland het. Deur middel daarvan is hy in staat om baie fyn sensitiewe lyntekeninge te skep. In teenstelling met die hout- en linosnee wat uiters kragtige en ekspressiewe medium is, en groot en breë vlakke vereis, word deur middel van die ets 'n poëtiese en liriese stemming behaal. Fyn nuanses kan omskrywe word, in teenstelling met die skerp kontraste in lig en skaduwee by die hout- en linoleumsnee. In die ets kom die tekentalent van 'n kunstenaar duidelik tot uitdrukking. Daar is natuurlik verskillende metodes in die ets- en

kopergravuurkuns /

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

kopergravuurkuns en almal gaan met groot moeite en sorgvuldigheid gepaard. Die verskillende tegnieke het almal ten doel om die stemming van die toneel wat hul omskryf, so naby moontlik realisties en treffend weer te gee. Ook is daar 'n groot verskil tussen die handdruk en die masjinale druk. Laasgenoemde kan nooit die skoonhede wat meer volkome deur die kunstenaar se eie hand uitgebring word, oortref nie.

Noemenswaardig van die ets en die kopergravure is verder, dat die rand daarvan nooit afgesny word nie, om die kontras tussen die sagte kleurnuanse en die wit omgewende rand te behou.

Die <u>etstegniek</u> behels min of meer die volgende:[39i & ii)] 'n Koperplaat word aan die een kant gladgemaak en van 'n etsgrond voorsien (bv. was), wat die plaat teen die inwerking van sure beskerm. Die kant wat bewerk moet word, word met 'n kersvlam swartgerook. Die etsgrond is na afkoeling hard, maar nie bros nie, sodat mens met 'n fyn etsnaald daarop kan inteken, totdat die koper sigbaar word. Deur die teenstelling in kleur van die swart etsgrond en die koper, kan die etser goed sien wat hy teken. Is die tekening gereed, word die plaat in 'n bak met etswater (bv. verdunde salpeter of soutsuur) gelê, en word die koper waar dit sigbaar gemaak is, weggebyt. Daar ontstaan nou net soveel kanaaltjies in die plaat as wat daar lyne in die tekening was. Die duur van dié proses hang af van die diepte van die lyne wat vereis word. Die kunstenaar kan sekere dele afdek wat diep genoeg gevreet is, en ander

nog /

---

39i) E. Mayer: <u>Die Etskuns van H.A. Aschenborn</u>, Die Huisgenoot, Dl. VII, No. 75, Julie 1922, bl.91.

39ii) P.T.A. Swillens: <u>Encyclopedie van de Schilderkunst en aanverwante kunsten</u>, Prisma Boeken 499, Utrecht.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nog langer aan die suurgrond blootstel.

Nou word die etsgrond van die plaat gewas en die ingeëtste lyne deur middel van 'n tampon met ink gevul. Daarna word die plaat deur 'n etspers op fyn papier wat vooraf vogtig gemaak is, afgedruk. Daar moet 'n duidelike verskil gemaak word tussen die kopergravure (Duits: Stich) en die etstegniek (Duits: Radierung). In laasgenoemde word die lyn nie ingesny of ingekrap nie - dit word deur 'n suur ingevreet — dit is nie graveerwerk nie. By 'n kopergravure word dit direk in die koper ingekras of graveer deur middel van 'n skerp instrument. Aschenborn het veral van eersgenoemde gebruik gemaak. In teenstelling met die kopergravure waar die lyne direk in die harde koper gekras of gesny word, bied die etsgrond die kunstenaar weinig of geen weerstand nie en kan hy die etsnaald geheel vry in alle rigtings laat beweeg. 'n Kopergravure word gekenmerk deur die streng reëlmaat en onbeweeglikheid van lyne.

Die litografie of steendruk vereis 'n heeltemal ander tegniek, maar die resultaat kan slegs deur 'n kunskenner onderskei word van die ets en die kopergravure. Aangesien die steenplaat 'n sagter oppervlakte het as die koperplaat van die ets, kan daar 'n nog fyner vorm bereik word en is die effek van die druk sagter en meer stemmingsvol. Dit verloor die hardheid wat die moeilike tegniek van die ets en gravure soms meebring. Die korrelrige resultaat van die litografie doen dikwels soos 'n houtskooltekening aan. Met pen of kryt word 'n tekening op 'n gladgemaakte kalksteenplaat gewerk. Aschenborn wend veral die kryttekening-metode aan op 'n ietwat growwer kalksteenoppervlakte. Dit is die aan-

gewese /

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewese illustrasie - litografie. Aangesien die kryt vry en maklik kan beweeg, word die strakke effek van die kopergravure hier oorkom.

In Aschenborn se benadering, veral 'n landskaplike benadering, van Suidwes as bodem van sy kuns, was die kunstenaar net so eg of selfs egter in sy verbondenheid aan die land as menige ander Suidwes-Afrikaanse kunstenaar. Soos Jentsch, wat hom eers veel later in Suidwes neergelaat het, het Aschenborn 'n heel eie "Suidwes-styl" ontwikkel.

Deur sy wye ervaringe in die verskillende media, soos die waterverf, die olieverf en die grafiese tegnieke, behaal die kunstenaar uiteindelik die hoogste sukses. Sy olieverftegniek is die mees realistiese en verantwoorde vorm, alhoewel die kunstenaar nogtans daarin soms heeltemal ekspressief kan raak — byvoorbeeld in sy perdetonele. Sy waterverftegniek is lig en vol atmosfeer — meestal impressionisties van karakter, terwyl die grafiese werke Aschenborn se waardigheid as tekenaar openbaar. Hierin moet die kunstenaar met die mees ekonomiese middele, die essensiële raaksien en die tiperende van die onderwerp uitbeeld.

Dit kan wel beweer word dat Aschenborn as <u>grafiese</u> kunstenaar <u>die</u> groot Suidwester is wat ver buite die grense van sy tweede tuiste en nuwe vaderland bekend geraak het.

In die volgende hoofstukke word meer in besonderhede op enkele werke ingegaan.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK III

## 'n Waardering van die Kuns van H.A. Aschenborn

(a) Die Vroeë Jare en

(b) Sy Suidwes-Afrikaanse Beleefnis. (Die Landskap)

Aangesien Aschenborn sy hoogtepunt as illustrator en grafiese kunstenaar bereik het, word die werke daarvolgens bespreek: eers die olieverfwerke (i), dan die waterverfstudies (ii), en laastens die grafiese werk (iii).

(i) Die eerste olieverfwerk wat Aschenborn blykbaar ooit gedoen het, toon 'n Blomtuin [40] in Kiel. Die boonste derde van die skildery gee vir ons 'n uitsig oor die bont stralende blomme, na die Oos-see. 'n Mens kyk van die Schilkseestrand na die Kielse Aussförde. Ongetwyfeld is die inhoud nog heeltemal Europees, onbeïnvloed deur die Afrikaanse beleefnis.

'n Soortgelyke skildery, tegnies en komposisioneel nog onvolwasse, is in die besit van die jongste seun in Pretoria.[41] Die geheelindruk van albei werke is egter opgewek en bekoorlik.

Verder uit die beginperiode stam die Huis

en /

40) Blomtuin.

41) Blomtuin.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en Tuin [42] wat óf die ouerhuis, óf die buurman se huis moet voorstel. Dit is somer en die helder groen omgewe die meer van weelderige blomme wat veral in die kleure geel en pers, in die voorgrond blom. Die tegniek is nog ietwat lomp en wisselvallig - tog skemer hier en daar reeds sterk ekspressionistiese trekke deur. In die bome en blomme is die olieverf dik aangewend, sekerlik om die weelde daarvan te beklemtoon. Die huis en die gras is met fyner en gladder penseelstreke geskilder.

Tipies vir die jeugperiode is die helder en opgewekte kleure van die somer wat die kunstenaar bekoor, die weelderige en die gesonde. Ook op sy plaas in Quickborn, skets hy sy pragvolle blomtuin dikwels.

In die landbouskool te Witzenhausen skilder Aschenborn die Werra-brug (Afb. IV). Die werk moes in die jare 1905 - 1907 geskilder gewees het, toe die kunstenaar sy landbou-opleiding as voorbereiding vir Afrika gekry het. Die toneel is vanuit die venster van die landbouskool gesien en toon die rivier en die brug oor die Werra-rivier. Die woonhuis van die masjienfabrikant Völke is aan die ander kant van die brug sigbaar. 'n Paar mense en 'n koets beweeg daaroor. In die agtergrond is vaag 'n heuwel aangetoon.

Die toneel is in die aandstemming geskilder en is ietwat romanties benader. 'n Soort heimwee na stilte en na die natuur is voelbaar. Die gloed van die ondergaande son weerkaats blink in die water onderkant die

brug./

---

42) Huis en Tuin.

Afb. IV, bl.39a: Werra-brug.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016



IV



V

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



brug. Aschenborn moes op daardie tydstip heelwat beïnvloed gewees het deur die Impressionisme, wat in sy jeug in Europa in volle swang was. Heel aan die regterkant van die skildery, in die blink oppervlakte van die water, wend hy duidelik die stippeltegniek van die Pointilliste aan. Deurdat hy 'n geel stippel langs 'n rooie plaas, behaal hy 'n oranje effek, wat die glinstering van die sonstrale laat reflekteer. Ook is die lug gevul met die dynserige skyn, wat so kenmerkend is van die Impressioniste, soos onder andere by Monet en Pissarro.

Die brug gooi al diep skaduwees, wat aantoon dat die aand nader. Die kleure wissel van 'n diepgrys in die steenbrug en die huis, na 'n helder oranje in die hemel wat donkerder word in die water.

Die werk is tegnies, sowel as wat die benadering van die onderwerp betref, baie onvolwasse. Daar is nog nie die sekerheid, wat later in werke soos die <u>Altmarkt in Kiel</u> (Sien Afb.XXVIII) kenmerkend is, te bespeur nie. Hierdie sekerheid en krag makeer ook in die tegniek.

Noemenswaardig is egter die kontras in kleur en in die lig-en-donker, wat iets van die geheimsinnige en swaarmoedige van so 'n someraand inhou, asook die kontras tussen die heeltemal vlak en fynbehandelde hemel en die malende, vibrerende water onder die brug. Deur hierdie kontraste in kleur en lig word die toneeltjie belewe en het 'n fyn dramatiese noot ingesluip.

Uit die eerste jare van Aschenborn se jeug, d.w.s. uit sy opleidingstydperk, kon ek geen verdere olieverfwerke opspeur nie. Die vroegste oliewerk het op sy plaas Quickborn ontstaan en toon 'n <u>Naturel met</u>

<u>Aschenborn</u> /

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

Aschenborn se twee oudste seuns (Afb. V), wat te perd 'n rivier deurkruis. Agter en langs hulle loop 'n paar opgesaelde perde deur die hangende takke van wilgerbome, wat 'n blik op die werf toelaat.

Die kleure in hierdie werk is intens en eintlik baie on-Afrikaans. Dit lyk soos 'n Noordduitse plaastoneel. Ook tegnies is hierdie werk nog nie van die beste nie. Die olieverf is dik en byna ruig aangewend. Tog is dit reeds baie meer gevorderd as die werk van die Werra-brug. Dit word veral duidelik wanneer mens na die behandeling van die water kyk. Met sekere, breë hale word die ligrefleksies daarin weergegee. Die toneel is heelwat meer realisties as dié van die Werra-brug.

(ii) Die waterverfsketse wat Aschenborn van sy huis en plaas Quickborn gemaak het, is reeds in die inleiding genoem. Hulle is geen goeie voorbeelde vir die skilderstalent van die kunstenaar nie, maar kan as 'n soort dagboek in kleur vir sy eerste jare op die plaas en in Suidwes dien. Hy teken nog die Woonkamer [43] van Quickborn in 1914, blykbaar gedurende die kersgety, aangesien 'n kransie van groen dennetakke die tafel versier. Die skets is baie swak.

Uit dieselfde jaar stam die werkie van Emmy met die ghitaar voor die brandende kaggel, [44] wat tegnies /

---

Afb. V, bl. 39a : 'n Naturel met Aschenborn se twee oudste seuns.

43) Woonkamer.

44) Voor die Kaggel.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tegnies ook nie van baie hoogstaande waarde is nie, maar wat tog stemmingsvol aandoen. Die warm lig van die vuur gooi 'n rooi gloed deur die kamer en laat so elke voorwerp lewe.

Die mooiste werkie uit hierdie serie is die toneel in die Kombuis (Afb. II), wat reeds beskryf is. 'n Verdere klein skets gedoen vanaf die stoep van die huis, gooi 'n blik in die ryk en kleurvolle blomtuin. Die gemsboktrofee teen die muur van die stoep herinner mens daaraan dat Aschenborn 'n hartstogtelike jagter was.

'n Baie stywe klein waterverfskets toon die huis ook van buite.

(iii) Van enige Grafiese werk bestaan uit die vroeë periode geen voorbeelde nie.

(b) Die Suidwes-Afrikaanse Beleefnis (Die Landskap).

In die skildering van die Suidwes-Afrikaanse landskap was Aschenborn intens Afrikaans. Soos min skilders in Suidwes, slaag hy daarin om die tipiese wye en sonnige atmosfeer van die land weer te gee. Hy was self 'n sonnige en vrolike mens en het hom heeltemal ingeleef en aangepas by hierdie landskap. Dit het deel van homself geword. Meestal skilder hy die Suidwes-landskap tesame met een of ander diertoneel of ossetrek, maar ons besit van hom ook talryke eensame en selfstandige landskapstonele, waarin die /

---

Afb. II, bl. 8a : In die Kombuis.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die rus, die sonnigheid en die wydte van die land die hooftema word.

(i) Die Omatakovlakte (Afb. VI) is een van sy mooiste landskapstonele in olieverf. 'n Wye vlak landskap wat slegs deur 'n paar doringbome links en 'n hoë miershoop onderbreek word, word getoon. In die agtergrond is die spits top van 'n berg sigbaar. 'n Wolkelose hemel oordek die hoë golwende grasvlakte. In hierdie volwasse en stemmingsvolle werk, wend Aschenborn 'n breë, fors tegniek aan. Die wolkelose hemel ontwerp hy deur 'n zig-zag behandeling met 'n breë kwas. Daardeur behaal hy die effek van die silwer flikkerende somerlig.

Nog 'n Vlakte (Afb. VII) in die besit van die tweede seun, moet in die vroeë jare in Suidwes geskilder wees, aangesien dit nog 'n taamlik ongeskoolde tegniek opwys. In die oorheersende geel lê die groot blydskap van die skilder oor soveel son. Hierdie geel word meer intens gemaak deur 'n hoë diepblou hemel.

Die /

---

Afb. VI, bl.43a : Omatakovlakte.

Afb. VII bl. 44a : Vlakte.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






VI

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die landbouskool te Witzenhausen besit ook 'n Suidwes-landskap (Afb. VIII) wat, in vergelyking met meeste van Aschenborn se landskapstonele, heelwat belewe is. In die agtergrond sien ons 'n hartbeeshuisie, links en regs van die sandpad waarlangs 'n ossewa trek, wei skape,



VIII

perde en beeste. Twee herders sit op klippe langs 'n groot aalwyn. Die vlakte word deur heuwels onderbreek wat in die agtergrond in hoë berge oorgaan.

Dikwels verbind die skilder die landskapstoneel met 'n trekkende ossewa of 'n kamp voor 'n vuur, wanneer die osse swaar en moeg, weiding soek. Maar weer en weer herhaal hy die tema van die ossewa wat deur die vlakte trek, stadig en vredevol.

Een van die mooiste voorbeelde met hierdie tema is die Ossetrek deur die Vlakte [45] van 1930. Tegnies een van sy rypste werke, is dit ook gevul met die wilde verlange wat die skilder in daardie jaar voor sy dood na Afrika getrek het.

'n Aandstemming word weergegee, terwyl 'n ossewa stadig deur die vlakte trek en sy wiele diep deur die sand maal. Alleen die stem van die drywer verbreek nou en dan die stilte:

"... In /

Afb. VIII, bl. 44 : Suidwes Landskap.

45) Ossetrek deur die Vlakte.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



VII

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"... In langer Reihe ziehen sie schwer
Den Wagen langsam durchs Gräsermeer,
Durch rote, sandig zerfahrene Pad,
Mahlt langsam, so langsam das Wagenrad...."[46]

In die agtergrond gloei warm die laaste aandgloed op die bergtoppe. Hier en daar val nog 'n sonstraal soek-soek oor die ossewa. Die vlakte voor lê egter reeds in die skaduwee, en 'n koelerige luggie trek daaroor. Links en regs van die ossetrek staan verenkeld 'n paar doringbome. Geen wolke versteur die sagte dynserige blou van die hemel, waarin die geel van die ondergaande son liefderyk opgevang is.

Die dele wat nog deur die sonstrale bereik word, is in 'n intense oranje gegee wat in die skaduwee oorgaan tot 'n sagte pers en in die geelgroen van die ossewa. Die vlakte voor, en die doringboompies wat reeds die aand aandui, is sag pastelgekleur in 'n oker en 'n donker bot-telgroen.

Tegnies behoort hierdie werk tot sy bestes. Terwyl die kunstenaar die voorgrond in golwende breë kwasstreke skilder en die effek van bewegende gras in die wind gee, skilder hy die agtergrond fyn en sensitief. Die pen-seelstreke word alhoe fyner namate die horison nader. Die hemel is net 'n dun laag olieverf, waarin mens die penseelstreek gladnie meer kan waarneem nie.

As bogenoemde werk met die <u>Nagtelike Reis deur die Vlakte</u>[47] vergelyk word, sien mens tematies geen ver-

skil /

46) <u>Der Ochsentreck,</u> uit: Die Zweite Heimat, verlag: Heinz Lafaire Orient Buchhandlung, Hannover, 1923.

47) <u>Nagtelike Reis deur die Vlakte</u>.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skil nie, terwyl die tegniese benadering heeltemal verskillend is. Die toneel is nóg later in die aand geskilder en ons sien reeds die opkomende maan teen die horison. Die osse trek direk in die voorgrond verby. Die hele landskap is in 'n dynserige nagblou gehul; reeds versilwer die opkomende maan se strale die ylblou berge wat vaag in die verte skemer.

Hierdie toneel is meer as enige van Aschenborn se ander werke, in 'n byna impressionistiese styl geskilder. Die kunstenaar pas sy tegniek by die tema aan; die felle lig van die Afrikaanse son in die dag vereis 'n harde, breë en realistiese weergawe, terwyl die nag met sy sagte silwerblou,meer sensitiwiteit en versweemdheid inhou. Die werk herinner baie aan die werk van die Franse Impressionis,Pissarro. In die groot doringboom regs, wend hy die stippeltegniek van die Franse aan, wanneer hy 'n groep stippel langs 'n bloue plaas om die seegroen van die nagtelike skadus uit te bring. Ons herken dieselfde ossewa as in die vorige skildery, maar die wa, die osse sowel as die behandeling van die vlakte, die doringboompies, berge en die lug is baie fyner en meer poëties weergegee. Ek sou aanneem dat hierdie werk 'n paar jaar vroeër gedoen is, miskien om en by 1925. Waar die een in die somer geskilder blyk te wees, is laasgenoemde 'n toneel uit 'n koeler tydperk, miskien uit die lente.

'n Besonder stemmingsvolle werk wat weereens die geliefkoosde ossewa weergee, word genoem <u>Uitspan</u> (Afb. IX). Links staan 'n groot groen doringboom /

Afb. IX, : <u>Uitspan</u>.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



boom en teenoor hom herken ons Aschenborn se hoë rooi miershoop.

Tematies is dit één van 'n groot aantal werke wat almal dieselfde onderwerp behandel, maar tegnies bereik hierdie skildery 'n hoogtepunt. Met kragtige hale laat die kunstenaar die gras golf en dein. Op party plekke lyk dit asof hy direk met die paletmes geskilder het.

Die laaste rooi-oranje aandlig lê op die grasvlakte. Hemel en aarde is deurdrenk met lig en maak dit een van daardie vredevolle en rustige aande van die Afrikaanse land.

In Kiel bestaan nog so 'n Ossetrek[48] teen die agtergrond van 'n ondergaande son. Slegs die komposisie is hier anders. Ons sien nou direk voor ons, die agterkant van die wa. Die rug van die boer troon as 'n donker silhoeët teen die hemel. Soos in meeste van Aschenborn se ossetrekke, vind ons dieselfde kalme en vredevolle stemming van 'n warm somernamiddag.

( ii) Aschenborn slaag in sy waterverfstudies veral daarin om die intense sonlig wat die landskap deurdrenk, stemmingsvol weer te gee. Die Miershoop van Suidwes-Afrika[49] is 'n goeie voorbeeld daarvan. Heeltemal deurgloei van die warm sonlig, lê die roesbruin miershoop links op die wye uitgebreide geel vlakte, waar die ylblou berge ver in die agtergrond skemer. /

48) Ossetrek.

49) Miershoop in Suidwes-Afrika.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skemer. In hierdie toneeltjie lê die tipiese karakter van die Afrikaanse landskap opgesluit, en daarmee ook Aschenborn se groot liefde en sy heimwee na hierdie land. Sy vrou, Emmy, se geliefkoosde werk was die ligte skets van die Afrikaanse Landskap met Miershoop en bloeiende takke. (Afb. X ). 'n Helderblou lug, wat twee-derdes van die doek inneem, oordek die landskap met die pers-blou berge in die agtergrond en die bloeiende geel mimosatak regs. 'n Rooibruin sandpad kronkel heen en weer deur die landskap. Regs word 'n hoë rooi-oranje miershoop deur 'n groepie donker groen doringbome omgewe. In die agtergrond is bosse en bome aangedui. 'n Lentestemming word weergegee. Die veld is lig en geel en word hier en daar deur 'n sagte helder groen en oranje onderbreek. Alhoewel die komposisie konsentreer op die regter helfte van die toneel, is die werk volkome harmonies. Die sondeurgloeide kleure en sagte kontoere verleen 'n liriese effek aan die werk.

„.... Termiten hochragender Bau
Rot vor des Himmels erstorb'nem Blau,
Und schwingende Hitze in weiter Rund,
Über der Steppe zur Mittagsstund." 50)

'n Klein onvoltooide skets van 'n Bloeiende Vlakte 51) toon weer die roesbruin sand in die voorgrond met die silwergeel gras en die bloeiende bosse daaragter. In die verte teen die horison is sagte poeierblou berge sigbaar. 'n Stralende blou hemel oordek hierdie lentetoneel.

'n Klein /

Afb. X, bl. 48a : Afrikaanse Landskap met Miershoop.

50) Glühende Sonne, (3de vers) uit: Die Zweite Heimat, H.A. Aschenborn, Orient-Buchhandlung, Heinz Lafaire, Hannover, 1923.

51) Bloeiende Vlakte.


© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



X




XII



XI

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XII

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Klein waterverfsketa van die Oewer van 'n Meer (Afb. XI) is besonder bekoorlik. Blykbaar is dit ook 'n lentetoneeltjie, aangesien die bossies groen, die water stralend blou en die klein ronde wolkies glimmend wit in die water weerkaats. Dit is net 'n oombliklike impressie.

Die Uitspan (Afb. XII), in waterverf is een van sy bekendste tonele. Alhoewel die werk nog 'n ietwat droë waterverftegniek toon, slaag die kunstenaar daarin om die rus van 'n Afrikaanse bosveld-aand weer te gee. Teen die silhoeët van diep blou berge staan die moeë donkerbruin osse en herkou, terwyl ons die uitgespande ossewa links in die agtergrond sien. 'n Newelagtige koue aandlug trek agter die berge op, nadat die son al 'n tydjie gelede daaragter verdwyn het.

"Spät abends dann am Feuer
wir sassen vor dem Zelt
Und wie in stiller Feier
Um uns die mächt'ge Welt.
Doch, über dunkle Hänge
Tönt er wie ferne Sänge
der Träger und Askari:
Heia - heia - Safari,
Heia - heia - Safari." 52)

In donker melankoliese kleure skilder Aschenborn sy Ossewa /

Afb. XI, bl. 48a : Oewer van 'n Meer.

Afb. XII, bl.48a en 48b : Uitspan.

52) Heia-Safari: H.A. Aschenborn (3de vers). (Publikasie onbekend).

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ossewa (Afb. XIII) terwyl hy huiswaarts trek die ondergaande son tegemoet. Mens hoor die moeë geplons van die osse se kloue op die harde sonverbrande aarde. Bo-oor die laat aandtoneel strek 'n oneindige en ligte hemel. Ruimte en wydte vorm die inhoud hier. „Langsam bewegt sich der schwerfällige, alte Ochsenwagen die Pad entlang. Im langsamen Zuge, ratternd und knarrend, in tiefen Staub gehüllt, so fährt er durch das weite Sonnenland......" 53)

'n Hele paar waterverfstudies moes Aschenborn gedurende die oorlog in die Kalahari gemaak het. Vlakte met Kamele (Afb. XIV) met sy sagte pastelkleure, doen soos 'n woestyngedig aan. In 'n wasige uitgestrektheid lê die woestyn voor ons, onder 'n staalblou hemel. Teen hierdie oneindigheid reis 'n paar eensame kameelruiters, klein en hulpeloos teen die onmeetlikheid van hierdie landskap.

„Wellige wogende Dünen,
Glutroter riefelnder Sand,
Undurchdringliches Schweigen,
Weites einsames Land...." 54)

Die Veldbrand was 'n tema wat die skilder intens beindruk het. Nie alleen in sy skilderye nie, maar ook in sy gedigte, verhale en grafiese werk, beeld hy hierdie tipiese verskynsel van die Afrikaanse veld op verskillende wyse uit. 'n Aantal besonder liriese waterverf-

studies /

Afb. XIII, bl. 50a : Ossewa.

53) H.A. Aschenborn: Afrikanische Buschreiter, bl. 220.

Afb. XIV, bl. 50a : Vlakte met Kamele.

54) Kalahari, uit: Die Zweite Heimat. H.A. Aschenborn.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XIII



XIV

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



studies gee die veldbrand stemmingsvol weer. Die eerste [55] is onvoltooid. Twee ruiterfigure, in potlood geskets, ry na die toneel van die vuur in die vlakte, waar 'n klompie voëls verskrik opvlieg. Baie oortuigend is die weergawe van die Brand self. [56] Donker en dreigend staan die doringbome teen die nagtelike hemel, waar die rooi vlamme en donkergrys rookwolke wild en gulsig opslaan. Die boompies vertoon klein en magteloos teen die geweld van die vlamme.

„Graudunkle Wolken fegen empor
Wie des Schicksals gewaltiges Drohen
Gierige Flammen schlagen empor hervor,
Aufbrausend gen Himmel sie lohen.
Sie zischen im trockenen knisternden Grase
Umklammern die Büsche im wilden Gerase
Hellknatternd flammt auf das junge Grün
Und ein Busch versinkt in der Funken Sprühn! -
Wild tobt das Feuer in rasendem Lauf
Über die Steppe hin - die Berge hinauf. -
Im dunklen Gewölk hell flatternde Brände
Weit vor dem Flammenmeer - vorn im Gelände
Auflodernd mit einem Male
Flackernde Feuerfanale. -" [57]

Die Blus van die Veldbrand [58] is 'n impressionistiese skets van naturelle wat met wyd uitswaaiende gebare die vuur probeer blus. Deels het hulle reeds

daarin /

55) Veldbrand.

56) Veldbrand.

57) Der Grasbrand, uit: Die Zweite Heimat, H.A. Aschenborn.


58) Die Blus van die Grasbrand.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


daarin geslaag, maar nog vul rook die lug, sodat mens byna meen om die bytende reuk daarvan te bespeur. 'n Oortuigende beskrywing van 'n veldbrand gee Aschenborn in een van sy eie boeke: „... Prasselnd leckten sie an toten Dornbüschen hinauf, sanken in sich zusammen, flackerten und glühten für einen Augenblick wieder empor, sobald sie neue Nahrung gefunden. In dumpfen Knall platzte wohl hier und da ein harzreicher Ast. Hin und wieder schoben sich scharffingerige Palmenblätter wie gespenstiche Scherenschnitte vor de rote Lohe........................ und die Flämmchen spielten und blitzten, warfen irrende, huschende Lichter über Strauch und Gezweig -- und doch, wie anders kann solch Steppenbrand hausen, wenn der Sturm heult und die Flammen über das endlose Gräsermeer schleudert!" 59)

Die poëtiese tema van die Afrikaanse herder het Aschenborn herhaaldelik geskilder, en dit veral in waterverf omdat hy in hierdie medium die saggekleurde wye vlakte volmaak kon weergee. In pastelkleure skilder hy dan die woestynagtige vlakte van Suidwes in 'n geel wat in die verte tot ligroos oorgaan. Deur die opwarrelende stof dryf die Herder sy Skape huiswaarts (Afb. XV).



XV


Sy kudde is klein en eensaam teen die oneindige wydte van die veld.

Die /


59) H.A.Aschenborn: Afrikanische Buschreiter, bl. 25.
Afb. XV, bl. 52 : Herder en Skape.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XVII



XVIII



XVI

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Inboorlingherder [60] wat dromend in die wydte staar, bestaan ook in olieverf en waterverfstudies. Geen wolk of struik of boom versteur die wydte en eensaamheid van die uitgebreide vlakte nie. Die figuur van die herder is 'n donker silhoeët teen die pastelkleurige vlakte, waarop sy skape verspreid wei. Aangesien Aschenborn hierdie tema so dikwels herhaal het, skyn dit 'n simbool te wees van sy houding teenoor die land, van sy liefde vir hierdie vlaktes, uitgebrei en verlate.

Die aandstemming in die dal van die Anob-Rivier [61] wat die Kalahari in 'n Noord-suid rigting deurtrek, en wat bekend is deur die geveg van die Nabas teen die Witboys, word weergegee deur nuanses van pers, blougroen en geelgroen. 'n Naturellevrou en haar kind dryf die skaapkudde langs die rivier huiswaarts. In die agtergrond is rotsagtige berge sigbaar.

'n Waterverfskets van 'n streek genoem Etzo-Okatwena, maak Aschenborn in 1916. (Afb.XVI). Die landskap lyk min of meer soos by die Anob. Dit is weer aand en die son het reeds die vlakte verlaat. Donker en melankolies vertoon die berge en die boompies daarvoor. In tegniek word mens sterk aan A. Jentsch herinner. Die waterverf word los en vloeiend gebruik, direk, sonder die hulp van 'n potlood of penlyntekening.

(iii) In die Grafiese werk skyn die eerste linoleumsnee die /

---

60) Inboorlingherder.

61) Anob-Rivier.

Afb. XVI, bl. 53a : Etzo-Okatwena.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Emigrante [62] te wees, 'n minder geslaagde werk, vaag en oninteressant. Miskien het die kunstenaar hierdie toneel reeds gesny by sy aankoms in Afrika, of ook later in herinnering daaraan.

Soos reeds aangedui, is die landskap die geskikte motief vir die hout- en die linoleumsnee, veral die Afrikaanse landskap met sy skerp kontoere en kontrasterende lig en skaduwee-effekte. Sonneland [63] is een van Aschenborn se bekendste linoleumsneë, aangesien dieselfde toneel reeds as 'n waterverfskets en as 'n omslag vir 'n boek ontwerp is. Weergegee word 'n eensame ruiter op 'n wye verlate vlakte. Agter hom val die skaduwee van sy perd, lank uitgestrek en intens. Heeltemal teen die horison het ons die swaar silhoeëtte van berge, terwyl 'n paar eensame doringboompies in die vlakte aangedui word. Die groot vlakke van lig en skaduwee roep die idee van eensaamheid, beklemmende stilte en van brandende son op. Ons het hier die bewys dat geen ander medium die kontras van lig en skadu so intensief kan uitdruk nie.

In die Duine [64] is 'n linoleumsnee wat die kunstenaar se aanleg vir grafiese werk duidelik weerspieël. Hy maak hierin volmaak gebruik van die dekoratiewe element, die uitdrukkingsvolle lyn, en die redusering tot die alleen wesenlike van 'n toneel.

In die eensaamheid van die woestyn se sandduine, staan 'n naturel met sy kameel. Die son wat blykbaar

hoog /

---

62) Emigrante.

63) Sonneland.

64) In die Duine.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoog teen die hemel staan, laat die duine kragtige ritmiese skaduwees gooi, wat 'n golwende en dekoratiewe patroon vorm.

In die linoleumsnee word die swaarmoedige en massiewe van die Ossewa [65] op pad huistoe, nog meer wesenlik en oortuigend as in die waterverf en die olieverfwerk tot uitdrukking gebring. Aschenborn vereenvoudig die motief: die gras langs die wa vorm nou 'n interessante patroon van geboë lyne wat mekaar in rigting afwissel. Die horings van die osse beantwoord die fyn bewegings daarvan met hulle sterk geboë vorme. Die takke van die doringboom neem die gestileerde vorm van 'n Pierneef-boom aan.

Die Naturelledorp [66] is 'n baie direkte en saaklike illustrasie. Dit kan as nog meer direk beskou word as werke van Pierneef, as nog harder. Maar die medium is passend by die tema. Die broeiende hitte, die swart skaduwees van die hutte en van die inboorlinge kan nie treffender uitgebeeld word nie. Tenspyte van die hardheid, is die toneeltjie tog poëties, met sy groot gemoedelike doringboom links en die drie ritmies op mekaar volgende kafferhutjies regs. Alles smelt saam tot 'n uiters ritmiese patroon. Die hutjies en die naturelle is natuurelemente en vorm één.

Een van die mees stemmingsvolle linoleumsneë is genoem Oor die Vlakte.[67] 'n Fyn gevoel vir komposisie is hier bemerkbaar. Regs trek swaar ballende wolke op, terwyl die reën links en in die vlakte reeds neersak.

In /

---

65) Huistoe.

66) Naturelledorp.

67) Oor die Vlakte.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die voorgrond waai die wind die deurmekaar dwarrelende gras tot 'n interessante patroon van lyne saam. 'n Doringboompie staan in die vlakte en lyk klein en onbeskermd teen die dreigende storm wat optrek.

Deur die diagonale van die opkomende wolke word 'n dramatiese atmosfeer geskep. Meer as die helfte van die toneel word deur die onweerselemente ingeneem, bokant 'n wye en onbewoonde vlakte. Die linoleumsnee is die regte medium vir so 'n onweerstemming. Skerp kontraste tussen lig en donker kan direk en aangrypend gegee word. Regs lê die son nog helder op die wolkemassas en belig ook deels die vlakte, terwyl die linker kant waar dit reeds reën, donker en dreigend lyk. Dieselfde motief word later in 'n soortgelyke litografie herhaal.[68] Die komposisie is hierin egter minder afwisselend, en oorheers die dreigende wolkemassas die hele toneel. Daar is tenspyte van die sagter tegniek, minder fynhede. Kyk byvoorbeeld na die gras.

Die Doringboom [69] is op baie verskillende maniere herhaaldelik deur die kunstenaar vertolk. Uiteindelik is hy as dekblad vir die Afrika-Kalender geneem. Hier sien ons hom in die nag onder 'n silwer sterrehemel en 'n diepblou lug. Dit is een van die weinige linoleumsneë wat Aschenborn gekleur het. In hierdie werk, soos ook in verskillende ander, laat die kunstenaar die takke van die bome deel vorm van die raam. Die landskap gaan oor in die raam en word dus nie begrens nie. Die golwende ritme /

---

68) Onweer.

69) Doringboom.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ritme van 'n natuurtoneel word in die linoleumsnee nie gestrem nie.

Die enigste suiwer landskapskets wat opgespoor kon word, verskyn in die boek Ehombo van Steinhardt en is 'n weergawe van die Kaokoveld.[70] Opvallend is die nuwe blikveld. Waar Aschenborn gewoonlik die wye Afrikaanse vlaktes skets, gee hy hier direk in die voorgrond die digte takwerk van 'n mimosadoringboom links, waarlangs die oog gelei word na die berge en die vlakte in die agtergrond. Die doringboom gooi diep skaduwees op die pad langs hom en die weergawe van die toneel toon 'n baie naturalistiese benadering. Mens kry die indruk van 'n hete somermiddag, waarteen die koeltes van die skaduwees in die voorgrond verkwik. In die agtergrond is nog 'n paar boompies sigbaar.

Interessant is 'n vergelyking tussen die ets Ossetrek[71] en die litografie daarvan.[72] Die ets toon 'n span osse van voor, gelei deur 'n naturel. 'n Tweede naturel is agter die trek sigbaar. Daarop, ver in die agtergrond, volg die ossewa. Links op die voorgrond groei trots 'n aalwyn. Die landskap is vlak, met slegs 'n paar aangeduide heuwels in die agtergrond. Die ossetrek vorm deel van die vlakke en is nie die hoofmotief nie.

Baie fyn is die tekening met die etsnaald gedoen, en die weergawe is direk en saaklik. Daar word niks aan die toeval oorgelaat nie, elke besonderheid word geteken. Anders is dit by die litografie: Hierdie keer toon Aschenborn slegs vir ons 'n uitknipsel van die ossewa wat

groot /

70) Kaoko-Bergland.

71) Ossetrek.

72) Ossetrek.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groot in die voorgrond verbyry, die opkomende maan tegemoet. Die wa vorm die hoofmotief van die litografie, die landskap vorm slegs die raamwerk. Dit is reeds donker en die moeë osse word deur die naturel, wat links langs die oop kapkar vaag sigbaar is, aangedryf. Sag en dromerig lê die bosse en bome in die nagskaduwees. Slegs die maan straal spierwit teen die nagtelike hemel, versilwer die vlakte en ruêns van die osse, en gly vandaar na die baadjie en dan na die gesig van die boer. Deur die medium van die litografie slaag die kunstenaar daarin om met 'n korrelagtige tegniek, in teenstelling met die liniêre, sketsagtige aard van die ets, 'n donker, liriese atmosfeer te skep. Romanties en tog nie sentimenteel nie, word die rustige en kalm stilte van 'n somer-maanlignag weergegee. Waar die ets 'n gelerige effek het, is die litografie meestal gryserig en deels swart. "..... Es locken die Cunjas, bald näher, bald ferner, sonst Schweigen in tiefer Nacht. Leis nur das Schnaufen der Ochsen, das Knirschen der schreitenden Klauen, das Mahlen der Räder im Sande ......." 73)

Aschenborn behaal meer stemming wanneer hy twee kleure in sy etse gebruik. Soos ons reeds gesien het, maak hy gebruik van 'n donkerblou wanneer hy nagtelike tonele uitbeeld. Voor die Vuur 74) in die nag, sien ons drie vriende onder 'n groot boom sit. Terwyl die een droom, lê die ander en staar in die vlamme, en die derde een wakker die vuur aan. Regs in die donker skaduwees staan die ossewa en die osse wat rustig herkou. Die boompies in die agtergrond lyk soos geheimsinnige silhoeëtte /

73) H.A. Aschenborn: Afrikanische Buschreiter, bl.

74) Voor die Vuur.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



silhoeëtte teen die lig van die opkomende maan.

"...Fern in der Steppe Einsamkeiten
Da rasten sie nach langem Reiten
Und ruhen aus in tiefem Schweigen.
Hoch in des Dornbusch wirren Zweigen
Spielt zitternd goldner Funkenreigen
Und tief im Nachtwind sich die Gräser neigen.

\- - -

Das Feuer flackt und sinkt zusammen.
Leis stiehlt der Nachtwind sich vondann
Und über Feuer, Baum und Zweigen
Legt sich der Steppe tiefes Schweigen." 75)

Deur 'n digte netwerk van lyne behaal Aschenborn 'n donker nagtelike effek. In teenstelling met die dagtonele waar hy baie spaarsaam is met die etslyne, plaas hy hier een langs die ander, en laat hulle kruis en dwars sny. By 'n litografie word die donker effek ook sonder die lynbehandeling nog fyner verkry.

Daar is nog 'n ander variasie van die tema van die <u>Drie Vriende by die Vuur</u> (Afb. XVII).
Dit is nou nog later in die nag en die vuurtjie brand helderder, terwyl viér persone daaromheen vergader. Die figuur in die voorgrond, met sy rug na ons toe, skyn die naturel te wees. Die man wat in die vorige ets half met sy rug na ons toe gelê het, toon aan ons nou sy gesig, soos hy in die vlamme staar. Regs sit die vriend met 'n pyp, op 'n boomstam, terwyl die vierde figuur langs hom staan. Die wa en die osse in die ets is van die regter na die

linker /

75) <u>Afrikaner</u>, (1ste en 6de vers) uit: Gedichte, deur H.A. Aschenborn. (Nie gepubliseer nie).

Afb. XVII, Sien bl. 53a: <u>By die Vuur.</u>

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


linker helfte verskuif. Weer gebruik die kunstenaar 'n blou kleur om die nagtelike stemming uit te bring. Die gedig van die Afrikaner[75] is ook hier van toepassing. Daarin beweer die een van die vriende dat die grootste geluk in Afrika vir hom op die rug van die perd lê; en terwyl sy maat die loop van die geweer liefderyk streel, sou die derde een altwee hierdie dinge verruil vir die rooi grond van sy geliefde land. Die skilder self is in die groep vriende verteenwoordig, want dit is dié drie dinge wat hom so aan die Afrikaanse grond gebind het en wat hy so bemin.

Vir die gedig Die Vlakte en Ander Gedigte deur J.F. Celliers, maak Aschenborn 'n serie van ses klein en baie sensitiewe etse.[76] In die Ossetrek[77] sien ons die tema van die reeds beskrewe litografie herhaal. Slegs 'n stuk van die ossewa is sigbaar, en ons sien die rug van die boer wat sy osse aandryf. Die toneeltjie is geraam deur 'n boom links en regs. In die verte kan mens nog 'n paar doringboompies waarneem.

Die tweede ets[78] beskryf die Osse wat swaar gebuk gaan onder die juk en in twee rye aanstap deur die hoë gras, wat oordek word deur 'n hoë wolkehemel. Heel in die agtergrond sien ons baie klein, die ossewa.

"... Die osse stap aan deur die stowwe..."[79]

Die tegniek van hierdie ets is heel fyn en ritmies.

Die /

---

76) Ses etse deur H.A. Aschenborn vir J.F. Cilliers se Die Vlakte en ander Gedigte.

77) Ossetrek.

78) Osse.

79) Aanhaling uit: Die Ossewa, uit J.F. Celliers: Die Vlakte en Ander Gedigte.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die derde ets (Afb. XVII) toon 'n growwer tegniek. Nou is dit nag en die doringbome staan in swart vorme teen die helder vuurvlamme wat van regs deur die wind aangedra word en 'n veldbrand aandui. Hulle slaan al hoër op en ook die bome word na regs alhoe groter. In die voorgrond lê 'n tak wat nog glim en brand. In die agtergrond staan die dreigende silhoeët van 'n dinamiese bergmassa. Aschenborn slaag in hierdie ets daarin om die lig-donker effek stemmingvol uit te druk; vergelyk hierby:

„..... en swart teen die gloed
sprei die bome hul arme...." 80)

Een van die teerste weergawes van die Afrikaanse vlakte is die vierde ets 81) wat die wye veld skilder, met spits heuweltjies in die agtergrond en 'n doringboom regs. Fyn wolkies swewe bo-oor. Weereens is die tegniek fyn en die weergawe is romanties.

„... Tot die ylblou bande
van die ver-verre rande..." 82)

Die nag met al sy drome en geheime word in die vyfde ets weergegee. Die boer sit voor die vuurtjie en suig aan sy pyp, terwyl sy osse in die agtergrond lê en herkou. Bo-oor die vuurtjie strek die droë takke van 'n ou doringboom. 83)

„... Die osse, met koppe gebuie,
herkoue nog stil in die nag..." 84)

Die /

Afb. XVIII, bl. 53a: Veldbrand.

80) Aanhaling uit: Veldbrand, uit: J.F. Celliers: Die Vlakte en Ander Gedigte.

81) Afrikaanse Vlakte.

82) Aanhaling uit: Die Vlakte, uit: J.F. Celliers: Die Vlakte en Ander Gedigte.

83) Voor die Vuur.

84) Aanhaling uit: Die Ossewa, uit J.F. Celliers: Die Vlakte en Ander Gedigte.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die mees idilliese van al ses, is die laaste een.[85] Teen 'n helder saggryse hemel kom die wit maan op oor 'n uitgebreide wye vlakte waardeur die ossewa saggies deur die rooi sand maal. 'n Paar doringbome is in die landskap verstrooid. Fyn word die verre horison deur sensitiewe lyntjies aangedui.

> "... Daar is vir ons
> maar ene tuis
> ons skoon Suid-Afrika."[86]

In hierdie laaste ets is alles wat Afrika vir Aschenborn beteken, saamgevat, net soos in die woorde van die laaste versreëls van Celliers.

'n Minder goeie serie etse maak die kunstenaar vir Löns kleiner Rosengarten; hy noem die bundeltjie Löns-rosen.[87] Dit lyk asof hierdie etse beginstudies in die etstegniek was, alle lyne is nog ietwat styf. Maar sekerlik het die tema ook nie so naby aan sy hart gelê nie. Dit was nie Afrika wat hy moes uitbeeld nie. Die dekblad toon vir ons 'n rosebossie met die titel: Löns-Rosen, daaronder.[88]

Noemenswaardig is eintlik net die ets van 'n Duitse oerhuis met die blomtuin daarvoor.[89] Interessant is die tegniek wat die kunstenaar in die behandeling van die strooidak aanwend. Mens voel ook die atmosfeer in die Noordduitse kleinboerdery-tuintjies aan. 'n /

---

85) Ossetrek deur Vlakte.

86) Aanhaling uit: Unielied; uit: J.F. Celliers: Die Vlakte en Ander Gedigte

87) Lönsrosen, etse vir Löns kleiner Rosengarten, geteken: J. Ant. Aschenborn, Kiel.

88) Dekblad.

89) Boerhuisie.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


'n Etsie met die onderskrif „Rosmarienhaide zur Maienzeit blüht...." beskryf 'n jong meisie onder 'n slank berkeboompie besig om blomme te pluk.[90] In die agtergrond sien ons die Duitse woud waaroor 'n paar trekvoëls vlieg — 'n byna sentimentele uitbeelding, aangepas by die gedigte van die Romantikus, Löns. Die etstegniek by hierdie serie is, ten spyte van die ietwat stywe trek, nietemin gevoelig.

Bobeskryfde etse word nie as deel van die Afrikaanse beleefnis behandel nie, maar slegs om die kontras in kunsuiting aan te dui tussen 'n tema wat na aan Aschenborn se hart gelê het, nl. die Afrikaanse landskap, en een wat hy skynbaar in opdrag gedoen het en wat duidelik sy onbeholpenheid teenoor 'n, vir hom eintlik vreemde tema, weerspieël. Waar mens in al sy Afrika-weergawes die eenheid tussen kunstenaar en onderwerp kan aanvoel en meebelewe, staan mens soos hy, vreemd teenoor hierdie onderwerp wat miskien aantreklik, maar nie deel van hom was nie.

---

90) Jong Meisie.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK IV

## Die Uitbeelding van die Dierelewe in die Afrikaanse Landskap.

Aangesien Aschenborn nie alleen kunstenaar, maar wel ook jagter en boer was, het hy kans gehad om op sy alledaagse jagtogte die dier in sy natuurstaat en in sy wilde omgewing te bestudeer. Hy skets die diere in beweging en terwyl hulle rustig en ongestoord wei, en hy maak ontdekkings terwyl hy met die kameel deur die Kalahari kruis. Hy leer elke dier in al sy eienskappe en eienaardighede ken; en min skilders slaag soos hy daarin om hom so liefderyk en soms so humorvol weer te gee.

Aschenborn kan beskou word as die baanbreker op die gebied van die wilde dier-skildering. Hy is die eerste Suid-Afrikaanse skilder wat die dierelewe so volledig en oortuigend weergegee het. Bouman beweer in sy tyd dat Aschenborn dié grootste kunstenaar op hierdie gebied in Suid-Afrika was.

Opvallend is dat Aschenborn die dier altyd in sy natuurlike omgewing weergee. Die landskap vorm 'n onafskeidbare deel daarvan. Hulle vorm één, net soos wat ook die mens, veral die naturel in die werke van Aschenborn, nooit sonder sy landskaplike omgewing weergegee word nie.

Aangesien sekere dieresoorte herhaaldelik deur die kunstenaar geskilder word, sal die weergawe daarvan apart beskryf word. Binne hierdie beskrywings word weer die olieverfwerk eerste, dan die waterverfstudies en laastens die grafiese stukke bespreek.

Dit /

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit kom voor dat verskeie van die werke in hierdie hoofstuk die oorsprong vorm vir latere illustrasies. Ek bespreek egter die oorspronklike werk hier, en maak in Hoofstuk VII weer kortliks melding daarvan, wanneer dit as illustrasie in 'n boek beskryf word.

(a) Die Gensbok

Die dier wat sekerlik die meeste aandag getrek het, was die gensbok, wat in Suidwes ook vandag nog volop te sien is. Soos reeds in Hoofstuk I vermeld, was Aschenborn dan ook die eerste persoon wat agtergekom het dat die gensbok in die Kalahari verskil het van die een in Hereroland. Terwyl die kunstenaar daelank te perd deur die bos gedwaal het, het hy goeie kans gehad om hierdie dier, tesame met baie ander, nader te bestudeer. Hy maak talle sketse en skilderye van die gensbok.

'n Aantal olieverfskilderye wat Aschenborn van hierdie dier gedoen het, kan as 'n reeks beskou word, aangesien hulle baie identies lyk - asof hy so 'n groepie diere verskeie kere op dieselfde plek in verskillende stemminge geskilder het.

Tot hierdie reeks behoort die bekende Gensbokke[91] wat in 1931 in Westermanns Monatshefte verskyn het, en waarvan die oorspronklike werk in privaatbesit in Stellenbosch is.

Drie diere wei rustig in die vlakte. Terwyl die een lê en herkou, wei sy maat ongestoord, en 'n derde kyk nuuskierig op, om die vreemdeling te betrag. In die agtergrond het ons regs 'n groen heuwel /

91) Gensbokke.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heuwel, terwyl nog verder links, intense blou berge gloei. Die blare van 'n boom word regs aangedui.

Mens kan hierdie werk met die Gensbokke van Karibib[92i]. Albei vertoon ietwat star, en die behandeling van die dierliggaam,is vlak en byna lewensloos. Eersgenoemde kom onrealisties voor. Selfs die grasvlakte lyk styf en dood. Die intense blou en groen wat die kunstenaar gebruik, verhoog hierdie onrealistiese effek. Die kleure is te intens vir 'n Afrikaanse toneel (Vergelyk die werke met die sagte pastelkleure in die skildery van die volstruise, (bl.85 ).

Die horisontaal gestapelde wolke dra ook by tot die statiese en lewenslose effek. Die toneel moes myns insiens in 1909 - '10 geskilder gewees het, heel in die begin van Aschenborn se skilderloopbaan.

Die landskap wat die Gensbokke van Karibib omgewe, daarenteen is wel eg Afrikaans. Ook is die behandeling van die geel gras en die rooi sand in die voorgrond meer realisties en beweeglik. Met breë kwasstreke laat Aschenborn die droë grashalme golf onder die sagte vlaktewind. Die skaduwees in die vlakte en ook in die diere self, is sag-blou en harmonieer met die diepblou van die berge in die agtergrond.

Soos in ander gevalle, gaan Aschenborn nou nader en bekyk die voorste gensbok van naby.[92ii] Die dier neem nou die middelpunt van sy skildery in. Die bok kyk verbaas en stil na die vreemdeling. Sy fyn-gebuigde horings /

92i) Karibib-Gensbokke.

92ii) Die Witmann-Gensbok.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teken sensitief af teen die ylblou lug. Die weergawe van die gensbok is baie meer lewendig en vitaal as in eersbeskryfde werk. Die gras in die voorgrond is nóg kragtiger en meer impressionisties weergegee. Die doringboompie wat in die vorige skildery nog regs van die groep diere gestaan het, het nou verder na links verskuif, en so sien ons die berge agter meer prominent.

'n Aantreklike olieverfwerk, wat ook 'n ryper opvatting van die motief toon, is die Gensbokke in die maanlig.[93] Van dieselfde toneel skep Aschenborn later een van sy mees liriese etse. In die olieverfstudie is dit opvallend hoedat die kunstenaar die intense geel maan helder isoleer, teen die silwerblou van die nag. 'n Byna spookagtige atmosfeer kenmerk die werk.

Uit die beginjare van die kunstenaar se vaste verblyf in Suidwes, stam 'n baie swak waterverfweergawe van 'n Ruiter wat 'n Gensbok skiet.[94] Die tekening van die hardlopende bok, is baie onoortuigend en styf. Slegs die Afrika-stemming met sy geel sonlig is reeds realisties aangevoel.

Die skets, Wilde honde jaag Gensbok,[95] is ook nie van 'n baie hoë gehalte nie. Die werkie moes op die plaas Quickborn in die begin van die twintigerjare gedoen gewees het.

In 'n besonder aantreklike poskaartserie van wildediere wat Aschenborn vir die Oos-Afrikaanse skeepvaart-

lyn /

93) Gensbokke in maanlig.

94) Ruiter skiet Gensbok.

95) Wilde honde jaag Gensbok.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lyn gedoen het,[96] skets Aschenborn weereens die gensbok.[96i] Soos ook in die ander van hierdie reeks, bring Aschenborn die wesenlike van die dier tot uitdrukking. Die vorme word vereenvoudig en die kleure word dekoratief aangewend.

Die Gensbok word baie eenvoudig tog indrukwekkend, in sy grootheid weergegee. Die gras in die voorgrond is slegs in blou skaduwees teen 'n geel agtergrond streepagtig aangedui. Die grysblou van die dier harmonieer met hierdie twee kleure. Tenspyte van die vereenvoudiging, het ons hier 'n mate van beweging. Dit lyk asof die bok in sy spore vassteek om die indringer nuuskierig aan te kyk.

Dit is egter in sy grafiese werk dat die volle skoonheid en die krag van die wilde dier meer voortreflik tot uiting kom. Die kunstenaar reduseer sy vorme tot die heel wesenlike trekke daarvan, en slaag sodoende daarin om die tipiese en die eie van elke diersoort uit te druk.

In Aschenborn se Afrikanische Tiermappe[97] skets hy in tien linoleumsneë die koppe van die grootstes van die wilde diere. In die "portret"-uitbeelding van dié reeks diere, wat mens eintlik as hoofde van 'n sekere klomp dierefamilies kan beskou, word die karakteristieke kenmerke van elkeen weergegee. In die kragtige gesnyde sketse, verstaan die kunstenaar dit om die eienskappe van elkeen meesterlik op te som. Alle onbelangrikhede val weg in die linoleumsneë, en moet die kunstenaar sy onderwerp

deeglik /

---

96) Woermann-(Oos-Afrika Skeepvaartslyn) - Serie Tafelkaarte, Diereuitbeeldings.

96i) Gensbok.

97) Afrikanische Tiermappe, H. Ant. Aschenborn - Quickborn, 1918.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deeglik deurskou het om direk te kan sê wat wesenlik is.

Die drukke is in swart op pers papier gedoen. Die ligeffekte is met wit dekverf behaal. Die trots van die Gensbok[97i)] en sy tog ietwat skugtere nuuskierigheid word voortreflik uitgebeeld.

Die uitbeelding van die Gensbok bereik sy hoogtepunt in die ets.

Een van die mees stemmingvolle uitbeeldings is die Maanligtoneel met die Gensbokke (Afb. XX). In die helder maanlig van die trope sien ons 'n groep gensbokke wat rustig wei op 'n ligoorvloeide vlakte. In teenstelling met die linoleumsnee, word hierdie toneel baie sensitief geëts. Elke detail word fyn weergegee. Ons hoef slegs die takke van die doringboom en die ligbehandeling op die miershoop nader te bekyk - ook die bossies in die voorgrond is in alle besonderhede weergegee. Die maanlig is byna so helder soos daglig in hierdie toneel. Slegs die agtergrond is impressionisties in silhoeët geskets. Die grondkleur is lig groen-blou, terwyl die maan en die gefiltreerde lig,wit bly.

Gensbokke in die Vlakte[98)] is 'n klein, maar besonder liriese ets. Drie gensbokke staan in die vlakte onder 'n groot ou boom wat amper die helfte van die toneeltjie beslaan. Tot by die horison word elke klein besonderheid gevoelig en fyn weergegee. Dit is in etse soos hierdie dat die groot tekentalent en

die /

---

97i) Gensbok-kop.

Afb. XX, bl. 69a : Gensbokke in Maanlig.

98) Gensbokke in Vlakte.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XX



XXVI

© University of Pretoria

die illustratiewe aanleg van die kunstenaar vol tot uiting kom. Die hele toneel is in 'n nuanse van sagte geel-bruin gehou.

In 'n ander ets met dieselfde naam, het Aschenborn die diere ook van nader bekyk. Ons herken dieselfde boom direk in die voorgrond met die groepie gensbokke wat rustig in sy skaduwee lê.[99)] Die vlakte in die agtergrond word deur 'n hoë middagson oorstraal. Die hele toneel wat ons eers van ver gesien het, speel nou direk voor ons oë af. Ook is die formaat van die ets groter. Waar die vorige toneel ietwat hard en direk voorkom, het ons hier een van die fynste en mees liriese etse wat die kunstenaar ooit gedoen het. Hy gebruik 'n sagte bruin om die kontras tussen die sondeurgloeide vlakte en die skaduwee onder die boom en in die gensbokke uit te bring. Die lyne is fyn, sensitief en vloeiend. In hierdie ets het Aschenborn daarin geslaag om, netsoos in sy litografieë, digterlik te wees, liries en stemmingsvol. Die oorgange van die ligbestraalde dele soos die boomstam is sag,en vloei geleidelik tot in die skaduwee van die takke voort.

(b) Die Koedoe en ander boksoorte.

Soos die gensbok, kom die Koedoe dikwels voor, veral in sketse en litografieë. Miskien is die kunstenaar getrek deur die sagmoedigheid van hierdie dier en het hy hom nie so graag in die harde en direkte medium van die linoleumsnee weergegee nie.

Een van die Westermann- reeks wat in 1931 verskyn het, /

99) Gensbokke in Vlakte (van naby).

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het, toon twee Vegtende Koedoes.[100] Die diere word voorgestel op 'n geel grasvlakte onder die takke van 'n doringboom. Diep met hulle koppe teen die grond, is hulle horings reeds wild met mekaar vervleg. Hierdie toneel speel af teen 'n agtergrond van digte groen bos en taamlike hoë pers-blou rante. Die hele werk is in pastelkleure gehou. Die sagte grys vel van die koedoes harmonieer fyn met die byna witgeel van die gras en die ligte groen van die bome. Die hemel is feitlik wit-blou.

Aschenborn moes by hierdie tyd die dierelewe deeglik bestudeer het, aangesien die tekening van die koedoes al heelwat beter is as dié van die gensbokke in die werke wat reeds beskryf is. Maar tegnies is dit tog nog heeltemal onryp. Aschenborn bemeester die olieverftegniek nog gladnie — sy kwasstreke is onseker, en opvallend is die wisselende skildermetode binne dieselfde werk.

Soms kan mens ook aan die manier van die kunstenaar se handtekening sien dat dit 'n beginwerk is, soos dit in hierdie werk duidelik die geval is.

In die Woermann-reeks word die volgroeide Koedoe dramaties en vol beweging gedurende 'n sprong weergegee.[96ii] In 'n sagte grys kleur lyk hy lig, soos hy teen die helderblou somerlug oor die rotse spring.

Die ets en die litografie bring die fynheid van die dier mynsinsiens beste tot uitdrukking.

Koedoes in die Vlakte,[101] is blykbaar een van die vroeë /

---

100) Vegtende Koedoes.

96ii) Die Woermann-Koedoe.

101) Koedoes in die Vlakte.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vroeë etse, aangesien dit deur 'n sekere styfheid gekenmerk word. Twee koedoebulle staan in die voorgrond, terwyl hul wyfies agter hulle sigbaar is. Die weergawe van die bene van die diere is onrealisties en styf, miskien te wyte adaaraan dat die kunstenaar hierdie ets in Kiel gedoen het, uit die herinnering. Die afdruk het dieselfde geelbruin effek as meeste van die ander etse.

'n Later ets van Twee Koedoes (Afb. XXI) is tegnies van 'n baie hoër gehalte. Met ritmies vloeiende lyne, ets Aschenborn die dier in sy volle trotse houding van die kant. Terwyl die bok in die mees essensiële lyne geteken is, word sy maat wat agter hom in die gras lê, nog meer impressionisties aangedui. Die berge en die gras word net as 'n agtergrond vaag gelyn. Die kunstenaar trag om die dier, soos hy hom direk dopgehou het, regstreeks en eenvoudig weer te gee. Hy verstaan die dier se gewaarwordings reeds uit sy uiterlike bewegings. Dit is voorwaar een van sy beste etse - die verbeelding speel hier geen rol nie.

In sy Afrika-Mappe[102)] verskyn twee uitbeeldings van koedoes. Die een[102i)] is 'n herhaling van die motief van die Vegtende Koedoes in Westermanns Monatshefte. Maar in die litografie smelt dier en natuur meer harmonieus saam as in die statiese olieverfskildery. Miskien is hierdie element deels te wyte aan die eenheid van kleur van die litografie.

Die /

---

Afb. XXI, bl. 78a : Twee Koedoes.

102) Aschenborns Afrikamappe.

102i) Vegtende Koedoes.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verhewendheid van die dier[102ii)] word in die ander litografie uitgedruk. Nie verniet noem Aschenborn die werk berglandskoning, want die koedoe word majestieus en verhewe weergegee. Die gras word slegs aangedui, sodat die aandag nie van die wesenlike afgetrek word nie.

Maar ook klein bokkies maak verskyning in die sketsboeke van die kunstenaar.

Die besonder teer uitbeelding van sy Twee Grasbokkies[103)] verskyn in die reeks van Westermanns Monatshefte. Liefderyk en sensitief word 'n mannetjie en 'n wyfietjie in die hoë gras, tussen die takke van bloeiende doringbome weergegee. Dit blyk lente te wees, aangesien die doringtakke waaronder die mannetjie opgekrul lê, terwyl sy wyfie nuuskierig agter sy rug uitloer, die oortjies gespits, wit en geel blom. Albei bokkies skyn heeltemal bewus te wees van die vreemdeling, maar hulle lyk eerder nuuskierig as onrustig. Die hoë gras omraam hulle skuilplek, terwyl die doringtakke agter hulle 'n vrolike patroon vorm.

Die kleure van hierdie werkie is besonder lewendig en helder, aangepas by die onderwerp. Die rooibruin van die bokkie se blink vel, steek stralend af teen die gloeiende blou wat deur die ligroos bloeisels skemer. In dié werk bewys Aschenborn weereens sy talent as illustrator. Daar bestaan 'n identiese potloodskets van hierdie werk.

Die mees bekoorlike en lieftallige van die Westermann-

reeks /

---

102ii) Berglandskoning.

103) Twee Grasbokkies (Westermann-reeks)

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



reeks toon Twee Springbokkies (Afb. XXIIi). Slegs met 'n paar wesenlike hale word hul sierlike lyfies geskets en vorm hulle met hul rooibruin kleur 'n fyn silhoeët teen die blou lug.

Die Twee bokkies uit die Afrikamappe[102iii)] herinner ons aan die olieverf-uitbeelding in die Westermanns-reeks. In die hoë grasvlakte met sy lae doringboompies, gewaar ons twee bokkies, waarvan die een staan en die ander lê. Ook hierdie is 'n, met baie liefde uitgebeelde natuurweergawe.

Die mooiste en mees ritmiese litografie is dié van die Springbokkies[102iv)] wat agtermekaar in hoë spronge oor die vlakte trek. Die kunstenaar het hierdie aantreklike gebeurtenis fyn dopgehou en herhaaldelik weergegee. Nog veel sierliker lyk die liggaampies as in die waterverfskets. Ook as komposisie is dit 'n noemenswaardige werk. Die beweging groei ritmies aan vanaf die bokkie wat nog oor die vlakte hardloop, tot in die dier wat reeds hoog deur die lug trek in sy sprong, en vandaar tot waar die bokkies weer oor die grond spring. Nêrens word hul beweging onderbreek nie en kan ons die diertjies ongesteurd verder volg op hul reis die wildernis in.

(c) Die Kwagga

Die kwagga het dikwels Aschenborn se aandag getrek /

---

Afb. XXIIi), bl.88a : Twee Springbokkies.

102iii) Twee Bokkies (Afrikamappe)

102iv) Springbokke.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



getrek vanweë die dekoratiewe streepontwerp op sy vel. Die tonele van kwaggas word gekenmerk deur die sagte pastelkleure wat die kunstenaar by hulle weergawes gebruik. Hulle word gewoonlik in sagte grys, liggroen en poeierblou kleurkombinasies geskets. Hierdie kleurelement gee 'n poëtiese noot aan die werke.

Klaarblyklik in die lente voorgestel, is 'n aantreklike toneeltjie Elande en Kwaggas langs 'n waterpoeletjie[104]) Die reëntyd in Suidwes-Afrika, met sy stormagtige reën-sware lug, die groen gras en die plassies water hier en daar word geskilder. Die doringboom in die agtergrond is heldergroen. Hierdie verkwikkende weergawe is baie realisties en stemmingsvol.

Kwaggas in die veld[105]) is in sagte pastelkleure geskilder. 'n Groep kwaggas word in lewendige spel, te midde van 'n lentegroen landskap gestel. 'n Vloeiende beweging gaan deur die komposisie. Die middelpunt word gevorm deur twee van die diere wat mekaar springend in 'n hoë boogbeweging oor die vlakte jaag. Die een spring op, terwyl die ander een reeds weer in die sagte gras land. 'n Klein groepie kwaggas staan links en wei. Liggroen, wit en ligblou is die oorheersende kleur in die lentetoneeltjie met sy vrolike inhoud.

Vir sy verhaal Mtoto en Chiri, die verhaal van twee kwaggas, maak Aschenborn verskeie aantreklike sketse in waterverf. Een van die mees aantreklike uitbeeldings van 'n moederkwagga en haar kleintjie kan ons nog in

Kiel /

104) Elande en Kwaggas langs waterpoel.

105) Kwaggas in Veld.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kiel sien. (Afb. LIX). Nog onseker en hulpeloos staar die klein dier op sy slanke pootjies, terwyl die moeder hom besorg met haar kop streel. Dit is een van die mees liriese en sensitiewe dier-waterverfwerke van Aschenborn.

In die afbeelding van die Kwagga in die Woermann-reeks,[96iii] reduseer Aschenborn die vorme van die dier tot 'n essensiële dekoratiewe ontwerp. Teen 'n skerp oranje agtergrond plaas hy die kwagga met sy wit en swart strepe. Die gras is vlugtig in donkerbruin en oranje aangedui. Die dier staan beweginglоos en dromerig.

Die dekoratiewe kwaliteit van die wit en swart ritmiese lyne, is besonder geskik vir die medium van die linoleumsnee. Ongelukkig besit ons net die Kop van 'n Kwagga in die dierereeks.[97ii] Die dekoratiewe element oorheers hier volkome.

Die enigste weergawe van 'n Kameelperd wat ek kon opspoor, sal ek kortliks onder hierdie afdeling noem.[96iv] In die Woermann-reeks word die koppe van twee kameelperde weergegee. Hulle houding is verhewe en die bruin kleur van die kolle op hul vel steek sensitief af teen die helderblou lug.

(d) Die Buffel, wildebeest en hartbeest

Die kolossale en magtige van hierdie diere vind sy /

---

Afb. LIX , bl. 140a: Mtoto en Chiri (Hoofstuk VII)

96iii) Kwagga.

97ii) Kwagga-kop.

96iv) Twee Kameelperde

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy hoogste uitdrukking in ekspressiewe olieverfwerke en veral in die grafiese weergawes.

Een van die skilderye van formaat is die bekende <u>Swart Duiwel</u> (Afb. XXIII) waarop die dramatiese geveg tussen 'n leeu en 'n wildebees weergegee word. Donker en dreigend oorheers die magtige silhoeët van die wildebees die skildery. Die dier is besig om sy gevaarlike horings diep in die rug van die leeu, wat voor hom op die gras rol, te stoot. Die leeu word hier 'n simbool vir pyn en doodsvrees. 'n Oerkreet dring uit die wydoopgerekte keel, 'n kreet wat ver deur die wye vlakte trek. Maar in die agtergrond lê die landskap rustig en swygend — onbarmhartig en afsydig, uitgestrek teen 'n gloedvolle aandhemel. Die hoë gras op die voorgrond egter, rondom die twee diere, is omgewoel en geknak. Hier lyk dit asof die natuur wel deel het in die dramatiese geveg. Bo-oor die toneel heen vlieg 'n swerm trekvoëls, heeltemal ongesteurd deur die gebeurtenisse onder hulle.

Die kleure in hierdie werk is helder en opwindend. Die lang gras in die voorgrond is sappig groen teen die blou-swart massa van die wildebees. In die agtergrond staan die doringboompies in 'n wasige blou-pers teen 'n helder oranje aandhemel. Weereens skilder Aschenborn sy altyd wederkerende aandstemming, maar hierdie keer nie rustig of swaarmoedig nie, maar wel in 'n kontras van beweging en drama teen 'n agtergrond van rus en vrede.

In die linoleumsnee, wat geen vaaghede of sagte

oorgange /

---

Afb. XXIII, bl. 77a : <u>Die Swart Duiwel.</u>

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

77a

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XXIII

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oorgange toelaat nie, word die kolossale en kragtige mees effektief uitgedruk. Die linoleumsnee van die Buffels [106] is sekerlik een van sy mees geslaagde grafiese werke. Twee massiewe buffels word in hoë gras teen 'n agtergrond van doringbome, kragtig weergegee. Wolke, bome en gras word deur die ligspeling tot 'n ritmiese eenheid saamgesmelt met die enorme kontoere van die twee buffels. Nou sien ons nie langer die fyn grassies wat die moeë ossetrek omrand nie, maar langs die buffels word die gras byna rietagtig, aangepas by die patroon wat die lig maak op die rug van die dier.

Die oorweldigende vorm en die krag van hierdie diere, wanneer hulle soos vergroeid met die aarde in die gras staan, die felle sonlig op hul rug en die swaar skaduwees langs hulle, word voortreflik deur dié linoleumsnee uitgedruk.

In die ets is dit weer moeiliker om daardie majestueuse uit te druk. Die Buffel-ets (Afb. XXIV) is egter ook een van Aschenborn se vroegste etse, en vertoon daarom ietwat styf en lewensloos. In 'n droë sonverdorde landskap sien ons 'n eensame buffel. Die tekening van die dier is onseker en byna lomp. Ook die landskap daaromheen bring weinig lewe mee. Links staan 'n verdorde doringboom, waarvan een tak al afgesterf het. Tenspyte van die beklemmende stilte van so 'n hete somerdag waarin die droogte loodswaar hang, is daar tog gewoonlik nog 'n vibrering van die hitte, is daar tog 'n bewegende element. Hoewel vir Aschenborn is hier feitlik alle lewe uitgewis.

'n Ander /

106) Buffels.


Afb. XXIV, bl. 78a : Buffel.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XXI



XXIV



XXV

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Ander ets van Buffels[107)] toon die diersoort gedurende 'n dramatiese geveg. Die ets is beweegliker as die vorige een, meer lewendig.

Vir my is een van die mees oortuigende werke die Buffels by die water[108)], een van Aschenborn se bekendste litografieë, wat in verskeie Afrikaanse boeke en artikels as 'n verteenwoordigende stuk werk van die kunstenaar aangegee word. Een buffel sien ons vol van die kant waar hy by die water staan, terwyl 'n ander een se kop bokant sy rug sigbaar is. In die agtergrond groei hoë papirusplante en riet. Die buffel is majestueus geskilder; hy is 'n toonbeeld van krag. As gevolg van die tegniek kan die kunstenaar die vogtige van die dammetjie en die plante daaromheen impressionisties weergee. Slegs die buffel in die voorgrond is fyn geskets, die res is net vlugtig aangedui en versmelt met die landskap. Die ligwerking op die rug van die diere en in die water is besonder geslaagd, asook die stemming van die warm somerdag.

'n Ander litografie van 'n buffel in die vlakte, noem Aschenborn Eensaamheid.[102v)] Skynbaar is dit 'n variasie van die bekende Buffel by die waterpoel. Regs raam twee hoë bome die toneel.

Twee Hartbeeste[109)] word in 'n najaarsveld weergegee. Die hartbeeste, net soos die twee doringbome langs hulle, word in sagte herfskleure, wat intens harmonieer met die roesbruin van die reeds bekende miers- hoop /

107) Buffel-geveg.

108) Buffels by die Water.

102v) Eensaamheid.

109) Twee Hartbeeste.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

hoop geskilder.

(e) Die Olifant.

Alhoewel die olifant meer dikwels as illustrasiemotief sy verskyning maak, moet hier tog ook van 'n paar belangrike werke melding gemaak word. Altyd word mens getref deur die komieklike lompheid van die dier, wat tot 'n simpatieke en glimlaggende houding dwing.

Die Olifantbad[110)] is met 'n teer gevoel en sensitiewe humorsin uitgebeeld. Onwillekeurig voel mens asof mens self op die toneeltjie afgekom het. Deur 'n bos riet links gewaar mens die olifantmoeder wat besig is om met haar slurp die kleintjie met water skoon te spuit. Ewe gedweë staan die klein olifantjie tot by sy knietjies in die water en lyk nie te gelukkig onder hierdie moederlike behandeling nie. In die agtergrond is links die groen takke van 'n groot boom sigbaar, terwyl regs 'n paar doringboompies staan. Die tekening van die olifant is nog ietwat styf, en hierdie werk behoort mynsinsiens sekerlik tot die eerstes wat Aschenborn in Suidwes gedoen het, omtrent in 1912, soos die meestes van hierdie reeks. Die olieverftegniek is ook nog onseker. Alhoewel die sand in die voorgrond alreeds met kragtige, sekere hale geskilder is, toon die res van die doek nog nie veel goeie tegniek nie. Die behandeling van die boom links en die wolkelose hemel is droog en lewensloos. Die enigste werklik

oortuigende /

110) Die Olifantbad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oortuigende deel op die skildery, is die klein olifantjie wie se klein lyfie presies kan uitdruk wat in hom aangaan. Ook is die tekening van die liggaam oortuigend en gee ruimtegevoel.

Die Woermann-Olifant[96v)] neem met sy indrukwekkende grootte, twee-derdes van die oppervlakte in. Hy word in 'n versadigde grysblou geskilder en sy massiewe vorm gooi 'n donker skaduwee. Tevrede gryp sy slurp en tande in die lug, terwyl sy yslike ore gemoedelik wapper. In die agtergrond kan ons nog een van sy familie sien aankom. Die lug en die skaduwee is geel en skep 'n warm en sonnige atmosfeer.

In die linoleumsnee kan Aschenborn weereens die massiewe en lompe van hierdie groot dier voortreflik weergee. Op die omslag van die Afrikamappe sien ons groot Badende olifante.[97iii)] Een van hulle staan magtig in die voorgrond, terwyl die ander in die agtergrond in die water bad. Die kop van 'n olifant word nogeens in die reeks gedruk.

(f) Die Luiperd en die Leeu

Die sluipende, lenige en spelende in die luiperd word deur Aschenborn meesterlik uitgedruk. Op die grens tussen spel en dodelike erns beweeg die diere in ons twee voorbeelde.

Omtrent /

96v) Olifant.

97iii) Badende Olifante.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

Omtrent in 1931 skilder Aschenborn die mooi werkie, Spelende Luiperds.[111] Daar is beweging en sekerheid in elke lyn. Die opvatting is besonder fyn en sensitief. Weergegee word 'n luiperd op 'n tak van 'n doringboom. Oënskynlik geniet die dier dit om sy maat, wat op die grond onder die takke van die boom lê te terg, aangesien laasgenoemde blykbaar net op 'n kans wag om te kan opspring om die hangende poot van sy maat te gryp. Die toneel is in warm oker tone gehou. Die geel verdiep tot 'n donker roesbruin wat hier en daar onderbreek word deur die groen van die blare van die bome. Die komposisie is op die basis van 'n sirkel opgebou. Die oog volg die sirkellyn vanaf die tak links wat dan oor die liggaam van die luiperd gaan, daarna afdaal in die stam van die boom en dan voltooi word in die liggende luiperd in die voorgrond. Hierdie sirkel vertoon soos 'n donker silhoeët teen die ligte geel gras in die agtergrond. Hierdie aantreklike toneeltjie lyk soos 'n illustrasie vir een van sy verhale.

Die Nag[102vi] met al sy geheime en die baie gebeurtenisse in die wildernis, skets Aschenborn in 'n litografie. Twee luiperds speel met mekaar in 'n rivierbedding. Baie sag gaan lig en skaduwee in mekaar oor. Die fluweelagtigheid van so 'n tropiese nag word poëties uitgedruk. Die toneel wat in 'n sagte maanligglans afspeel, word omgewe deur donker massiewe berg- of rotsformasies in die agtergrond. Die liggame van die twee luiperds is soepel. Die diere beweeg luidloos, en sag

harmonieer /

111) Spelende Luiperds.

102vi) Die Nag.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



harmonieer hulle bewegings met die omgewende landformasie. Mens weet eintlik nie of dit 'n harmonie van kontraste, of een van aanpassing is nie. Seker is dat natuur en dier 'n eenheid vorm.

Van die leeu het ons min selfstandige werke, aangesien Aschenborn hierdie dier meer dikwels as illustrasiemotief gebruik het. Ons het reeds melding gemaak van die meesterlike weergawe van die leeu in die skildery van Die Swart Duiwel Afb. XXIII.

In die Woermann-reeks kom ons die leeu teen 'n bloedrooi aandhemel deur die lang gras tegemoet.[96vi)] Majestueus staan sy kragtige liggaam uit teen die swart silhoeëtte van die doringbome in die agtergrond.

As koning van die diere word die Leeu in die reeks dieruitbeeldings van die Tiermappe, weergegee.[97iv)] Hy word geheimsinnig, loerend en afwagtend geskilder. Die ligeffekte word d.m.v. wit plakaatverf lewendig op die swart linoleumdruk aangetoon.

(g) Die Aap.

Die parmantige houding van die aap word verskeie kere deur Aschenborn vasgehou.

In die Woermann-reeks word die blou-pers

Sy-aap/

Afb. XXIII, bl. 77a : Die Swart Duiwel.

96vi) Leeu. (Woermann-reeks)

97iv) Leeu. (Tiermappe)

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sy-aap[96vii)] op 'n tak teen 'n astrante groen agtergrond, geskilder. Met 'n selfbejammerende blik staar hy droomverlore langs die stam af.

In 'n penskets met waterverf word 'n paar Kolobusape[112)] weergegee. Die ape alleen word in in besonderhede geskets, terwyl die takke van die bome slegs vaag aangedui is.

(h) Die Renoster en die Seekoei.

Net verenkeld kom selfstandige uitbeeldings van hierdie diere voor. Teen 'n byna oranje-rooi agtergrond staan die bruingrys massa van 'n yslike Renoster,[96viii)] in die Woermann-reeks. Die skynbaar hulpelose lompheid van die dier is die wesenlike.

Die linoleumsnee van die geweldige dier is meer oortuigend.[97v)] Massief en slaperig vertoon hy hier. Daarenteen word die Seekoei[97vi)] gesien gedurende 'n geweldige oerkreet, wat tegelyk komieklik en onbeholpe aandoen.

(i) Die Volstruis, tarentale.

Vanweë die tiperende houding wanneer die volstruis hardloop, skets Aschenborn die dier herhaaldelik /

---

96vii) Sy-aap.

112) Kolobusape.

96viii) Woermann-Renoster.

97v) Renoster.

97vi) Seekoei.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



delik, altyd in beweging. Dit moes, netsoos by die motief van die olifant, die komieklike en soms byna pateties-snaakse van die dier gewees het wat die kunstenaar geïnspireer het om hom uit te beeld. Maar in die geval van die volstruis was dit ook die ritmies vloeiende van die dier se bewegings wat hom getref het.

Uit die Westermann-reeks stam Middaggloed by die Pan[113] wat 'n groep volstruise voorstel terwyl hulle in die middaggloed saamdrom in die skaduwee van 'n paar doringbome. Twee van hulle is groot in die voorgrond. Die son brand op die geel grasvlakte in die agtergrond. Die stralende blou lug steek skerp af teen die silhoeëtte van die twee swart-blou volstruise in die voorgrond. Die takke van die doringboom wat links net deels sigbaar is, verstrooi abstrakte blou skaduwees op die grond en kleur die sand 'n donker oker.

Mens kan slegs vermoed dat hierdie werk uit die eerste jare van die kunstenaar se omswerwing in Suid-Afrika moet stam, omtrent uit 1913. In hierdie tyd begin Aschenborn se olieverftegniek te verbeter.

Die hoofkleure is pastelagtig en verander van 'n ligte oker, na 'n byna bruin oker. Die blou van die lug en die skaduwees kontrasteer met die liggroen van die doringblare en die gras. Daar is nog iets van 'n vreemde kleuraanvoeling wat nie eg Afrikaans aandoen nie.

Vir die latere Volstruis-ets besit ons in die Woermann-reeks ook 'n waterverfstudie.[96ix] Twee hard-

lopende /

113) Middaggloed by die Pan.

96ix) Woermann-Volstruise.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lopende volstruise met hul wit en swart verebosse word teen 'n staalblou hemel weergegee. Weereens het mens die humoristiese trek waarmee die kunstenaar die komieklike van die voëls uitbeeld. Die kleure varieer net in blou, wit en swart.

Die ets met dieselfde motief, behoort tot die bestes van die kunstenaar. (Afb. XXV) Sy sensitiewe tekentalent is hier duidelik sigbaar.

In die helder daglig sien ons twee hardlopende volstruise, met 'n kleiner groep in die agtergrond. Terwyl die voëls in fyn besonderhede geëts is, word die gras van die vlakte slegs met 'n paar strepe vlugtig aangedui. Aschenborn het deur die tipiese eienaardige houding van die dier terwyl hy hardloop, 'n baie lewendige en lieftallige noot laat insluip. Hy moet die dier lank bestudeer het, om die bewegings so volmaak en lewendig te kon weergee. Opvallend is ook die besondere harmonieuse komposisie. Die golwende ritme wat deur die nek van die voorste voël gaan, word voortgesit in die bewegings van die tweede en gaan dan oor na 'n groep kleiner wordende voëls in die agtergrond. Die liniêre ritme wat die oog lei, word nêrend onderbreek nie.

In 'n litografie uit die Afrikamappe besit ons die humoristiese skets van 'n <u>Moeder-volstruis</u> wat bedrywig agter haar kleintjies aanhardloop.[102vii)] Uit haar houding kan die opgewondenheid oor haar klein kuikens duidelik afgelei word. Die sagtheid wat die uitbeelding /

---

Afb. XXV, Sien bl. 78a : <u>Volstruise</u>.

102vii) <u>Moeder-volstruis en Kleintjies</u>.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ding van die wollerige kleintjies meebring, kan volmaak deur die litografie uitgedruk word.

(j) Flaminke en Tarentale

Twee Flaminke[114)] skilder die kunstenaar in teer pastelnuanses. Op grys papier word die een flamink van die kant op een been staande uitgebeeld, terwyl die tweede voël van voor, met sy nek na die water gebuig, geskets is. Die water is slegs met wit aangedui en reflekteer drie klein wit wolkies teen die hemel. Die vere van die flaminke is in wit, ligroos en swart skakeer. Die liriese weergawe met sy ritmiese inhoud kon 'n passende illustrasie by 'n gedig gewees het.

Van die bekende ets, genoem die Tarentale, het ons in die Woermann-reeks ook 'n waterverfstudie.[96x)] Die nagtoneeltjie met die tarentale op 'n boom, is in pers gehou. Ligpers naglug omraam die wit silwer maan, wat die voëls as geheimsinnige silhoeëtte teen die nagtelike hemel laat afsteek.

Sekerlik dié mees stemmingsvolle ets van Aschenborn is die Tarentale in die Nag. (Afb. XXVI) 'n ets in twee kleure. Hy gee hier 'n maanligtoneel weer waarin die bosse slegs as silhoeëtte aangedui is. Die landskap is in 'n baie vreedsame nagstemming gehul, en ten spyte van die klein formaat word die idee van ruimte gewek.

Geen /

---

114) Twee Flaminke.

96x) Woermann-Tarentale.

Afb. XXVI, Sien bl. 69a : Tarentale in die Nag.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Geen details word beskryf nie, die werk gee die indruk van 'n vlugtige skets. Die tarentale lyk soos vreemdsoortige vrugte aan die boom en is deur die warm lig van die maan omgewe. Die stemming van die louwarm somernag van Afrika is meesterlik weergegee. Die agtergrond is liggroen-blou en die boom met die tarentale swart daarteen. Die maan gooi 'n silwer lig op die takke en op die vere van die voëls.

(k) Dolfyne en Pikkewyne moes Aschenborn langs die weskus van Afrika, in die omgewing van Swakopmund en Lüderitzbucht gesien het. Hy gee hierdie twee diersoorte albei in die Woermann-reeks weer.

Die Pikkewyne (Afb. XXIIii) lyk soos figuurtjies met swart manelle, teen 'n ysblou lug. Hulle gooi byna swart skaduwees op die wit sand. Twee van hulle staan in die voorgrond en lyk asof hulle diep in gesprek is, terwyl 'n kleiner groep links bymekaar staan. Die weergawe is humoristies en toon die tipiese van hierdie soort voël.

In kleurryke afwisseling word Dolfyne 96xi) weergegee. Terwyl een oor die water skiet, duik die ander een in die see, en 'n derde steek weer in die voorgrond sy kop bokant die water uit. 'n Helderblou lug oorstraal die spierwit golwe en laat die swart blink vel van die visse reflekteer.

Samevattend /

Afb. XXIIii, Sien bl. 88a : Pikkewyne.

96xi) Dolfyne.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XXII i)



XXII ii)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Samevattend kan beweer word dat wanneer mens Aschenborn se dieruitbeeldings bestudeer het, dit opvallend is hoe hy sy media aanpas by die spesifieke diersoort wat hy juis weergee.

So sal hy bv. selde of ooit 'n grasbokkie in die harde en direkte medium van die linoleumsnee uitbeeld, of die buffel in sy massiewe grootheid in die medium van die sagte waterverfmedium nie. Terwyl eersgenoemde slegs bekend is in waterverf- en potloodsketse, soms in ekspressiewe olieverfstudies of in 'n sensitiewe ets, ken ons die groot dier soos die buffel, die wildebeest en die olifant veral uit Aschenborn.se dekoratiewe linoleumsneë. Hierin kan hy hulle grootheid en krag verhewe aan ons oordra.

Die groter bokke soos die gensbok en die koedoe ken ons weer veral uit sy etse. Die sierlike en tog ook edele van hierdie diere ets hy in sensitiewe ritmiese lyne.

Dus merk ons op dat Aschenborn, een van die grootste dieruitbeelders wat Suid-Afrika tot dusver leer ken het, die dier nie alleen aanpas by sy omgewing nie, maar wel ook die medium aan die karakter en uiterlike vorm van die dier. Die hoofmotief, die komposisie as geheel en die medium vorm 'n gebalanseerde harmonie.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK V

(a) Kaapstad en Stellenbosch.

(b) Die terugreis na Europa en Londen.

(c) Kiel en die Herfsjagrit.

Om die kronologiese agtereenvolging van die werke in hierdie hoofstuk nie te versteur nie, word die olie-, waterverf- en grafiese studies nie apart, maar in hulle verband behandel.

## (a) Aschenborn se werk in Kaapstad en Stellenbosch

Om en by Kaapstad waar die kunstenaar gebly het net na die oorlog, het hy verskeie klein waterverf-studies gemaak, aangesien hy op sy lang staptoere en verkenningstogte in die omgewing die handiger formaat van die skets verkies het bo die groot skildery. So hou hy verskillende van die mooiste plekkies van Kaapstad in vlugtige sketse vas.

Die skets Tafelberg met die See[115] is waarskynlik gedoen toe die skilder in Afrika geland het, aangesien die uitsig vanuit 'n skip moet wees. Nog is die opvatting van die toneel Europees. Die see is blou-groen in die voorgrond, terwyl die berge daaragter nog die sappige bruin-groen kleur van die Europese bergwêreld dra.

Kaapstad[116] self, skilder Aschenborn besonder stemmingvol, met die Tafelberg as silhoeët teen 'n sondeurgloeide aandhemel. Die refleksie van bote

op /

115) Tafelberg met See.
116) Kaapstad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op die water word lewendig en kleurvol geskilder.

Die wêreld om Stellenbosch[117] toon die tipiese Kaapse groen vlaktes tussen hoë blou berge — 'n heel nuwe omgewing vir Aschenborn, aangesien selfs sy eie tuiste in Noord-Duitsland wyd en vlak is en geen berge ken nie, soos ook Suidwes.

".... Es war Regenzeit, und die Felder, die wir von unsern Fenstern aus am Rande des Ortes in leuchtend grünen Farben liegen sahen, standen im schärffsten Kontrast zu den gelben — grauen Farben Südwest-Afrikas. Rundherum Kiefernwälder, Anpflanzungen, die einen an Deutschland erinnerten...." [118]

Die omgewing van Stellenbosch skilder Aschenborn verskeie kere ook in olie. In somber kleure word die berge soos 'n verhoog-decor weergegee. (Afb. XXVII Die vlakte en die bosse in die voorgrond steek daarteen donker en silhoeëtagtig af. Die hele werk is 'n bietjie duister en melankolies. Ek neem aan dat hierdie werk omtrent in 1921 gedoen is, nadat die kunstenaar sy geplunderde en verarmde plaas moes verlaat en noodgedwonge 'n nuwe tuiste in die Unie moes soek. Sy groot heimwee na die wye vlaktes van Suidwes is hier reeds speurbaar.

(b) Sy terugreis na Londen.

Herinneringe aan die bootreis vanaf Kaapstad terug na Kiel, veral aan die ewenaarskarnaval, skilder die /

---

117) Naby Stellenbosch.

118) H.A. Aschenborn: Afrikanische Buschreiter, bld. 214.

Afb. XXVII, Sien bl.91a: Die Omgewing van Stellenbosch.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XXVII



XXVIII

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die kunstenaar later in sy tuiste. Daar bestaan 'n serie van twaalf kleurvolle waterverfsketse,[118] wat miskien nie van besonder hoë tegniese waarde is nie, maar wat weereens die kunstenaar se vermoë toon om verhalend en humorvol te skets en te illustreer wat hy self beleef. So byvoorbeeld vertel hy in een skets hoedat die skeepskelner 'n jong dame in sy kajuit betrap terwyl sy besig is om sy broek aan te pas vir die karnaval. Of mens sien 'n groepie vrolik verklede dansers wat op dek bymekaar sit en drink en gesels — hulle sit orals, in die reddingsringe, teen die relings en op die vloer. Die volgende oggend word met al sy ontnugteringe geskets; wanneer die matrose die dek skoonmaak, moet hulle een van die vrolike karnavaliste met 'n tuinslang wakkerspuit.

Omtrent in 1921, toe die kunstenaar na Kiel terugkeer, het hy op pad daarheen verskeie sketse gedoen. Onder andere gee hy die Atlantiese oseaan in sy blou-grys stemming, wat hier en daar deur 'n wit skuimlagie onderbreek word, weer.[119] Dit is 'n impressionistiese skets wat in hoofsaak die stemming van die oomblik weergee.

Uit Londen stam die nagblou skets van die Westminster-Brug.[120] Dit is vroeg in die oggend en die stad lê nog in die diep blou skaduwees van die nag, alleen die blink liggies wat deur die vensters val, belewe die donkerte. Die horison word reeds lig, maar die son is nog nie te sien nie.

Een /

118) Bootkarnaval.
119) Atlantiese Oseaan.
120) Westminster Brug.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die kunstenaar later in sy tuiste. Daar bestaan 'n serie van twaalf kleurvolle waterverfsketse,[118] wat miskien nie van besonder hoë tegniese waarde is nie, maar wat weereens die kunstenaar se vermoë toon om verhalend en humorvol te skets en te illustreer wat hy self beleef. So byvoorbeeld vertel hy in een skets hoedat die skeepskelner 'n jong dame in sy kajuit betrap terwyl sy besig is om sy broek aan te pas vir die karnaval. Of mens sien 'n groepie vrolik verklede dansers wat op dek bymekaar sit en drink en gesels — hulle sit orals, in die reddingsringe, teen die relings en op die vloer. Die volgende oggend word met al sy ontnugteringe geskets; wanneer die matrose die dek skoonmaak, moet hulle een van die vrolike karnavaliste met 'n tuinslang wakkerspuit.

Omtrent in 1921, toe die kunstenaar na Kiel terugkeer, het hy op pad daarheen verskeie sketse gedoen. Onder andere gee hy die Atlantiese oseaan in sy blou-grys stemming, wat hier en daar deur 'n wit skuimlagie onderbreek word, weer.[119] Dit is 'n impressionistiese skets wat in hoofsaak die stemming van die oomblik weergee.

Uit Londen stam die nagblou skets van die Westminster-Brug.[120] Dit is vroeg in die oggend en die stad lê nog in die diep blou skaduwees van die nag, alleen die blink liggies wat deur die vensters val, belewe die donkerte. Die horison word reeds lig, maar die son is nog nie te sien nie.

Een /

---

118 ) Bootkarnaval.
119 ) Atlantiese Oseaan.
120 ) Westminster Brug.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Een van die tonele wat Aschenborn se fyn sin vir humor en tegelykertyd sy menslikheid tot uitdrukking bring, is die skets van die Koerantverkoopster in Londen,[121] met haar treurige rooi gesig en die bakbene. Pateties word die klein bevrore figuurtjie uitgebeeld, wat in die bitter koue van Europa haar koerante moet verkoop.

Daar bestaan 'n swak skets van 'n Geel Koets[122] op 'n wye vlakte. Dit mag wees dat hierdie toneel as illustrasie bedoel was vir een of ander verhaal. Dit is onduidelik waar die plek kan wees, miskien ook in Engeland. Tegnies is dit een van die swakste sketse wat ons nog van die kunstenaar besit. Die waterverf is droog en onhandig aangewend. Tog is weereens opvallend en belangrik die drang na awontuur, die romantiese element in die kunstenaar.

'n Beter skets van 'n Storm op See[123] mag ook 'n illustrasie vir 'n kinderverhaal wees. Dramaties word 'n seilskip, wat met al sy krag teen die huishoë golwe aanworstel, weergegee. Die boot lê heeltemal op sy kant. Die rooi kleur daarvan kontrasteer helder teen die wit dekverf waarmee Aschenborn die wit skuim van die golwe skilder. Die diagonale waarlangs die komposisie opgebou is, verhoog die dramatiese effek.

(c)/

121) Koerantverkoopster in Londen.

122) Geel Koets.

123) Storm op See.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(c) Kiel en die Herfsjagrit.

Terug in Kiel, na die oorlog, skilder hy die Markplein van sy ou tuiste (Afb.XXVIII) Vanuit 'n voëlperspektief gooi mens 'n blik oor die ou markplein en op die katedraal van die stad. Die toring daarvan verdeel die skildery horisontaal in twee ietwat asimmetriese helftes. Regs van die toring staan die stadshuis, aangesien twee vlaggies uit vensters van die boonste verdieping wapper. Tussen hulle is 'n wapen sigbaar, sekerlik die stadswapen. Voor die tadshuis, kronkel die teerstraat verby in die rigting van die middestad. Links van hierdie straat groet die fassades van vier stadshuise, wat in die styl van die Amsterdamse gragtehuise gebou is. Op die markplein in die voorgrond en die straat is 'n paar karre, 'n elektriese bus en 'n klompie mense wat besig heen en weer kruis, sigbaar. Twee lamppale ondersteun die opwaartse beweging van die kerktoring. Die kleur- en vormkontraste verseker in hierdie werk 'n gebalanseerde ewewig. So kontrasteer die soliede en trotse kerktoring met sy effe rooi baksteenkleur en die helder groen spits teen die kleurvolle lewendigheid en die opgelos bewegende vorme van die burgerhuise links. Regs is dit weer die statige vorm van die Noordelike Renaissance-styl in die Stadshuis, wat die borrelende lewe op die straat rustig oorskadu.

Die toneel is op 'n reënerige dag geskilder. Die nat teerstraat weerkaats flikkerend elke beweging. Die /

Afb.XXVIII. Sien bl.91a : Altmarkt, Kiel.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die hemel is oordek, maar gee die indruk asof die son enige oomblik wil deurbreek. Die silhoeët van die kerktoring en die dakke van die huise steek skerp af teen die wit-blou van die lug. Die soliedheid van vorm kontrasteer die impressionistiese losheid van kleur, die lig die donker, die horisontale die vertikale, die helderheid die vae en dynserige van die atmosfeer.

Soos al die ander werke uit sy laaste periode, is die werk baie volwasse, wat die tegniek aanbetref. Die toneel moet omtrent in 1925 geskilder gewees het. Die verf word kragtig en grootmoetig aangewend. Elke kwasstreep vibreer met lewe, veral in die behandeling van die hemel, wat die indruk van onweer gee. Aschenborn word in hierdie werk byna ekspressionisties, hy verleen gevoelswaarde aan elke kleur, en gee uitdrukking aan die reënerige atmosfeer van so 'n Noordse stadstoneel.

Die komposisie is so opgebou dat kleur en vorm en komposisie betrekking het tot die kerktoring. Hy vorm die middelpunt daarvan.

Die liefde vir die perdesport, inspireer Aschenborn reeds dikwels in Afrika om die motief van die perd, die jag en die rit weer te gee. In Kiel kry hy geleentheid om sy idees oor hierdie weergawes meer uit te brei, aangesien die perdesport, veral die jagrit gedurende die herfs in die werklike sin van die woord 'n "stokperdjie" van die Noordduitser is. Aschenborn neem self deel aan hierdie jagritte, en word op dié manier dikwels geïnspireer om besondere indrukwekkende oomblikke vas te hou. Die groot periode van sy perdeskildering breek aan.

Uit /

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit 'n kort inleiding deur Aschenborn oor die jagrit gedurende herfs, weet ons dat daar in die tyd na die Eerste Wêreldoorlog baie jagte in Noord-Duitsland gemaak is, omrede die mense op hierdie wyse hulle alledaagse sorge wou vergeet en opnuut hul moed en geestesteenwoordigheid wou toets. In alle besonderhede beskryf die kunstenaar verder hoe so 'n jag geskied en watter reëls bestaan by die jaag en vang van die dier, gewoonlik 'n jakkals of slegs die stert daarvan, wat dan deur 'n ruiter wat vooruit ry, omhoog gehou word.

Hierdie jagte is veral in die herfs uitgevoer, en daarom is alle jagtonele gewoonlik ook herfstonele en is die weergawe daarvan gewoonlik romanties en awontuurlik. Romanties vanweë die herfs in sy geheime stemming en melankolie, maar ook kleurryk vanweë die rooi en swart uniforms wat skerp afsteek teen die oranje-bruin herfskleure van die woud.

Aschenborn skilder hierdie tonele in sy laaste jare in Kiel en hulle tel tot die bestes wat hy ooit gedoen het. Tegnies is hulle ryp en wat die inhoud aanbetref is hulle vol atmosfeer en awontuur. Gewoonlik gee die kunstenaar die omgewing rondom die Westensee,[124)] die "Noord-Duitse Switserland" weer. W.Aschenborn besit een skildery wat hierdie landskap weergee. Heeltemal in teenstelling met sy ander werke wat eintlik almal die Afrikaanse landskap weergee, of die somer of herfs in Noord-Duitsland, word ons in hierdie werk verplaas na 'n wintertoneel in die vroeë oggend. Regs staan 'n ou groot berk. 'n Visserbootjie lê eensaam en verlore in die verysde riet aan die oewer van die see, vanwaar die blik trek na die berkewoude /

---

124) By die Westensee.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

berkewoude van die Holstein-heuwellandskap.

Hierdie werk is vars en helder en besit die kenmerkende aantrekkingskrag wat alleen 'n Europese sneeulandskap kan inhou.

"... Ganz sacht fällt wohl von hohen Bäumen
Ein Flöckchen Schnee auf dich herab,
Doch sonst stört nichts des Winters Träumen
Und leis verklingt im Weg Dein Trab..."

Dieselfde landskap skilder Aschenborn weer, maar belewe die toneel met ruiters na die jag. Hy noem die toneel Aand by die Westensee (Afb.XXIX). Nou is dit herfs. Ruiters in rooi januniforms kom uit die woud en ry af na die meer waarop die laaste andlig glinster. Links en regs word die meer omraam deur hoë berkebome tussen vallende en dwarrelende herfsblare. Die toneel is so realisties en sappig geskilder, dat mens feitlik die vars herfslug kan ruik. Die aand sak neer en mens voel die koel lug daarvan. Die moeë, slap houding van die ruiters, wat deur hierdie herfsbome ry, dui aan dat hulle 'n harde jag agter die rug het. Dit moet self 'n goeie ruiter wees, wat perde en landskap so getrou en stemmingsvol kan weergee. Dit is dan ook een van die beste werke uit hierdie jag-serie van Aschenborn.

Die komposisie is goed gebalanseer. Links sien ons drie ruiters van die kant, wat een groep vorm, terwyl 'n ander groep al verder die heuwel afgery het na die meer.

In volle galop sien ons dieselfde groep ruiters tydens 'n Jag by die Westensee. (Afb. XXX) Weer word die oewers van die see geskilder. Die voorste ruiter verdwyn /

Afb.XXIX, sien bl.97a : Aand by die Westensee.
Afb.XXX , sien bl.97a : Jag by die Westensee.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

97a


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XXIX



XXX



XXXI

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verdwyn in die bos, terwyl die tweede een sy perd aanmoedig om oor 'n hindernis te spring. 'n Dame en drie here volg op 'n afstand. Weereens kyk ons deur 'n raamwerk van berkebome na die anderkantste oewer, waar mens die Holstein se Alpe kan sien wat dig met bos begroei is. Die jag is ietwat vroeër in die dag maar tog ook in die laat namiddag geskilder, want nog lê die daglig op die water. Blare val, en 'n ligte herfswindjie laat hulle in die voorgrond heen en weer dwarrel. Die tekening is gevoelig uitgevoer en die stemming in die toneel dromerig impressionisties. Aschenborn hou hier 'n oomblik van eie intensiewe ondervinding vas.

'n Byna soortgelyke toneel noem die kunstenaar Sprong (Afb.XXXI) wat ook by die Westersee op dieselfde plek geskilder is. Mens gewaar die ruiters in die vorige werk, besig om oor 'n hindernis te spring; hier kom hulle ons in verkorte vooraansig tegemoet. Twee perde is reeds oor die sprong, terwyl 'n derde ruiter spore gee om te spring en twee ander op 'n afstand volg. Ons sien bossies en fyn getekende boompies wat op die bekende Noord-Duitse windskeidings of "Knicks" groei. 'n Swaar reënhemel oordek die toneel.

Soos die meeste uit hierdie serie, herinner die toneeltjie baie aan 'n werk van die Franse Romantikus Corot, bv. Herinneringe aan Mortefontaine (1864). Tegnies is die skets vryer en sagter behandel as die vorige een, veral as mens die voorgrond en die hemel van nader beskou.

'n Ander /

---

Afb.XXXI, bld. 97a: Sprong.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


'n Ander betekenisvolle Sprongtoneel gedurende die jag[125)] word as 'n illustrasie in Westermanns Monatshefte opgeneem. Hierdie keer word nie die Westensee geskilder nie en die tyd skyn die begin van die herfs te wees, aangesien die vlei waardeur die ruiters galopeer, helder groen is. Slegs 'n paar blare in die bos links vertoon reeds roesbruin. Gloeiend helder steek die rooi van die voorste ruiter teen die groen van die vlei, die blou van die lug en die wit van sy skimmel af. 'n Ruiter op 'n wit skimmel en 'n dame op 'n bruin perd sien ons van voor, wanneer hulle oor 'n houtheining spring. Agter hulle is nog twee ruiters sigbaar. Dit is 'n sonnige dag, die lug helder en die hemel vol ligte wolkies. Seker en ekspressief is die kwasstreke waarmee Aschenborn perd, vlei en wolke skets.

Ook in Noord-Duitsland, maar hierdie keer nie direk by die Westensee nie, is die toneel van die Ruiter met Jaghoring op 'n Wit Skimmel geskilder. (Afb. XXXII). Daar bestaan ook 'n klein skets in waterverf[126)] van 'n ruiter met horing op 'n wit skimmel, omgewe van sy jaghonde. Dit blyk 'n voorbereidingskets vir hierdie tempera-werk te wees.

In die olieverfwerk sien ons 'n ruiter op 'n spierwit skimmel wat die voorgrond inneem. Hy is op die punt om sy jaghoring te blaas om die ander ruiters wat nog in die agtergrond rondstaan en hulle perde laat wei, saam te roep. Die jaghonde het reeds om hom vergader en wag gretig op die klank van die horing. Links in die agtergrond koester 'n paar donker bome saam, terwyl regs dreigende wolkemassas saampak en 'n naderende/

---

125) Sprong oor die heining.

Afb. XXXII, bld. 99a: Ruiter op 'n Wit Skimmel.

126) Skets: Ruiter op wit Skimmel.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XXXII



XXXIII



XXXIV

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n naderende reënstorm aankondig. Die velde in die verte verdwyn reeds agter 'n dynserige reëngordyn. Besonder lewendig is die kontraste tussen die wit en bruin van die honde, die wit en rooi van die ruiters, wat afsteek teen die donker massas van hemel en woud. 'n Uiterse spanning en afwagting kenmerk die toneel.

Aschenborn wend hier 'n heelwat breër tegniek aan. Mens kan dit veral waarneem in die behandeling van die bome, waar hy nie soos in die ander jagtonele, die fyn blaartjies enkel aantoon nie, maar wel as massa, in breë vars kwasstreke. Maar miskien is die opvatting doelbewus om by die swaar wolkemassas en die onweerstemming aan te pas. In dieselfde vinnige en impressionistiese tegniek, wat alleen die wesenlike toelaat, skilder hy die oomblik van die uitroep: "Jag vry"! (Afb. XXXIII) Dit word een van sy mees spontane en beste werke, vol lewe en beweging. Sy groot liefde vir die jagsport laat hom alle akademiese reëls vergeet --- hierin is hy net homself en bring hy sy skildertalent vol tot ontplooiing.

Die oomblik van die opening van die jag word weergegee. Hoog hou die leier, die "Master", 'n jakkalsstert wat gebuit moet word omhoog, terwyl die twee perde langs hom ongeduldig wegstorm.

Alles is die impressie van 'n oomblik ---- die groot gevoel van vryheid, van ongebondenheid word vasgehou. Daar is geen besonderhede meer nie, alleen die wesenlike word geskets. Selfs hemel en aarde vorm 'n eenheid met perd en ruiter. Met breë wilde kwasstreke laat hy die wolke en die grond saamjaag.

Mens /

Afb.XXXII, bld. 99a: Jag vry!

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Mens kan hierdie werk as 'n simbool van Aschenborn se eie innerlike behoefte beskou, om vry en ongebonde die onbekendes in te jaag na 'n bepaalde doel. Dit is 'n grootse werk wat alleen deur eie beleefnis so waar en intens kon weergegee word.

Net so lewendig en dramaties is die Stormagtige Jag (Afb.XXXIV) waar selfs die herfswind die blare van die bome wild en energiek saamjaag. Wild en gespanne is ook die houding van die trotse wit skimmel. Hy beur hewig om los te breek. Weereens vorm landskap, mens en dier 'n volkome eenheid. Die blare, die wolke, die aarde --- alles trek in wilde vaart in een rigting, saam met die ruiters wat agter die prooi aan is. Hierdie olieverfwerk is een van die mees ekspressionistiese en beste werke van Aschenborn.



XXXV

'n Byna soortgelyke olieverftoneel (Afb.XXXV is in die besit van die jongste seun van Aschenborn in Pretoria. In wilde vaart galopeer die ruiters oor die oop vlakte, agter /

---

Afb.XXXIV, bld. 99a: Stormagtige Jag.

Afb. XXXV, bl.101; Jag.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



agter die "Master" aan. Laasgenoemde dryf sy perd tot uiterstes aan, terwyl een van die ander ruiters reeds ver uit die saal leun en na die jakkalsstert gryp. Dit wit skimmel in die voorgrond wat sy hoof wild strek, is voortreflik lewendig geskilder.

Al hierdie jagtonele word gekenmerk deur 'n vitale bewegingskrag en ekspressionisme.

Veral in die laaste drie jagtonele, wat almal die volle beweging daarvan weergee, is volgende twee kenmerke opvallend: Aschenborn hou die verbygaande indruk van die oomblik vas, die impressie daarvan. Sy benadering ten opsigte van die motief is dus heeltemal <u>impressionisties</u>. Maar sy breë, sappige kwasstreek dui op 'n <u>ekspressionistiese</u> weergawe van hierdie indruk. Elke kwashaal druk vir ons ekspressief die gevoel van ongebondenheid, vryheid, awontuur en lewensvreugde uit.

Opvallend is verder van aldrie hierdie werke, dat die kenmerkende wilde en hartstogtelike beweging nie onbeheersd die grense van die ruimte deurbreek nie, maar dat die kunstenaar elke keer sy uitswaaiende bewegings laat terugkeer. Hy slaag daarin om deur die skuinsplasing van 'n perd of deur die terugkerende beweging van die dier, die ritme te beheer. In <u>Jag Vry!</u> (Afb.XXXIII) is dit die perd op linkerhand wat in 'n teëstellende posisie tot dié van die ander perde geplaas word en sodoende die wilde vaart van hemel en aarde, van mens en dier energiek ophou.

In die ander <u>Jagtoneel</u> (Afb.XXXV) wend Aschenborn

dieselfde /

---

Afb.XXXIII, bld. 99a : <u>Jag Vry!</u>

Afb.XXXV, bld. 101 : <u>Jag</u>.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

dieselfde metode aan, deurdat hy een van die perde 'n bietjie eenkant plaas, in 'n terugkerende houding. Waar die ander ruiters wild vorentoe jaag en dreig om die grens van die raam te ignoreer, kalmeer die rustige houding van die bruin perd regs hierdie groepie.

In Stormagtige Jag (Afb.XXXIV) het selfs die omgewende natuur deel aan die sirkelbeweging. Die oog word gelei van die, deur die wind waaiende blare en takke van die boom tot by die donker perd wat in 'n linkerhandse beweging 'n kurwe inlei, en vandaar die beweging van die wit skimmel in die voorgrond, ondersteun deur die grondformasie onder hom, terug na die beweging van blare en takke voor. 'n Volmaak beheersde beweginsstudie. Myns insiens behoort hierdie drie werke tot die bestes wat die kunstenaar ooit gedoen het. Tegnies is die werk, soos die vorige een, breed en impressionisties opgevat, in teenstelling met die fyn, romantiese uitbeeldings van tonele by die Westensee.

Nog 'n Jag word op 'n Newelrige Herfsdag geskilder. (Afb.XXXVI) Alleen die ruiter in die voorgrond is duidelik sigbaar en staan helder uit teen die bome en ruiters in die yle agtergrond. Mens voel die nat, koue lug en sien die rokerige asem van die perde teen hul donker vel.

'n Endjie in die voorgrond is twee ruiters wat blykbaar juis 'n sloot oorspring, sigbaar, terwyl nog verder 'n ander groepie in 'n regwaartse rigting verdwyn. Aangesien geen lig die newel deurbreek nie, kan mens nie die tyd van die dag skat nie. Die jag skyn in volle gang te /

---


Afb.XXXIV, bld. 99a: Stormagtige Nag.
Afb.XXXVI, bld.103a: Ruiters in die Newel.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XXXVI





XXXVII



XXXVIII

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 20

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te wees.

Oorheersend in die werk is die lewensvreugde, wat duidelik uitgedruk word in die houding van die perde. Hulle kan deur hulle ruiters feitlik nie ingehou word nie en beur vol lewenslus vorentoe.

Die mees liriese en tipies Noordduitse toneel is die Neweljag (Afb.XXXVII). 'n Groepie jagruiters vergader in 'n winterkaal woud, waarin die blou koue mistigheid die groen van die somer verdryf het. Die bome steek hul kaal boomstamme die lig tegemoet. Net regs staan trots 'n digbegroeide groen denneboom. Die ruiters ontspan 'n tydjie voordat die jag verder gevoer word. Party sit swaar en moeg in die sael, terwyl ander 'n bietjie rondtrap om die litte te rek en warm te word.

Die kaal dun boomstamme wat driekwart van die skets inneem, word lewendig onderbreek deur die dwarrelende en bewegende groep ruiters in die onderste derde van die skildery. Ook kontrasteer die monokrome newelblou van die stamme en die lug daaromheen sterk teen die bontheid van die ruiter, uniform en perd. Die ruimtegevoel in hierdie klein werk is oorweldigend. Die byna bedrukkende stilte van so 'n kaal winterwoud is intens voelbaar. Alle klanke word gedemp deur afgevalle blare op die grond.

Interessant is die moderne komposisie van die werkie, wat ons later weer sal opval in die Bote by Zanzibar (Afb.LVIII). Deurdat by die een die lengte van die boomstamme en by die ander een die oneindigheid van die water /

Afb.XXXVII, sien bl. 103a: Neweljag.

Afb. LVIII, bl. 126b : Bote by Zanzibar.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



water twee-derdes van die skilderoppervlakte inneem en die hooftoneel slegs op omtrent 'n derde van die doek uitgedruk word, is daar 'n byna abstrakte ruimtewerking geskep.

Aschenborn het van hierdie Neweljag 'n besonder aangrypende beskrywing gegee in een van sy ongepubliseerde prosaversamelings:

"..... Das Moor! - dort liegt's. Gelb das Gras, braunschwarz der Boden, einzelne Fichten zur Seite - Sprung. - Im hohen Satz hinauf auf die Koppel. Hei! Die grauen Gestalten jagen wie Wotans Reiter durch den Nebel. Fetzen von Rasengrund und moorige Schollen fliegen Ross und Reiter um die Köpfe.

Bogen auf Bogen, und dann - halali! Weiter geht's durch den triefenden, raunenden Novemberwald. - Unwahrscheinlich hoch die schlanken Stämme in nebeligem Grau! - und plötzlich eine kleine Lichtung....."

".... Dichte Nebelwand - silbergrau - und gespenstich - . Nasse Wege durch kahle Knicks! Ausgefahrene wassergefüllte Wagengleise der Landwege - und Totenstille! ........ Ein paar Rotröcke schwingen sich in den Sattel, - ein paar Damen in Schwarz, einige graugrüne Uniformen, grau wie die winterlichen Buchenstämme der holsteinischen Wälder......... Wie eine greifbare dichte Mauer wächst urplötzlich der Wald aus dem Nebel auf. Doppelrick über weichen Weg und dann hinein in den ernsten tiefen Wald. Und die Hufe greifen in welke braune Blätterdecke, setzen über die breiten Gräben, zu zweien, zu einem, geht's durch das dichte Grau....." 127)

Maar /

127) Uittreksels uit: Nebeljagd, deur H.A. Aschenborn (Privaatbesit: H.J. Aschenborn, nie gepubliseer nie)

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Maar Aschenborn skilder aan ons ook die jag gedurende die somer wanneer hy ons die aanblik van Twee Ruiters oor 'n bloeiende vlei (Afb.XXXVIII) laat deel. 'n Intens bloue hemel straal oor 'n ruige vlei met blomme en diep sappige gras.

Die voorste ruiter hou die jakkalsstert wat gebuit moet word omhoog, terwyl hy sy perd aanjaag om hom nog vinniger weg te dra. Die tweede ruiter het hom byna ingehaal en lê eintlik plat op die perderug om die stert wat tergend in die wind waai, by te kom. Met die een hand hou hy die teuels, terwyl die ander ver uitgestrek is om die stert te snap. Vitaal word die twee jagters weergegee, vol spanning en krag. Terwyl die blomme in die vlei fyn en sensitief geskilder word, is alleen die wesenlike in perd en ruiter gegee --- alleen die indruk van vreugde wat die skilder deur hierdie aanblik bewaar het.

Die opvallende skoonheid van die jaghonde met hul lenige liggame, hulle vinnige en elegante bewegings, gryp Aschenborn vas in die Jaghonde.[128] Uniek skilder hy die wit en bruin jaghonde wat in wilde vaart uit 'n digte bos links in 'n rivierbedding spring, om dan verder te jaag, die ruiters vooruit.

In een groot ritmiese golf word hierdie toneel geskilder. Die oog volg die beweging vanaf die oewer, deur die sprong van die honde, waarna die beweging verder opgevang word deur die harmoniërende, golwende bewegings

van /

Afb.XXXVIII, sien bl.103a: Twee Ruiters oor 'n Bloeiende Vlei.

128) Jaghonde.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die sandduine en vandaar uit die raam gelei word.

Ook by die ruiters se <u>Tuiskeer na die Jag</u> (Afb.XXXIL) is dit aand. Gelei deur 'n wit skimmel, ry hulle twee-twee stilswygend deur die herfsaand. 'n Sagte koel windjie waai deur die berke langs die pad terwyl die velde links rustig in die aandskemering sluimer. Dit lyk asof die dag reënerig was, aangesien die pad waarlangs hulle ry, nat en modderig is. Die agtergrond vervaag in die skemerte van die aand. Moeg laat die perde hul koppe sak en swaar druk die gewig van die ruiters in die sael. Alleen die spierwit skimmel voor is nog vol lewe en beur stal se kant toe. Ongeduldig trek hy aan die teuels, totdat die ruiter omkyk en die ander aanwakker.

Soos die ander jagtonele is ook hierdie een vol stemming, en herinner weer aan Corot, met sy romanties verdroomde landskappe, die sensitief getekende blare en bome wat aan gedigte laat dink.

Tenspyte van die tegniese fynheid, is daar 'n grootsheid van opvatting en gevoel. Uitgedruk word die kunstenaar se diep liefde vir die perdesport en vir die Noord-Duitse landskap, waaruit hy gebore is. Alhoewel hy altyd na son gesmag het, moes hy tog teer aangetrokke gevoel het tot sy eerste tuiste in die Noorde met sy newelagtige dae en sagte herfskleure.

Die volle stemming van 'n <u>Ruiterfees</u> (Afb. XLI) het Aschenborn geslaagd in een van dié serie se skilder-

werke /

---

Afb.XXXIL, sien bl.107a: <u>Tuiskeer na die Jag.</u>

Afb.XLI , sien bl.107a: <u>Ruiterfees.</u>


© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

107a

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XXXIL



XL

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



werke vasgehou. Dit is aand en die ruiters reeds in 'n vrolike stemming, arriveer geselsend by die feestelik verligte huis. Hulle dra nou aanduniforms en een van hulle groet die gasheer, terwyl die stalkneg gereed staan om sy perd weg te lei.

Op die oop stoep stel die gasheer die heildronk in, terwyl sy bediende die rykversierde kandelaar omhoog hou. Op hierdie toneel verskyn nou ook die skone geslag, in lang swaar syrokke. Bokant die ingangsportaal, waardeur die silwer lig van die woonsaal val, hang 'n jagtrofee, die kop en horings van 'n hertbul.


Die weergawe van die toneel herinner baie aan die romantiese sketse van von Menzel, die Duitse skilder, wat ook die feestelike stemming, destyds in die kasteel van Frederik die Grote, poëties kon weergee. Die stemming by hom is egter dromerig met sy silwer lig, gedempte gesels en sagte musiek, terwyl by Aschenborn die vrolike gelag van die ruiters wat mekaar hulle staaltjies van die middag se jag vertel, byna hoorbaar is. Dit is 'n ruiterfees gesien met die oë van 'n ruiter wat hierdie hele stemming van kameraadskap self ondervind het.

Aschenborn het verskeie perdekoppe geskilder in olie of waterverf, en geteken in potlood of in ink. Een van die bekendstes is die Perdekop (Afb. XLII) uit die jag-serie. Die kop van 'n wit skimmel met baie donker oë word in vinnige maar uiters kragtige hale afgeskets. Geen teuels of rieme bedek die trotse hoof van die perd en die fyn buiging van die nek nie. Dit is voorwaar 'n perdeportret. /

Afb. XLII, sien bl. 108a : Perdekop.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XLII



XLIII

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



perdeportret. Dit lyk asof die dier model gestaan het en bewus was van al sy skoonheid. Die agtergrond is vlak weergegee in 'n lewendige spel van vloeiende en kruisende los kwasstreke. Niks versteur die wesenlike van die uitdrukking in die houding van die perdekop nie. Effense diepte word alleen verkry deur 'n afwisseling in lig en donker in die agtergrondskildering.

'n Minder geslaagde Perdekop[129)] is ietwat vroeër gemaak. In teenstelling met die vorige een, lyk dit soos 'n uitknipsel uit 'n groot geheel. 'n Donker perdekop met 'n wit ster op die voorkop is teen 'n vae agtergrond weergegee. Die dier is gereed gemaak vir 'n rit. Die oë kyk wakker en opgeruimd. 'n Ruiter word in die agtergrond aangedui, besig om sy perd te sael. Alles, agtergrond en voorgrond, vloei inmekaar. Die tekening van die perdekop is minder geslaagd as eersgenoemde, en is tegnies nie sterk nie. 'n Sekere styfheid kenmerk die werk. Die agtergrond daarenteen is by nadere beskouing, 'n goeie klein stukkie impressionisme.

Maar die bekendste Perdekop (Afb.XLIII) wat Aschenborn gedoen het, is die wit pastelskets op 'n grys agtergrond. Met 'n paar baie vlugtige lyne word die kop geskets, seker en intens ekspressief. Sy diepe begrip van hierdie dier kom hier vol tot uitdrukking. Slegs 'n ruiter self, kan die perd só uitbeeld. Die hele siel van die dier, sy wysheid en sy trots lê in die uitdrukking van die diep oë. Dit is mynsinsiens een van die mees hoogstaande sketse wat die kunstenaar ooit

gedoen /

129) Perdekop.

Afb.XLIII, sien bl.108a: Perdekop.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedoen het.

Samevattend vir hierdie jagserie, skilder Aschenborn die uiters seldsame, maar bekoorlike Jagstillewe.[130)] Dit is moontlik 'n heel nuwe verskynsel in die stillewe-skildering en is reeds daarom van belang. Hy plaas langs die konvensionele vaas met blomme en die kers, 'n rymuts, handskoene en 'n sweep, spore en selfs 'n ry-baadjie - al die attribute van die jagter. Helder steek die wit vaas en die handskoene van die byna swart-rooi baadjie en muts af. Die agtergrond is neutraal gehou, blykbaar in 'n sagte grys.

Dit is sowaar 'n "stil" lewe. Mens kry die indruk van diepe rus en vrede na 'n lang dag van jag, geroep en gejaag. Nou is die attribute afgelê, en net soos hulle uitgetrek en liefderyk bymekaargesit is, so hou hulle Aschenborn vas op die palet.

As herinnering aan sy militêre tyd in Afrika, skilder Aschenborn in Kiel die Patrouille by die Waterberg[131)] waarvan ongelukkig slegs so 'n swak afdruk beskikbaar is, dat mens geen definitiewe beskrywing daarvan kan gee nie. Drie ruiters staan vergader onder 'n boom en hou wag. In die agtergrond sien ons die Waterberg. Tegnies skyn die werk nie van 'n baie hoë gehalte te wees nie.

Aschenborn het homself verskeie kere, in verskillende stemminge geskilder. Een van die Selfportrette (Afb. XLIV) kan mens tot die serie van die jagtonele tel, aangesien hy homself daarop in jagklere uitbeeld. Dit is 'n half-portret, wat die skilder as 'n lang skraal

man /

---


130) Jagstillewe.

131) Patrouille by die Waterberg.

Afb.XLIV, bl. 110a : Selfportret, in Jagklere.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XLIV



XLV

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



man in 'n ruitersuniform teen 'n agtergrond van bome en vaag aangeduide ruiters toon.

Alhoewel hierdie selfportret nie van die beste werk is wat Aschenborn gelewer het nie, het hy tog weereens daarin geslaag om die kritiese en beproewende uitdrukking in sy eie oë weer te gee. Hierdie oë, waarin soveel lewenslus en humor geskuil het toe die kunstenaar na Suidwes gereis het, is nou ernstig en vertel van die leed en heimwee wat sy hart nou vul. Jare van swaarkry en bitter ervaring gedurende die oorlog verander die vriendelike en skelm trekke in erns en terughoudenheid Die wesenlike word deur die oë uitgedruk. Die afweer teenoor sy vyande en die treurigheid oor sy verlore Duitse land in Afrika, lê daarin. Die hele figuur word breed en vinnig geskilder sonder enige besonderhede; byna ekspressionisties gegee, vanweë die krag wat straal uit die hoof.

Bekend is die Selfportret voor Esel. XLV) Hierdie portret is in sy laaste jare geskilder en toon die skilder besig met 'n skildery. Sy oë is nou nog meer swaarmoedig en beproef. Die gesig is verouderd en die blik keer na binne. Diep is die hoed oor die oë getrek en die mond het siniese diep lyne. Hy het agterdogtig teenoor die lewe geword na al sy teleurstelling deur die oorlog in Afrika.

Die agtergrond en die gespanne doek voor die kunstenaar, sowel as die baadjie is breed en impressionisties geskets; maar die gelaat weereens sterk ekspressief.

In /

---

Afb.XLV , sien bl.110a: Selfportret voor Esel.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In Kiel maak Aschenborn verskeie waterverfsketse oor die jagtema. Een van die mooiste waterverf-tempera werke is die groot <u>Jagtoneel langs 'n woud,</u> (Afb.XLVI) mynsinsiens een van dié mooiste werke van Aschenborn. Aan die rant van 'n dennewoud in oker en grysgroen herfskleure en donker-blou skaduwees, jag vyf ruiters 'n wildevark. Die skilder self is in die tweede ruiterfiguur uitgebeeld. 'n Derde ruiter spring juis oor 'n spruitjie, terwyl aan die anderkant daarvan die honde om die wildevark saamdron. Mens vervolg 'n dramatiese jag, heen en weer oor die spruit. Die kleur van die vel van die perde wissel van 'n bruin, na 'n silwergrys nuanse wat sensitief harmonieer met die kleure van die herfsbome. Die gras is ook okerkleurig en vorm 'n kontrasterende agtergrond vir die wit en roesbruin van die jaghonde en die rooi van die ruiteruniforms. Die stemming van die Noordduitse, blaarryke woud met die hoë groen denne tussenin, die newelrige lug wat deur die stamme kruip, en die bruin water waarin die bome en diere groen en wit gereflekteer word, het Aschenborn poëties geskilder. Die hele toneel word gekenmerk deur 'n pastelagtige en mistige karakter. Die meeste van sy ander ruitersketse en



XLVI

skilderye /

---

Afb.XLVI, sien bl.112 : <u>Jagtoneel</u>.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

skilderye is indrukwekkend vanweë hul helder en skerp kleure.

'n Paar vinnige sketsies van ruiters in alle moontlike posisies getuig van die skerp humorsin van die kunstenaar. So is daar byvoorbeeld 'n Ruiter terwyl hy val, weergegee.[132] Voor 'n hindernis wil die perd nie meer soos sy ruiter nie, en bly hardkoppig staan terwyl sy baas kop eerste anderkant die hindernis beland.

Die klein sketsies wat die kunstenaar so in sy tekenboeke agtergelaat het, is onvoltooid, maar soms van 'n noemenswaardige vitaliteit en beweeglikheid, byvoorbeeld Jag in 'n Woud.[133] Met 'n paar wesenlike hale word 'n sprong by 'n riviertjie weergegee, lewendig en vry.

Ruiters voor die Jag[134] is een van 'n reeks voorbereidende sketse vir 'n latere olieverfwerke. Hierdie werkie is fyn afgewerk, kleurvol en opgeruimd. In die agterplaas van 'n ryk grondbesitter se huis vergader die ruiters. Vrolik gloei die rooi uniforms, en blink die perderûens. Tussen die gesellige geklets van die ruiters, klink af en toe die gekwaak van die eende en ganse wat tussen hulle deurwaggel. Die kunstenaar het al hierdie oomblikke self belewe as ruiter.

'n Verdere afgeronde en besonder goeie waterverfwerk is die Ruiters in die woud (Afb.XLVII) Dit is een van die beste kleinere waterverfstudies wat ons nog van die

kunstenaar /

---

132) Ruiter wat val.

133) Jag in die woud.

134) Ruiters voor die Jag.

Afb.XLVII, sien bl.113a: Ruiters in die Woud.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



XLVII



XLVIII

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kunstenaar besit. Dit is 'n impressionistiese skets van 'n groepie ruiters wat in die woud 'n ruspouse gedurende hulle jag maak. Ingeraam deur die hoë bome van die woud, staan die ruiters en gesels. Dames in ruiteruniforms verskyn ook op die toneel. Links agter staan die "master" op sy wit skimmel en maak gereed om sy jaghoring te laat klink om die ruiters tot verdere jag saam te roep. Die komposisie is sinvol opgebou. Horisontaal word die toneel in drie dele verdeel deur drie groepe bome wat indie agtergrond in gelyke afstande van mekaar geplaas is. Die horisontale effek word verbreek deur die groepie ruiters wat in die voorgrond in 'n vertikale vlak groepeer is. Die diagonale van die twee perde regs en links, wat die toneel as't ware binnery, gee 'n dramatiese en lewendige effek aan die komposisie.

Nog 'n besonder vitale skets van 'n Ruiter gedurende 'n Sprong (Afb.XLVIII) is in Kiel te sien. In volle galop jaag 'n ruiter oor 'n hekkie. Die essensiële lyne is so liggies aangetoon, dat dit byna onvoltooid lyk maar tog die oomblik meesterlik en volkome uitdruk. Alleen met waterverf kan die kunstenaar 'n vlugtige en verbygaande moment so volmaak vashou.

'n Paar goeie, vlugtige sketse van die jag, wat bedoel is as illustrasies vir beskrywings van hierdie sport vind ons in ou uitgawes van die Westermanns Monatshefte. Hulle is gedurende die laaste lewensjare van die kunstenaar in Kiel gedoen. Die oorheersende kleur in die sketse is die rooi van die uniform en die bruin van die perde./

---

Afb. XLVIII, bl. 113a: Ruiter gedurende 'n Sprong.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 201


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



perde. Omraam deur 'n groen agtergrond word die hele prosedure van die jag geskets. Ons volg die ruiter op sy jagtog vanwaar hy opsaal,[135] terwyl die horing weerklink;[136] ons sien hom weggalopeer;[137] en by die eerste sprong[138] waar een van die ruiters kop eerste grond toe duik. Ons begelei die jaghonde op die heerlike vrye tog deur die wye veld agter die jakkals aan.

Met 'n paar wesenlike kwasstreke is die tipiese houding van perd en ruiter oombliklik vasgehou en laat die kunstenaar ons ook die herfsstemming van die agtermiddag deel.

".....Herbstsonnenschein über Stoppel und Brache, über Wiesen und Wald!......... die Hocken sind fast verschwunden von den Feldern und das Land frei für die Jagdreiter........"



XLIX

Die "Master" (Afb.XLIX) sluit die reeks van jagtonele af. Dit is een van die kleinstes maar beste perdeuitbeeldings, wat Aschenborn gemaak het. Behalwe die trotse /

135), 136), 137), 138): Ritte im Roten Rock, reeks jagtonele in: Westermanns Monatshefte (Uitgawe onbekend, ± 1930)

Afb. XLIX, bl. 115: Die "Master".

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



trotse perd en sy ruiter, word geen agtergrond gegee nie. Dit is 'n portret. Met 'n paar vinnige hale word die onderwerp seker en oortuigend neergeskets. Die ligwerking op die perd se vel is meesterlik, baie vryer as by die "Schutztruppler" (Afb. waar Aschenborn dekverf moes gebruik vir die ligeffekte.

Vir feitlik elke ruiter beteken die sprong oor 'n hindernis, die "verowering" daarvan, die hoogste geluk. Oor en oor skets en skilder Aschenborn hierdie oomblik. Ongetwyfeld is waterverf die mees geskikte medium vir dié beweeglike studie. Tog bestaan daar ook besonder goeie potlood- en kryttekeninge. In houtskool besit Kiel een van die mees aantreklikes (Afb. L) Gelei deur 'n groep opgewonde jaghonde, volg 'n ruiter met 'n wit perd. Die oomblik van die sprong oor die heining word geskets, vinnig maar akuraat. Twee perde in die agtergrond is net impressionisties aangedui. So ook word die res byna gestileer. Mynsinsiens is hierdie skets van dié tema, een van die mees geslaagde, wat die tekening en die komposisie daarvan aanbetref.

By die ruitersketse hoort ook die herinnering aan die "Schutztruppe", Die Ruiter en sy Perd (Afb. LI). Weergegee word 'n soldaat langs sy perd, blykbaar op wag. Die twee figure vul die hele voorgrond. Aschenborn gebruik hier bo-oor die waterverf wit plakaatkleur om die lig-

effekte /

Afb. L, bl. 115a: Sprong.


Afb. LI, bl. 116: Ruiter en Perd.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

116 a

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



L

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



effekte op die perd en ruiter vas te hou. Die toneel wil voorkom asof dit bedoel was vir een of ander dekblad.

Twee "Schutztruppen" - leiers[139)] word op kamele in die Kalahari uitgebeeld. 'n Duinelandskap, by sonsondergang, word stemmingsvol weergegee.

Verskeie kere het Aschenborn die Eensame Ruiter in die Vlakte geskets of geskilder en toe uiteindelik as omslag vir die boek "Volk ohne Raum" ontwerp. Een van die sketse noem hy Kersfees in die Vlakte.[140)] Ons sien die ruiter wat met sy hand sy oë skut een die son en in die verte staar. Net soos sy perd is ook hy, in 'n diep bruinpers geskilder. Perd en ruiter is èèn. Moeg laat die perd sy kop hang en trap van een uitgeputte agterpoot op die ander. Die skets is onvoltooid.

"...Und still und einsam ist's um mich her
Es schlummert die weite Steppe,
Es rauscht nur der Wind im Gräsermeer
Ich ruh' auf Sattel und Decke --
Die Sterne, sie flimmern aus endlosen Raum
Wie einstens die Lieder am Weihnachtsbaum".[141)]

As voltooide omslagwerk[142)] ontmoet ons die ruiter weer op 'n wyd uitgestrekte vlakte wat alleen deur ylblou berge onderbreek word. Die ruiter staar in die verte asof hy iets soek. Terwyl die regterhand sy oë beskut, hou hy met die linkerhand die geweer vas. Die komposisie is modern, byna twee-dimensioneel opgevat,

en/

139) Twee "Schutztruppen"-leiers.

140) Kersfees in die Vlakte.

141) Steppenreiters Weihnacht, H.A. Ascenborn: Afrikanischer Heimatkalender 1934, bl. 39.

142) Ruiter.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en sekerlik een van Aschenborn se mees gevorderde ontwerpe. Die idee van ruimte word volmaak vertolk. Ook 'n linoleumsnee bestaan van hierdie toneel.

Sekerlik een van die mees tipiese Aschenborns, is die Eensame Ruiter op 'n verlate Vlakte. (Afb. LII) In die grenslose eensaamheid van die woestyn, ry 'n moeë ruiter met los teuels huiswaarts. "Müde mahlten die Hufe mit knirschenden Eisen den losen Sand....."[143]) Die oneindigheid van die hemel, sonder 'n enkele wolk, strek tot by die lae horison. Ook die vlakte word deur geen enkele bos of boom onderbreek nie. Links teen die horison sien ons lae bergtoppe, baie vaag en onwerklik. Nie eers die geliefde son is speurbaar in hierdie werk nie. Die volle besef van wydte, oneindigheid en eensaamheid kom hier meer as in enige ander skildery vol tot uitdrukking. Dit is vir my 'n meesterlike werk. Ons kan daarin sy diep verlange na die wye Afrikaanse veld bespeur. Die werk is 'n herinnering daaraan of net 'n droom - wat 'n droom sou bly. Die betragting van hierdie skilderwerk, laat 'n weemoed aanvoel; 'n weemoed oor 'n verlore tuiste.

In die bespreking van die werke in hierdie hoofstuk, is dit opvallend hoe die skilderstyl van Aschenborn deurgaans verander het. Nie alleen het die kunstenaar deur al die ontberinge van die oorlog 'n stadium van innerlike volwassenheid bereik wat tot uitdrukking kom in sy selfportrette /

Afb. LII, sien bl.118a: Eensame Ruiter op Vlakte.

143) H.A. Aschenborn: Afrikanische Buschreiter, bl. 25.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016



LII

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



selfportrette en in sy herfsjagtonele nie, maar is ook 'n definitiewe stylverandering speurbaar. Die werke soos Die Werra-brug (Afb. IV) is hoofsaaklik realisties van aard, terwyl daar ook altyd nog 'n neiging tot die impressionistiese is in die potloodsketse en waterverf-studies. Maar wanneer ons nou na die Selfportret (Afb. XLV) kyk, is 'n oorheersende ekspressionistiese houding onbetwisbaar. Met breë streke word alleen geskilder wat tot uitdrukking van die innerlike gevoel en houding bydra. Maar nie alleen het Aschenborn deur die swaar jare van die oorlog sy blik na binne gekeer en nou meer uitdrukking gesoek vir sy gevoel nie, maar het hy ook na 'n lang periode van eensame kunstenaarskap teruggekeer na 'n wêreld van hoë kultuuraanvoeling. En in hierdie wêreld van ± 1921 heers nog die rigting van die Duitse Ekspressionisme. Die ontberinge van die Eerste Wêreldoorlog het 'n groep Duitse kunstenaars bymekaar gebring wat uitdrukking wou gee aan hulle gevoelens. Hulle skilder opreg en direk hulle gevoelens en ondervindinge.— niks word deur die mooi wêreld van die skyn vertroebel nie. Die harde werklikheid word vertolk. Aschenborn moes beïndruk gewees het deur hierdie eerlike kuns, en die hoë vereistes wat die werke van kunstenaars van die Brücke-groep gestel het, laat hom meer selfversekerd, hartstogtelik en kragtig skilder. Dit doen hom op hierdie stadium goed om in 'n kritiese wêreld met hoogstaande kunswerke te kom. Hy is volwasse genoeg om nie slaafs na te volg nie, maar vind deur die werke wat hy sien 'n vorm waarin hy sy gevoelens kan giet. Sy werk word sterk en ekspressief. /

---

Afb. IV , sien bl. 39a: Die Werra-brug.

Afb. XLV , sien bl. 110a: Selfportret.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ekspressief. Nog bly die aantreklike impressionistiese agtergronde, bv. in die Selfportret in Jagklere (Afb. XLIV), maar die wesenlike inhoud druk baie dieper waarhede uit.

Indien Aschenborn nie reeds groot kunswerke geskep het nie, is hy tegnies en veral innerlik volkome voorberei daartoe. Die hoogtepunt in sy kunsuitdrukking is bereik.

---

Afb. XLIV, sien bl. 110a: Selfportret in Jagklere.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VI

## Oos-Afrika

Ek behandel in hierdie hoofstuk weereens agtereenvolend die olieverfwerke, waterverfstudies en grafiese werke.

Aschenborn se groot verlange om nogeens terug te keer na sy geliefde Afrika, word deels vervul wanneer hy saam met 'n filmekspedisie na Oos-Afrika kan reis. Met 'n laaste energie en intensiteit bestudeer hy weereens mens, dier en veral die onbekende landskap. Dit is die geheimsinnigheid van die hoë berge en die oerwoud wat hom trek. Hy is slegs die wydte en verlatenheid van die Suidwes-Afrikaanse landskap en die Noorde van Europa gewoond, en sien nou skielik die oorweldigende bergtoppe van die Kilimandjaro, die berg Kenya, voor hom.[144i)] Hy skep olieverfwerke wat werklik groots is en 'n by hom voorheen ongekende skilderstalent openbaar.

Aschenborn skilder die Kibo-spits[144ii)] wat op daardie oomblik deur die wolke vrygegee word. Die kunstenaar behaal 'n eienaardige dieptewerking, deurdat die oog deur alles ongehinderd na die bergtop gelei word. Die blik trek van die bosbegroeide Savanna-landskap op na die hoër reënwoude van die berg, waar lig en skadu mekaar in malende wolkemassas afwissel, en dan uiteindelik na die sneeubekroonde bergtop wat deur die grypende wolkehande blootgelê word.

Die /

144i) Die betekenis van Kilima-Ndjaro (Kismaheli): Berg van die bose geeste.

144ii) Kibospits.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die diep geheimsinnigheid van die trope word, op 'n nagenoeg ekspressionistiese wyse, aangrypend uitgedruk.

Dieselfde bergtop het Aschenborn verskeie kere weergegee, elke keer in 'n verskillende lig en vanuit 'n ander kant of vlak. Nog 'n besonder stemmingsvolle weergawe van die Kibo (Afb.LIII) toon die berg in die aand, wanneer slegs die top nog in die helder sonlig lê, terwyl die hange in swart en groen skaduwees van die oerwoud gedompel is. Soos 'n koning oor die landskap troon die stralende wit spits van die berg oor die duisterheid van die oerwoud.

'n Bekende werk wat die omgewing van die Kilimandjaro toon met die berg in die agtergrond, is genoem Aand by die Kilimanjaro.[145] In die voorgrond staan die slank silhoeët van 'n neger wat met sy spies op die grond droomverlore na die berg kyk, wat in sy hele skoonheid in die aandlig straal. Hierdie toneel moes blykbaar in 1925 geskilder gewees het, toe Aschenborn net weer in Afrika aangekom het, aangesien uit die volgende gedig wat by die toneel geskryf is, sy groot blydskap, om weer in die sonneland te wees, tot uitdrukking kom:

"Und wieder steh' ich im Märchenland
Auf Deutsch-Afrikanischer Erde
Es nicken die Gräser aus rotem Sand
Es starren gen Himmel die Berge.

------

Und /

Afb.LIII, sien bl.122a: Kibospits.

145) Aand by die Kilimanjaro.


© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





LIII



LIV

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Und vor mir lehnt der Massai am Speer -
Verästelter Palmen Gefieder
Reckt hoch sich vor glühendem Wolkenmeer -
Der Abend singt heimliche Lieder.

- - - -

Und langsam klettert die Nacht empor
Über Felsen und Urwaldwipfel,
Da lodert plötzlich aus Wolken hervor
Wie glühendes Eisen der Gipfel

- - - - -

Des Kibo eisiges Schneegewand
Erstrahlet in feurigen Farben
Wirft leuchtenden Schleier weit über das Land
Für das so viele einst starben.[146)]

- - - - - -

Vir een van die mees bekende etse van die berg, het die kunstenaar ook 'n <u>olieverfwerk</u> gedoen (Afb. LIV). Bokant die donker en geheimsinnige oerwoud steek die wit bergtop bo borrelende wolkemassas uit. In die skaduwees van die oerwoudreus staan drie klein negerhutjies: "... ...Rundum alles im tiefsten Schlummer, im bläulichen Schimmer des Mondes. Schwach nur heben sich die Umrisse des Berges aus nächtlichem Dunkel. Aber dort oben, so unerreichbar fern unter der blauen, sternübersäten Kuppel des Himmels, da schimmert im silbrigen Glanze das eisige Haupt des Kibo in betörender Schönheit..... Die Nebel wallen um den Berg, steigen und sinken, ballen sich zu Wolken, ziehen herauf, ziehen herunter - wollen den

Gipfel /

146) H.A. Aschenborn: <u>Abend am Kilimanscharo</u> (gedig in onbekende <u>publikasie</u>)

Afb.LIV, sien bl.122a: <u>Kilimandjaro</u>.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gipfel nicht freigeben, verhüllen ihn neidisch vor deinen Blicken....."197)

Die Kilimandjaro word weereens van 'n ander kant gewys,148) met 'n wyer voorgrond van digte bosse en bome. Die landskap gaan in die agtergrond oor in heuwels wat oordek word deur wolke, en waardeur die helder bergspits breek.

Nog 'n ander uitsig149) toon die bloeiselwit bergtop omgewe van byna opgelosse wolkies - in teenstelling met die ander tonele waar die wolke as massas die berg omvou. 'n Groot boom links in die byna diepswart voorgrond varieer die komposisie.

Die Kilimandjaro in die wolke150) toon regs 'n bergtop, terwyl links nog 'n spits sigbaar is. Die voorgrond is gekomponeer uit 'n donker horisontale laag, wat die trope voorstel, met 'n silwerhelder band daaroor wat die Savanna-gedeelte van die landskap omskrywe.

Die hoogtepunt van Aschenborn se skilder en tekentalent word bereik in die litografie van die Kilimandjaro151) Temidde van die digte oerwoud van die trope rys die berg Kibo. Vreemd en wonderlik met sy sneeukoepel steek hy hoog bokant die wolke uit. Die weergawe is eenvoudig, maar 'n byna mistieke stilte vul die atmosfeer. Die

wasigheid /

---

147) Beskrywing uit: Kolonialabreisskalender 1928)

148), 149), 150), 151): Kilimandjaro, Reeks van Oos-Afrikaanse Skilderwerke.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wasigheid van die hemel omhul alles. Die oerwoud word nie realisties weergegee nie; die suggestie van die opeenhoping van weelderigheid word geskep. Die toneel staan as 'n simbool vir die begrip van die trope. 'n Liriese noot kenmerk die werk en laat dit uitstyg ver bokant die alledaagse. Die aanblik vul die toeskouer met verwondering en eerbied.

Om die besondere atmosfeer van die geheimsinnige oerwoud en die landskapsverskynsels van Oos-Afrika te kan uitdruk, gebruik Aschenborn dikwels mengtegnieke van waterverf en kryt, of waterverf en plakaatverf.

'n Besonder interessante en eenmalige werk van Aschenborn, tegnies sowel as wat die inhoud daarvan aanbetref, is die nagtoneel by die Kilimandjaro.[152] Die hele toneel is in 'n intensiewe nagtelike blou gehul, wat die spierwit van die sneeubedekte bergtop helder laat afsteek. Geheimsinnig en sprokiesagtig is die atmosfeer, en die beklemmende stilte van die nag word verhoog deur die silwer maanlig wat glim op die kaal takke van die boom regs. Volmaak slaag die kunstenaar daarin om die tipiese van die Midde-Afrikaanse tropenag weer te gee. Tegnies is die werk moeilik bepaalbaar. Dit lyk asof die hele toneel eers in pastelkryt geteken is, en daarna eweredig met blou waterverf oorgeskilder is. Die verf het ietwat vervloei en verleen aan die werk 'n sagte, fluweelagtige voorkoms, passend by die onderwerp.

<u>Berg Kenya</u>[153] is in stralende helder oggendlig gehul,

152) <u>Kilimandjaro.</u>

153) <u>Berg Kenya</u>.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gehul, sodat die sneeu wit daarop blink, terwyl die voorgrond met die dak van die stroois, donker in die pers skaduwees lê. Die blou newel wat die berg nog sag omgewe, kondig die komende dag aan. Sketse soos hierdie is blykbaar op die plek gedoen en later in die ateljee tot olieverfwerke verwerk.

Ook in 'n linoleumsnee word die Berg Kibo (Afb.LV) weergegee. Waar die litografie die geheimsinnige en liriese uitdruk, het ons hierdie massiwiteit, die geweld van die berg. Onbeweeglik en onverbiddelik staan die oerwoudreus, omgewe van swaar verbytrekkende wolke. Die vlakte en die oerwoud daaragter word slegs aangedui deur 'n donker lewendige spel van kruisende lyne, waarteen die ronde wit top van die Kibo helder afsteek.

Terug in Oos-Afrika, skilder Aschenborn verskeie naturelle, diere en landskappe in waterverf. Bekend is veral die Twee Massais (Afb. LVI) Die fyn afgewerkte waterverfwerk het as onderwerp 'n Massai links met sy vrou. Hulle leun teen die hut agter hulle. In sy linkerhand dra die man 'n spies, terwyl hy in 'n kombers gehul is, en krale en ander versierings om die kop en arms dra. Hy is in 'n diepbruin geskilder, met pers skaduwees. Ietwat ligter sien ons sy vrou, wat 'n roesbruin kombers dra. Sy dra krale om haar nek en lang oorhangsels; silwerringe blink aan haar arms. 'n Ligblou lug omhul die toneeltjie in sy bruin en roesbruin nuanses. Die trotse houding van die Massai is duidelik. Die man is feitlik onversier in vergelyking

met /

---

Afb. LV , sien bl. 126a: Kibo.


Afb. LVI , sien bl. 126b: Twee Massais.

© University of Pretoria


Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016



LVII



LVI




LVIII

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met sy vrou, en dit is slegs sy pragvolle haarstyl wat sy adel toon.

Aschenborn skilder 'n reeks tafelkaarte vir die Duits-Oos-Afrikalyn, waarvan 'n deel verskillende naturelletipes weergee. Daar is o.a.[154] die Herero-vrou wat met die skinkbord die koffie aandra. Slegs die borsbeeld word in 'n sirkelformaat gegee. Mpishi[155] wat van oor tot oor straal, verkoop blomme en lyk soos 'n donker kleurling of 'n Arabier.

Die kleur van die agtergrond van hierdie portrette wissel van intense blou tot rooi, geel en pers, geel-groen, blougroen.

Mtoto[156] is nog jonk, maar vol trots oor sy rooi tulband. Hy word in profiel geskilder. Ook die Naturellekryger[157] in volle krygsversiering lyk wild en trots.

Met groot teerheid word die jong Massai-vroutjie[158] geskilder. Sy is gekleed in haar stam se drag, wat veral bestaan uit koperringe en krale. Haar man[159] daarenteen, is min versier en het alleen die kenmerkende deftige haarstyl. Dit is hierdie selfde paartjie, wat Aschenborn vir ons in die reeds-beskrewe waterverfskildery uitbeeld.

In dieselfde reeks skilder Aschenborn vir ons die verskillende hawens waar hy gedurende sy reis om die Ooskus/

---

154), 155),156), 157), 158),159) Reeks Tafelkaarte vir Oos-Afrikalyn.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ooskus van Afrika langs gekom het. Een van sy mooiste en mees gevorderde werke is Handelsbote by Zanzibar (Afb.LVII). Dynserige, sagte blou water gaan oor in pastelkleurige ligroos, groen en ligpers van die berge ver in die agtergrond. Heel teen die horison word die water helder groen. Een van die bote kom reguit op 'n mens af, en die weerkaatsing daarvan is donkergroen. Twee bote links en regs van die middelste een, voltooi die komposisie, met nog twee kleiner bootjies in die agtergrond. Die persone wat hulle roei, word slegs aangedui. Die weergawe van die roeders dra by tot die uiters dekoratiewe effek van die werk. Die pers van die bote aan die buitekant, kontrasteer vrolik met die geel van die hout binne. Die skaduwees is groen.

Wat die komposisie aanbetref, is hierdie werk buitengewoon modern opgevat. Twee derdes van die oppervlakte word deur die saggekleurde water ingeneem, en die horison is so hoog moontlik teen die raam geplaas - dieselfde verskynsel as by die Eensame Ruiter, ontwerp vir Volk ohne Raum. Die weergawe is feitlik vlak en twee-dimensioneel. Die komposisie herinner 'n bietjie aan die Japanese gekleurde houtsneë. Tegnies het Aschenborn die werk impressionisties benader. Hy plaas kleurkolle langs mekaar, om sodoende die vibrering en die refleksie van die water lewendig uit te bring.

Aschenborn gee verder vir ons 'n kykie in een van die smal straatjies van Zanzibar. (Afb. LVIII) In

sonlig /

---

Afb. LVII, sien bl. 126a: Handelsbote by Zanzibar.
Afb.LVIII, sien bl. 126b: Zanzibar.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sonlig gebaai, sien ons die kleurvolle lewe van die naturel. soos hy tussen die hoë wit huise van die eiland heen en weer loop of rustig op 'n hoek sit en blomme verkoop, of slegs droom. Die lug is gevul met die uitroepe van die naturelle wat hulle ware aanprys.

Die Inboorlingkwartier van Mozambique[160)] toon nog 'n reisskets. Vanuit 'n voëlperspektief, skilder die kunstenaar die dakke en mure van 'n paar inboorlinghuise. Groen steek palmbome langs die strate teen die wit van die mure af.

Werke uit hierdie reeks, soos die Victoria-valle en Durban[161)] gee byna die indruk van 'n reisadvertensie, as van 'n skilderwerk. Hulle is sterk kleurvol en trek die oog. Hulle verskyn dan ook as poskaarte. Ook die Riksja-boy[162)] skyn meer 'n reklame vir die stad te wees. Die vorms is vereenvoudig en die kleure verskerp. Al hierdie tafelkaarte dra die karakter van die destydse plakaatkuns.

Uit Oos-Afrika stam verskeie van Aschenborn se beste linoleumsneë. Oosterse Maanlignag[163)] is een van die bekendstes. Dit is die toneel van 'n smal straatjie tussen huise. Baie dekoratief en lewendig versmelt die huise en mense met straat en omgewing. Golwende rit-miese lyne laat die huise beweeg en lewe. Glansende maanlig raak die breë vlakke van die geboue en laat die skaduwees op die strate nog swarter vertoon.

In /

---

160), 161), 162) Tafelkaarte (Oos-Afrika-lyn).

163) Oosterse Maanlignag.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die Papirusmoeras[164] sien ons 'n Maraboe, op een been in die water staan. Deur die medium van die linoleumsnee verander die papirusplante van hul realistiese vorm na abstrakte geometriese vorme, wat byna met klein sterre vergelyk. Vrolik vorm hulle 'n dekoratiewe rand vir die liriese beskrywing van die toneeltjie in die voorgrond. Blink lê die sonlig op die wateroppervlakte; donker en geheimsinnig skemer die skaduwees deur die rietbosse langsaan.

Mens verneem die klanke van die oerwoud, gesuggereer deur die linoleumsnee van die Sinjaaltamboer.[165] Dof en dreunend klink die dromme deur die stilte van die landskap. Naturelle onder palmbome by 'n meer is die musikante wat hierdie magiese natuurklanke voortbring. Vertikaal belewe die slanke palmstamme die horisontale vlaktes van die meer en die land.

Die meer en die golf is geskikte elemente vir die linoleumsnyer, weens hul golwende en ritmiese karakter. Aschenborn noem 'n besonder aantreklike meertoneel, Verlange.[166] Die lyne in die wolkeformasie word deur die bewegings in die see opgevang en ritmies verder gelei tot buite die raam, waar die gedagtes mag voortvloei en na die land van herinneringe dwaal. Sekerlik het Aschenborn hierdie linoleumsnee gedoen, toe hy reeds weer in Kiel was en die heimwee na Afrika hom byna laat vertwyfel het.

Oerwoudstroom /

164) Papirusmoeras.

165) Sinjaaltamboer.

166) Verlange.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Oerwoudstroom[167] is sekerlik gedoen in Oos-Afrika. Tussen hoë oerwoudbos met rankplante kronkel 'n oerwoudstroom met malende waters. Die kop van 'n seekoei, wat die stroom afswem, is sigbaar.

Terwyl die bome 'n byna kubistiese patroon vorm, is die beweging in die water vloeiend en sag, dit vorm 'n ritmiese en golwende kontras teen die hoekige omgewing.

Die Oos-Afrika kus by Kenya en Zanzibar is meermale deur verskeie Suid-Afrikaanse skilders besoek. Elkeen van hulle is getref deur die heeltemal vreemde atmosfeer van dié deel van die land en deur die ontsettend fel lig wat die wit huise nog witter laat skyn en die skaduwees swart kleur, en elkeen van hierdie kunstenaars het hierdie indrukke op 'n eie wyse weergegee.

Oerder het reeds op sy eerste terugkeer na Europa, ± 1907 en 1908, daar aangegaan. Hy is beïndruk deur die vogtige kleure van die binneland en het hulle op 'n byna Europese manier vertolk.

Ook Pieter Wenning het daar besoek afgelê en geskilder - sagte ylwit landskappe met donker palmsilhoeëtte.

Pierneef skilder soos Aschenborn, felkleurige hawetonele, wat byna soos reklamewerke vertoon. Eers wanneer hierdie kleure self beleef is, besef mens dat albei kunstenaars hulle baie naby aan die werklikheid gehou het en slegs uitgedruk het wat hul oog vir die eerste keer intens waargeneem het.

Irma Stern skilder die hele Oos-Afrika - die Massai, die /

167) Oerwoudstroom.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die oerwoud en oosterse dorpstonele.

Mitford-Barberton het reeds van vroeg af lank daar gewoon en het herhaaldelik die inboorlinge van Oos-Afrika uitgebeeld, veral die Massai-krygsmanne en die Nandi-stam (veral die vroue).

George Enslin het in sy talryke kleurvolle pensketse van Zanzibar daarin geslaag om die bont, borrelende hawelewe stemmingsvol weer te gee. Hy word ook geïn-spireer deur die "Oosterse" visserslewe.

So sien feitlik elke kunstenaar hierdie wêreld met 'n eie oog. Ook Aschenborn het dit op sy eie manier geïnterpreteer en kan sy weergawes eintlik met geeneen van bogenoemde werke vergelyk word nie. Slegs Pierneef het die skerp lig net so intensief beleef soos Aschenborn, en lyk ook sy weergawes van die Ooskus ook ietwat on-realisties.

Aschenborn bereik met sy werk in 'n meer ekspres-sionistiese styl 'n belangrike ontwikkeling, en 'n hoogte-punt in sy skildersloopbaan.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VII

## Aschenborn as Illustrator van boeke en verhale.

Dit kan nie betwyfel word dat Aschenborn veral sy naam gemaak het met die illustrasie van boeke en verhale nie. Daarin is hy groots en kom sy ekspressiewe tekentalent tot volle uitdrukking. Dit is in die kleinste sketsies dat sy grootste begaafdheid en aanpassingsvermoë duidelik word. Hy kan hom in elke gebeurtenis en stemming inleef. In sy sketse belewe hy die inhoud van die awontuurverhale en gedigte -- hulle is die voltooiing daarvan. Soms sou hulle opsigself nie kon bestaan nie; soos die weergawe van die spore van 'n bok of 'n insek. Maar vir die verhaal is juis hierdie kleinighede van groot waarde, hulle is verweef met die inhoud.

Aschenborn het oor die honderd boeke en verhale geïllustreer, en ons kan alleen die mooistes daarvan uitkies en hulle kortliks bespreek. Alhoewel die kunstenaar van tegniek wissel, is dit veral die penskets, die kryttekening en die litografie wat hy vir die illustrasiedoel gebruik.

Aschenborn illustreer die boeke van sy vriende, Steinhardt en Sangiro, en van talryke ander awontuurverhaalskrywers. Kenmerkend is die feit dat die kunstenaar verskeie van sy etse en tekeninge herhaaldelik gebruik het in verskillende boeke en verhale. So byvoorbeeld vind ons die bekende ets van die _Tarentale in die Nag_ herhaaldelik, òf as pentekening, òf as ets, òf as waterverfstudie, terug in verskillende boeke.

Die /

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die beste illustrasies is in die vorm van klein randtekeninge, maar dikwels is die volbladtekening verkwikkend en van 'n baie hoë gehalte, soos in Steinhardt se Ehombo en Steppenvolk.

Die linoleumsnee, alhoewel uiters geskik as illustrasie, vorm eintlik altyd 'n volkome selfstandige werk. En so ook die olieverfskildery. Aschenborn maak illustrasies nie alleen vir boeke en verhale nie, maar lewer lopende bydraes, selfstandig of as versiering vir 'n artikel of verhale in Afrikaanse tydskrifte. Die bekendste illustrasies is natuurlik vir sy eie boeke gedoen.

(a) Illustrasies vir boeke deur H.A. Aschenborn

(i) Afrikanische Buschreiter[168] wat sy ondervindinge op die plaas en in Suidwes humorvol skilder, word vergesel deur grappige pensketse. Party van hulle is nog ietwat styf en ongeskoold, maar slaag nogtans daarin om die vertelling af te rond en die gewenste stemming of effek te bereik. In die herinnerings aan die vrolike partytjies, skets hy byvoorbeeld die Naturel wat met al sy kragte probeer om sy dronk baas op die perd te tel om hom huis toe te vervrag. (bl. 64) Of ons sien die Naturellemeidjie wie se rokke deur 'n warrelwind gevang word terwyl 'n verlore lammetjie verskrik deur haar bene hardloop. (bl. 79) Besonder fyn en volwasse is die

klein /

168) Afrikanische Buschreiter, Lehr und Wanderjahre eines Afrikaners, August Scherl, G.m.b.H. Berlin SW 68, 1926.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



klein sketsies van die kamele in herinnering aan die militêre oefeninge of lang ritte deur die Kalahari, bv. die Jag op Kamele agter 'n wildebees aan. (bl. 110) Die Ossetrek word kragtig en fors weergegee, (bl. 115) of baie fyn en illustratief. (bl. 171) Vol rus word toneeltjies Om die Vuur geskilder; terwyl die sketse wat die oorlogsherinneringe vergesel, awontuurlik en dramaties is.

(ii) Die pensketse in Onduno[169)] is kleiner en meer talryk. In die eerste verhaal van Onduno, die Koedoebul, (bl. 17) herken ons verskeie van die etse wat reeds bespreek is, terwyl die pensketsies nuut is en van 'n uiterse sensitiwiteit getuig. Elke verhaal handel oor verskillende diere. Dit vertel die awonture en ondervindinge van die kunstenaar. Die boek is 'n reisjoernaal in beeld, die dagboek van 'n veredelde natuurmens, jagter en boer. Sy kuns was nooit los van die natuur nie. 'n Boek soos Onduno het dan ook 'n sterk invloed op sy vriend, Sangiro gehad, wie die vertaler van heelwat stukke van hom uit Duits in Afrikaans geword het.

In Onduno het ons verder die verhaal van die Wraak van die Miere (Rache der Termiten) (bl. 35) waarvoor die oorspronklike sketse nog bestaan. Elke aspek uit die lewe van hierdie miere hou Aschenborn in 'n klein penskets vas. ".... Dort, wo in leichter, sanfter Welle sich das Sandfeld hebt, umstanden von dichtem Hakiegewirr, aus dem /

169) Onduno und andere Afrikanische Tiergeschichten, Kosmos, Franck'sche Verlagsbuchhandlung, Stuttgart, 1922.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dem nur hin und wieder ein alter Kameldornbaum seine knorrig verschlungenen Äste, wie eine Anklage gegen die glühende Sonne erhebt, steht die einsame Raubritterfeste der Termiten."[170] Die wraaktog van die diertjies word geskilder, hoe hulle uiteindelik daarin slaag om die huis, wat die rede was dat hul trotse miershoop moes vernietig word, te laat verbrokkel. Elke klein miertjie word met liefde geskets, hulle koningin, die verbrokkelde huis en uiteindelik die herstelde miershoop. Verder volg ons die lewensweg van Hans die Koedoebul, waarby ook die fyn ets van die koedoe en sy maat ingesluit word. Die geskiedenis van Kums, die Kameel word in sketse weergegee, ook word van die eseltjie Schmul vertel. Die pensketse word dikwels afgewissel deur 'n volbladwaterverfskets of 'n ets. Die bekende Tarentale word ook in hierdie boekie gereproduseer. (bl. 32) Aschenborn is op sy beste wanneer hy klein pensketsies kan doen. Dit is asof hy daarin die wesenlike van die onderwerp baie meer intensief en samevattend tot uitdrukking kan bring. Die sketse vertoon vlugtig, maar is tog tot in elke nodige besonderheid afgerond.

(iii) Vir die Adelaar en ander Afrikaanse Verhale[171] maak Aschenborn verskeie vitale pen- en potloodsketse. Bekend geword het veral die sketse vir die verhaal die Adelaar, en daarvan veral die een van die groepie aasvoëls.

Ook /

---

170) Uit: Die Rache der Termiten, uit: Onduno, bl. 35.

171) Die Adelaar en ander Afrikaanse Verhale, Nasionale Pers, Kaapstad, 1923.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ook vir die Wewervoëls, is die sketse volwasse en sterk. In Ongue die Tier, het ons 'n skets van antilope in 'n vlakte teen 'n agtergrond van berge met tafelblad-toppe. (bl. 48) Dit is interessant om 'n invloed van Pierneef hier op die kunstenaar te bespeur. Hy gebruik helder en direkte omlynings, skets skerp afgebakende skaduwees, wat byna gestileerd voorkom. Maar die eie makeer nie, en die tekening is eerlik en toon dat Aschenborn geleer het om die kenmerkende aard van 'n toneel op te som. Die verhaal van die boesmankunstenaar Cham, wat in die boek Satan beskryf word, kom ook weer voor.

Humorvolle sketsies begelei die Verkleurmannetjie-verhaal. (bl. 69) Baie teer word die tekeninge, wat die Sameswering versier, gedoen. Byna liries is die weergawe van die steenbokkie wat afbuk om met 'n kleurvolle klein tarentaal te praat.

Die uitbeeldings vir Satan, die Afrikanerperd is deels dramaties en deels komieklik. Die lewensloop en die makwording van die perd word geskets. Die mooiste voorbeeld toon die perd en sy baas tydens die makmakingsprosedure. Teen 'n sagte grys agtergrond, staan die fyn tekening van perd en ruiter helder uit. (bl. 129)

(iv) Dit was van alle wilde diere veral die gemsbok wat die kunstenaar se aandag getrek het. Hy maak dan ook 'n baie intensiewe studie van die lewe en die gewoontes van hierdie dier en hy skryf die aantreklike boekie Uit die lewe van 'n Gemsbok[172]

wat /

172) Uit die Lewe van 'n Gemsbok,
Juta & Co., Ltd., Kaapstad 1921.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat ook in Engels verskyn het.

Die werkie is reeds besonder aantreklik opgemaak. Op die buiteblad verskyn die ou geliefde doringboom, terwyl die dekblad die spore van 'n gensbok, wat 'n dekoratiewe patroon vorm, weergee. Die verhaal is met talryke pentekenings aan die rand van die teks versier. Verder sluit die kunstenaar hier ook volblad-pensketse, waterverfstudies en olieverfwerke in. Die een olieverfwerk toon die gensbok waar hy met 'n groepie van sy soort in die middagson op die Afrikaanse vlakte skadu soek onder 'n groot boom. (bl. 1) Die tweede gee die diere in die maanlig terwyl hulle rustig wei (bl. 12) weer. Dié toneel herinner sterk aan die ets met dieselfde motief. (Afb. XX) Slegs die miershoop het nou na die linker helfte van die ets verskuif. Intensief geel staan die maan teen die donkerblou hemel. Die tarentale verskyn hier as 'n waterverfskets. (bl. 18) Maar weereens is dit die klein pensketse wat die meeste aandag trek. Ons sien byvoorbeeld die bokkies gedurende 'n sprong, of 'n klein hottentotsgod, lewendige volstruise, insekte en voëls. Hulle is almal vol vitaliteit en eie ondervinding. Die groter pensketse is baie fyn en sensitief, maar minder lewendig en dramaties.

Volgens F.V. Lategan[173)] begin die dierverhaal in Afrikaans met Aschenborn se beskrywings. Die kunstenaar put sy stof uit die werklikheid van die verdwynende wilde dierelewe. Die dier in sy natuurlike /

173) Lategan, F.V.: Die Kortverhaal en sy ontwikkeling in Afrikaans, bl. 121-130, Nasionale Boekhandel, bpk., 1956.

Afb. XX, bl. 69a: Gensbokke in Maanlig.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



like wilde staat staan in die voorgrond van sy sketse sowel as sy verhale.

(v) In Satan und andere Afrikanische Geschichten,[174) ] het Aschenborn sestien pen- en potloodsketse gedoen. Soms verbind hy die penskets met waterverf. Dit is veral in hierdie sketse, dat mens duidelik kan waarneem hoe die sketsblok die kunstenaar op al sy jagtogte moes vergesel het. Die boesmanverhaal Cham word opgehelder met kopieë van oorspronklike boesmantekeninge uit die Erongogebergte, noord van Usakos, aan die rand van die Namib. Cham-ka-hui is dan ook 'n boesmankunstenaar, en Aschenborn vertel hoe hy te werk gaan in sy kuns. Noemenswaardig is die sketse vir Die Adelaar, wat reeds in Die Adelaar en ander Afrikaanse Verhale verskyn het. Blykbaar is die tegniek hier houtskool, aangesien die effek sag en vlugtig is. Dramaties word die awontuur van die adelaar in vitale sketse geskilder.

(vi) Sy eie ondervindinge gee die kunstenaar weereens in 'n aantal verhale wat saamgebind is onder die titel Mit Auto und Motorrad durch Wildafrika[175)] weer. Die standaard van die tekeninge wissel, aangesien hulle op verskillende tye gedoen is. So ook varieer die medium. Die houtskooltekeninge in die verhaal van die Tolle Krischan is nog baie styf as mens /

174) Satan und andere Afrikanische Geschichten, Kosmos, Franck'sche Verlagsbuchhandlung, 1923.

175) Mit Auto und Motorrad durch Wildafrika, Sammlung: Aus weiter Welt. Ensslin & laiblins Verlagsbuchhandlung, Reutlingen.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mens hulle byvoorbeeld met dié vir Upepo der Zebrahengst, waarvoor die oorspronklike houtskooltekeninge nog bestaan, vergelyk. In hierdie verhaal het hulle in pensketse verander, maar is nog besonder vry en ekspressief. Die skets van die kwagga en haar kleintjie herken ons ook weer uit 'n waterverfwerk met dieselfde onderwerp. Wanneer die kunstenaar 'n nagtoneel wil weergee, gebruik hy 'n spuittegniek wat 'n korrelrige effek het, en die agtergrond donker kleur, soos waar die kwagga deur die leeu oor 'n rots gejaag word, of waar die diere by die water vergader. Dieselfde doen hy in die verhaal van Krischan der Farmer, waar ons die besonder stemmingsvolle skets van die ruiter in die maanlig het, wat agter 'n ossetrek aanry. In die agtergrond sien ons die massiewe berg-silhoeëtte Verder is die boek gevul met die gewone pen-skets, wat die illustratiewe talent van die kunstenaar duidelik weerspieël.

Die sketse van Upepo sien ons weer terug in die verhaal van Mardàdi[176)] wat in Die Huisgenoot gepubliseer is. Op die omslag van hierdie uitgawe reeds verskyn die trotse kwagga in sy majestueuse grootte. "Mardádi is dan ook 'n Swahili-woord wat beteken: "kranig, spoggerig". Die houtskooltekeninge van die kunstenaar word in die oorspronklike formaat weergegee. Dramaties word die gevegte en ondervindinge van die groot kwagga uitgebeeld. Maar 'n paar sketse is ook rustig en lieftallig, soos die toneeltjie van die Moeder en die Kleintjie, (Afb. LIX) en die weergawe van die twee

kwaggas /

176) Mardádi, Huisgenoot, Sept. 1930, Dl. XIV, No. 5, bl. 19.

Afb. LIX, bl. 140a: Kwagga en Kleintjie.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

140 a




LIX

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kwaggas wat in die gras tussen die blomme lê, en net af en toe opkyk wanneer 'n jakkalsie oor die klippe spring.

(viii) Illustrasies vir verhale in Westermanns Monatshefte.

Die olieverfwerke van die kunstenaar by die verhaal In Pori und Steppe (sien Hoofst. IV) is reeds onder die dier- en landskapstonele bespreek. Ons het ook die sketse in waterverf bespreek wat die beskrywings van die Ritte im Roten Rook begelei het. Aschenborn het ook in Europa motiewe gevind waarin hy sy drang om vry te wees, kon kleed. Kon dit nie die Afrikaanse vlakte wees nie, het hy hom in die groen vleie en die herfswoude uitgeleef. Sy jagsketse wat hy dikwels vir Westermanns Monatshefte gedoen het, was fris en lewendig, lig, vol kleur en beweging. Behalwe jag- en landskapstonele, maak die kunstenaar ook 'n paar vinnige pensketse vir sy verhale Der Rebell[177)] en Die Löwenjagd.[178)]

(ix) Aschenborn skryf sy verhaal Hassan[179)] vir die Duitse publikasie Reclams Universum, waarvoor hy dikwels gewerk het. Vyf uitstekende houtskooltekeninge luister die verhaal van die ouerige hings met al sy wedervarings op. Deur

die /

---

177) Der Rebell, Westermanns Monatshefte, Verlag von Georg Westermann, Braunschweig.

178) Die Löwenjagd, Westermanns Monatshefte, Verlag von Georg Westermann, Braunschweig.

179) Hassan, Reclams Universum, Philipp Reclam, Leipzig (Uitgawe, dg. en No. van aldrie publikasies onbekend)

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die verhaal en die tekeninge, word die wit skimmel byna menslik - Aschenborn het die perd deur en deur geken en kon hom dus baie lewenswaar skilder. Die mooiste skets is sekerlik die toneel van die geveg tussen die swart hings en Hassan, die wit skimmel. Hulle veg oor die guns van 'n merrie. Dit is nag, maar dramaties glim die wit en swart van die perdeliggame deur die nag. Lewendig en dramaties is hul bewegings. Uiterse kraginspanning by elkeen is speurbaar, wanneer hulle diep in mekaar se vleis byt. Tog is die omlyninge sag en soepel in die nagtelike skaduwees.

Die verskil tussen die houtskool- en die pentekening stem byna ooreen met die verskil tussen die ets en die litografie. Die ets en die penskets is meer direk en hard-saaklik, terwyl die houtskooltekening en die litografie meer die stemming weergee, romanties en sag is.

(b) <u>Vroeë Illustrasies vir boeke van ander skrywers</u>.

(i) Een van die eerste werke, 'n kinderboek, wat Aschenborn vir ander skrywers illustreer het, is die <u>Wolf en Jakhals Versies</u> [180] van Sarah Goldblatt. Omraam deur 'n band van afwisselende wolf- en jakkals-motiewe, maak die kunstenaar volblad pensketse vir elke bladsy. Die tekeninge is eenvoudig en vir 'n kind maklik verstaanbaar. Maar hulle besit nog gladnie /

180) <u>Wolf en Jakhals Versies</u>, Dl. I, Nasionale Pers, Kaapstad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie die fynheid van sy latere skets nie. Deels is hulle selfs onhandig en lomp. Aschenborn is altyd beter met kleiner illustrasies wat die teks begelei en hulleself daarby invoeg en dus nie die hoofsaak vorm of selfstandig moet wees nie.

(c) Illustrasies vir die boeke van Sangiro (A.A. Pienaar)

(i) Aschenborn het ook die bekendste werke van Sangiro geïllustreer. Die Sketse uit die Oos-Afrikaanse Dierewêreld,[181)] het Aschenborn met pensketse en waterverfstudies versier. Die verhaal, Lotgevalle van 'n Leeufamilie, een van die drie verhale in die boek, kom ook voor in Die Huisgenoot.[182)] Die mooiste sketse gee nagtonele weer, bv. die Leeu in die Maanlig, (bl. 51 die Jagters op 'n Boom in die nag, (bl. 79) en veral die Olifante in die Kratermoeras (bl. 251) Altyd verskyn die maan helder en misterieus teen die nagtelike hemel. Die sketse vir hierdie boek, alhoewel nog ietwat styf en ongeskoold, openbaar reeds die sterk illustratiewe krag wat daaragter lê.

(ii) Die beroemde werk Uit Oerwoud en Vlakte[183)] word ook deur pensketse van Aschenborn opgeluister. Dit is in meer as een opsig 'n herhaling van die vorige /

181) Sketse uit die Oos-Afrikaanse Dierewêreld, Nasionale pers, Kaapstad, 1921.

182) Lotgevalle van 'n Leeufamilie, Die Huisgenoot, Des. 1920 - Feb. 1921.

183) Uit Oerwoud en Vlakte, Nasionale Boekhandel, Kaapstad.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vorige werk, in stof sowel as in die sketse. Die verhaal van Die Lotgevalle van 'n Leeu-familie, word weer in hierdie uitgawe ingesluit. Die waterverfsketse van antilope is egter swak. Die druk van die boek laat verder ook heelwat te wense oor. Daar is herhalings van sketse bv. die Jagters in die maanlig op 'n boom (bl. 70) en die Badende Olifante in die maanlig (bl. 223). Nuut is 'n skets gedoen uit die voëlperspektief. 'n Leeu lê links onder 'n boom en kyk af op 'n uitgestrekte vlakte, waarop 'n renoster sigbaar is.

Aantreklik is verder 'n maanligtoneel met Hoë Berge (bl. 60). Die maanlig val geheimsinnig deur die wolkebande. Teer is die uitbeelding van die Klein Renostertjie wat met die snoet aan die liggaam van sy dooie moeder stoot om haar wakker te maak (bl. 174).

Die Leeufamilie met hul kleintjies word in die nag, sonder enige maanlig, as silhoeëtte geskets. Oor die algemeen is die pensketse beter as die waterverfstudies.

(iii) Laastens is dit Op Safari[184] wat deur Aschenborn se sketse en tekeninge verryk word.

(d) Illustrasies vir die werke van Steinhardt

Aangesien Aschenborn 'n baie groot aantal van Steinhardt /

184) Op Safari, J.L. van Schaik Bpk, Pta, 1930.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Steinhardt se boek geïllustreer het, kan ons alleen na 'n paar van die mooistes kyk.

(i) Die werk Ehombo [185] is mynsinsiens die beste geïllustreerde boek van Aschenborn. Deels is dit ook daaraan te wyte dat daar van 'n baie beter gehalte papier gebruik gemaak is vir die afdrukke. In die geval van Sangiro se boeke, doen die swak gehalte papier baie afbreuk aan die weergawe van die kunswerk. Steinhardt se boeke is almal oorsee gedruk, en kon daar dus baie meer uit 'n skets gehaal word. Aschenborn voeg dan ook heelwat van sy ou en bekende etse en sketse by die nuwes, wat hy spesiaal vir die boek vervaardig het. Ons herken die ets van die Hardlopende Volstruise, (bl. 43) van die Grasbrand uit Die Vlakte, (bl. 138) en van die Drie Vriende voor die vuur in die nagtelike rus. Die afdrukke van die etse is uitstekend duidelik.

Heeltemal nuut skyn die rooi-bruin kryttekeninge te wees, Baie illustratief wend Aschenborn hierdie tegniek aan - mynsinsiens die mees geslaagde, behalwe die penskets, vir illustrasies. Die sketse is vlugtig en vry, hoewel uiters intensief en ekspressief tegelykertyd. 'n Goeie voorbeeld vir so 'n kryttekening is die volbladskets van die Jag te Perd agter die Oryxgensbokke aan. (Afb. LX). Opvallend vry is ook die komposisie in die werk.

Die /

185) Ehombo. Verlag von J. Neumann in Neudamm, 1923.

Afb. LX, bl. 145a: Jag op Oryxgensbokke.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

145a

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



LX



LXII



LXIII



LXII

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die voorstelling van die twee gensbokke links, word heeltemal uitgeweeg deur die ruiter wat baie klein geskets is, regs. Die toneel speel af op 'n wye ongebroke vlakte met vae bergaanduidings in die agtergrond. (bl. 43)

'n Ander uitstekende kryttekening is die van 'n groot en trotse Koedoebul. (bl. 91) (Afb. LXI) In alle besonderhede word die bok geskets, en tog gee die werk 'n indruk van 'n illustrasie, van 'n skets. Dieselfde tema as in die soortgelyke ets word geskilder.

Baie fyn en in elke detail word Twee Koedoebulle in geveg voorgestel. 'n Ets en 'n olieverfwerk van hierdie onderwerp bestaan ook.(bl. 251) (Afb. LXII). Aan die diere kan alle anatomiese besonderhede, soos die spiere en die ibbes waargeneem word. Tot in die agtergrond waar elke verdieping en holte in die berge sigbaar is, is die gras met sy blomme en droë takkies natuurgetrou weergegee. Tenspyte van hierdie realisme is die werk gladnie styf nie, maar bly dit verhalend, sensitief en lewendig.

Die mees impressionistiese skets beskryf 'n wit Elandbul teen 'n onrustige onweershemel. Die gras en die bome is slegs aangestip.

'n Heeltemal nuwe onderwerp is die Boogrots by die see in Swakopmund. (Afb.LXIII). Deur die boogformasie, teweeggebring deur die ewige geklop van die golwe, sien ons die meer. 'n Baie realistiese skets.(bl. 90)

Die/

---

Afb. LXI, bl. 145a : Koedoebul.
Afb. LXII, bl. 145a : Vegtende Koedoebulle.
Afb. LXIII, bl.145a : Boegrots by Swakopmund.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die pensketse is sekerlik van die bestes wat die kunstenaar gedoen het. Met slegs die nodige lyne word die wesenlike vir die betreffende stuk in 'n verband vlugtig geskets. Soms is dit net die spoor van 'n dier, of 'n insek, soms die hele gebeurtenis. Mens kan aanvoel dat die kunstenaar hom heeltemal in hierdie verhale ingeleef het en dit geniet het om elke gebeurtenis met 'n sketsie te belewe. Hy skets 160 illustrasies en etse en maak elf volblad illustrasies vir die werk. Die skrywer self sê, toe hy die eerste eksemplaar sien:" .... Ich habe des Tages Last und Mühe vor Freude vergessen, - und habe meines verstorbenen Vaters gedacht, der lebenslänglich vergeblich nach einem Meteor gesucht und gespürt het."[186]

(ii) Die illustrasies vir Steinhardt se <u>Fahrendes Volk</u>[187] is baie vryer as dié in Sangiro se boeke. Waar bogenoemde boek se dekblad versier is met kopieë van boesmantekeninge uit die Erongoberge, is hierdie werk se dekblad met verskillende gestileerde diere beskilder. Ongelukkig is die reproduksies van die afbeeldings nie so goed soos by die vorige werk nie. Al die donker dele het nie as sulks afgedruk nie, en is die kontras tussen lig en donker maar swak. Tog kan mens 'n aantal besonder goeie houtskooltekeninge vind, soos die <u>Kwaggas</u> wat laat in die aand by die water vergader om te drink. Die palmbome aan die

anderkantse /

---

186 ) Aanhaling uit 'n <u>brief van Steinhardt</u> aan die uitgewer, 1.5.24.

187 ) <u>Fahrendes Volk</u>, Verlag J . Neumann/Neudamm.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



anderkantse oewer steek skerp af teen die nagtelike hemel wat met swaar wolke betrek is. 'n Baie stemmingsvolle werkie. (bl. 49) Met teerheid word die Springbokkies (bl. 79) in die riet, ook by die water, geskets. (Afb. LXIV). Die tekening is ietwat gestileer en saaklik, 'n bietjie onpersoonlik. Opvallend in die meeste van die sketse is die fyn sin vir humor van die kunstenaar. Hy ken die dier so deeglik dat hy elke eienskap, m.a.w. dit wat eie is aan die dier, humoristies kan weergee. Die diere kry soms byna menslike kwaliteite.

(iii) In die illustrasies vir die werk SteppenVolk [188] lê die klem vir die eerste keer op die suiwer dekoratiewe. Aschenborn stileer die dier en slaag daarin om besonder aangepaste motiewe te "ontwerp". 'n Byna moderne trek het hierdie werke, wat heeltemal vreemd is in vergelyking met sy ander, realisties-impressionistiese sketse. Hy stel homself 'n grens in die vorm van die rand van die bladsy; en daarin voeg hy sy ontwerp. Die tekeninge wat as hooftema weereens die dier het, is byna by al die weergawes beperk tot twee of hoogstens drie kante van van die reghoek van die bladsy. Hierdie illustrasie-tegniek herinner opvallend aan die aantreklike en latere sketse van die Suid-Afrikaanse kunstenares Elly Holm, in Shangani, deur O. Pirow. Aschenborn maak nou gebruik net van die essensiële kenmerke van die dier, die gras of die takke en die bas van die bome om sy ontwerp

daarvolgens/

---

Afb. LXIV, bl. 148a: Springbokkies.


188) Steppenvolk, Verlag: J. Neumann/Neudamm, 1925.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



LXIV



LXV



LXVI

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daarvolgens te vorm. So voeg die ritmiese vorme van die Verkleurmannetjie dekoratief aan by die rankplant, en die patroon op die rug van die Skilpaaie by die vertakkinge van die digte gras. (bl.28) Die lenigheid van die Koedoe in verkorte aansig geskets met sy gedraaide horings en fyn strepe op die rug pas weer by en smelt ritmies saam met die rotsformasies langs hom. (Afb. LXVII). In die los sketse van koedoes, gensbokke en springbokkies, word die streeppatroon op hul rug gestileer tot vlakke. Ongetwyfeld modern is die verdeling van die onderwerp op die bladsy-oppervlakte, soos in die baie humoristiese toneeltjie van die Haan wat 'n ander Hoender jaag, terwyl 'n worshondjie op sy agterpote staan en kyk. (bl. 156) Die drie diere word gestileer en heeltemal selfstandig, sonder enige agtergrond geskets op 'n wit bladsy. Die komposisie is volmaak.

Mynsinsiens slaan Aschenborn hier 'n nuwe en baie belowende noot aan. Met hierdie werk bring hy iets essensieel eie en is dit te betreur dat die kunstenaar nie daarmee kon aangaan nie. Die sketse dra die karakter van 'n houtsnee, is illustratief en baie ritmies-dekoratief, 'n heel nuwe en verfrissende element in sy werk. Ook is die invloed van die „Jugendstil"-periode voelbaar.

Verskeie van die tekeninge is intens humoristies en het die kunstenaar hierdie element in die verhaal heeltemal sy eie gemaak. So skets hy

byvoorbeeld/

---

Afb. LXVII, bl. 149a: Koedoe.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

149



LXVII



LXIX



LXVIII



LXX

© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voorbeeld die toneel van die Naturel wat 'n Wildevark wil skiet. Tegelykertyd is sy baas besig om, sonder eersgenoemde se medewete, klippe te versamel, en buk dus kort kort tussen die hoë gras rond. Wanneer nou die naturel die jagmes van sy baas in die lug sien steek, meen hy dat dit die stert van die wildevark is, en mik daarop. In die tussentyd staan die vark in die agtergrond en grynslag tussen die gras en die bossies deur. (bl. 111) (Afb. LXVII).




"RÄUBERVOLK"



(iv) In Räubervolk [189] kom sy illustrasiewyse baie ooreen met dié van Fahrendes Volk. In hoofsaak bied die kunstenaar ook veral pensketse, met die verskil dat hulle kragtiger en meer ekspressief van aard is; byvoorbeeld in die verhaal van "Der Blender". Die skets van die Ruiter (bl. 69 (Afb. LXXI) en die van die Ossetrek (bl. 89) dra byna die karakter van 'n houtsnee, so direk en uitdrukkingsvol word die onder-

werp /

---

Afb. LXVIII, bl. 149a: Naturel wat Wildevark skiet.

189) Räubervolk, Verlag J. Neumann/Neudamm, 1925.

Afb. LXXI, bl. 150a : Ruiter.


© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




LXXI




LXXII



LXXIII



LXXIV



LXXV



LXXVI

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



werp weergegee. Ligspeling en skaduwee wissel sterk kontrasterend af en sorg vir 'n uiters vitale effek. Die sketse, tegnies beskou, vorm die oorgang van dié in Fahrendes Volk en dié in Steppen-Volk. Op 'n paar volbladsketse maak die kunstenaar weer gebruik van die korrelrige tegniek vir die agtergrond. Die Olifant by die groot Miershoop (bl. 117) is miskien die beste voorbeeld daarvoor. Verder kan nog die Luiperd (bl. 43)(Afb.LXXII) en die Leeu voor die Ossewa (bl. 59) genoem word. (Afb.LXXIII)

(v) In Steinhardt se Aus Busch und Dorn[190] vind ons 'n aantal besonder lieftallige en goeie houtskoolteke-ninge in volblad, soos van 'n Moeder Olifant en haar kleintjie (bl. 80), of die dramatiese Bevryding van 'n Perd uit 'n Veldbrand, en die Kreet van Onduo, die Renoster.(bl. 192) Humoristies is die weergawe van die Perd wat skrik vir 'n Kwagga en sy ruiter met 'n hoë boog afgooi. (bl. 144) Ook die pensketse is van 'n baie hoë gehalte.

(e) Illustrasies vir enkele boeke deur Afrika-skrywers.

(i) E. Mohrstatt.

'n Heel nuwe gesig toon die illustrasies vir E. Mohrstatt se Der Weisse König.[191] Hulle is uiters fyn en sensitiewe potloodsketsies tenspyte van hul klein formaat, volmaak tot op die verre horison/

Afb. LXXII, bl. 150a: Luiperd

Afb. LXXIII, bl. 150a: Leeu voor Ossewa.

190) Aus Buch und Dorn, Carl Schünemann Verlag, Bremen, 1927.

191) Der Weisse König, Verlag J. Neumann/Neudamm, 1925.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

horison, byvoorbeeld die Safari op Muile met Askaris deur die vlakte. Volkome realisties is elke lyn in die kwaggas links gegee; selfs die doringboompies ver op die agtergrond is fyn soos spinnerakke en tog kan byne elke takkie waargeneem word. (bl. 33)

'n Pragtige skets het ons van die Berg Kibo, bokant die wolke en 'n sag golwende vlakte met doringboompies in die voorgrond, baie teer, versluier en poëties. Na die berg word ook die hele boek genoem.

Ons sien 'n heeltemal nuwe komposisie van die berg wanneer Aschenborn 'n yslike Oerwoudboom ietwat links van die sentrum van die toneel plaas. (bl. 278) Omrank met lugwortels van tropiese plante, staan die boom soos 'n simbool vir die oerwoud. Daaragter daal die vlakte af na die eintlike digte woud van waaruit die wit koning heersend rys. Maar hierdie keer is die berg net aangedui, so ook die oerwoud en die gestileerde bome. Slegs die boom in die voorgrond is in alle besonderhede geskets.

Af en toe is soos in verskeie ander boeke, 'n vae invloed van Pierneef bespeurbaar in die potloodtekeninge. 'n Oos-Afrikaanse dorpstoneeltjie word byna gestileer onder invloed van die felle lig. Alle vlakke word omlyn en presies georden. Die gesiene dinge word tot wesenlike vlakke gereduseer.

(ii) J.F.W. Grosskopf

Aangesien Prof. J.F.W. Grosskopf baie bevriend was met die skilder in Stellenbosch, vertaal hy in

sy /

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy bundel Ou Leeumelker en ander Vertellings,[192] uit piëteit met sy vriend se ontydige dood, Mardàdi. Die sketse word na die kunstenaar se dood uit Mev. Aschenborn se versameling gekies. Dit is veral sketse van kwaggas, wat die kunstenaar in Oos-Afrika gemaak het, en wat deels reeds voorkom in die Huisgenoot van 1930.

(iii) G.R. von Wielligh

Vir G.R. von Wielligh se Boesman-Stories[193] maak Aschenborn verskeie pensketse wat die sedes en gewoontes van die Boesman uitbeeld. Ook hulle gelowe en mitologie word uitgedruk. Hierdie sketse is nie besonder sterk nie - hulle is van die eerstes wat die kunstenaar vir die Nasionale Pers gedoen het.

(iv) Noemenswaardig is verder die pen en potloodsketse vir die Kunskalender vir Afrika (1924).[194] Die kalender is uitsluitlik met Aschenborn se tekeninge en houtsneë gevul. Reeds op die dekblad pronk die Gensbok, 'n olieverfskildery, uit Karibib. 92i)

Sommige pensketse byvoorbeeld die Koedoebul, vind sterk ooreenkoms in sekere werk van Elly Holm. Daar is houtskooltekeninge wat die Ooste weergee, byvoorbeeld Zanzibar en Dar-es-Salaam, ook die omgewing van Windhoek, byvoorbeeld Afskeidskoppie en

die /

192) Ou Leeumelker en ander Vertellings, Nasionale Pers bpk., Kaapstad 1942.

193) Boesman-Stories, Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1921.

194) Kunskalender vir Afrika (1924), uitgewer: H.A. Aschenborn, Verlag: J. Neumann/Neudamm.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Namib word geskets; wilde diere, byvoorbeeld, die grasiele Springbokkies, water-, steen- en bles-bokke, volstruise en leeus, renosters, en selfs aasvoëls (uit Die Adelaar) kom voor. 'n Kragtige skets bestaan van 'n groep hartbeeste. Dekoratief golf die gras in die voorgrond.

Een van die laaste sketse wat Aschenborn in Suid-Afrika gedoen het, toon 'n klein strooigedekte hartbeeshuisie in die nabyheid van Tafelberg. Die skets is fyn en herinner aan Boonzaier. Uit die voorwoord vir die kalender wat deur Sangiro geskryf is, verneem ons dat Aschenborn reeds vir 'n hele aantal jare dié kalender versorg het en in hierdie uitgawe baie vooruitgang in sy tekentegniek openbaar.

(v) Aschenborn is ook die uitgewer van die Kolonial-Abreisskalender, (1928)[195] wat mynsinsiens slegs 'n voortsetting van die vorige kalender is. Behalwe 'n hele aantal fotos (deur Aschenborn self geneem), kom ook sketse van kunstenaars soos Ossmann voor. Aschenborn doen landskappe in waterverftegniek, en skets die koppe van, onder andere die buffel, die olifant en die koedoe. 'n Eienaardige waterverf-skets van bastardgensbokke trek beslis die aandag.

Besonder mooi is die sepiaskets van 'n aand by die Meru, Oos-Afrika. Dit is selde dat Aschenborn suiwer waterverfstudies doen, sonder die hulp van die ink-omlyning. Met 'n groot Euforbia-boom in die voorgrond, herinner die werk sterk aan die soort-

gelyke /

195) Kolonial-Abreisskalender (1928), uitgewer: H.A. Aschenborn, Verlag: J. Neumann/Neudamm.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gelyke skets van die Etzo-Okatwena (Afb. XVI).

(vi) Vir besonder gevorderde pensketse, moet die publikasie vir die Deutsche Jugend und Deutsche Kolonien[196] genoem word. Hulle is klein en slegs begeleidend, maar tog lewendig en opreg, soos die Ossekar (bl. 27) bewys.

(f) Selfstandige los Illustrasies.

Daar bestaan nog 'n hele aantal selfstandige los illustrasies wat van 'n heel goeie gehalte is.

(i) 'n Reeks houtskooltekeninge gee Oos-Afrika weer. Aschenborn skets 'n Kameroen-Negerdorpie[197] met drie ronde hutjies en palmbome. Sekere dele word daarin in alle besonderhede geskets, terwyl ander slegs aangedui word. Hierdie illustrasiemetode is tog geslaagd ondanks die variasie in benadering.

Twee uiters ekspressiewe sketse toon die Kameroenberg. Geen besonderhede word in die toneel Kameroenberg voor Sonsopkoms[198] gegee nie. In swaar donker newels gehul, is nie eens die presiese vorme van die berg sigbaar nie. Geen sonstraal helder die byna swart bosse in die voorgrond op nie. Die newel en die koue atmosfeer laat 'n vroeë wintersoggend vermoed.

Op /

196) Deutsche Jugend und Deutsche Kolonien, Herausgegeben vom Frauenbund der Deutschen Kolonialgesellschaft, Berlin.

197) Kameroen Negerdorpie.

198) Kameroenberg.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op die tweede skets van die Kameroenberg (Afb. LXXVII) is die toppe vaag sigbaar. Blykbaar is hierdie toneel later in die dag geskets. Nog hang die hemel vol dreigende wolke, sodat die boompies wat die lae hange van die berg inraam, geheimsinnig swart en stil staan asof hul wag hou.

Die berg Kenya[199)] word ook in die houtskoolreeks weergegee. Soos die Kameroenberg, word dié berg ewe eens geskilder alvorens die son opkom. Die toppe van die oerwoudbome lê nog in diepe nagtelike skaduwees gehul, en oor die hoër hange sweef die digte oggendnewels. Alleen die hoogste toppe is duidelik sigbaar gemaak deur die stygende strale van die son.

'n Fyn sketsie gee die oewers van 'n Meertjie[200)] weer. Slegs die allerwesenlike word gekies, en tog is die toneeltjie 'n volslae geheel.

Ekspressief en temperamenteel word die kus van Madeira[201)] weergegee. In teenstelling met die vorige stuk word die hale hier byna wild en onbeheersd. Die moed daarin uitgedruk, is egter verkwikkend.

Net soos die olieverfwerke wat Aschenborn in Oos-Afrika gedoen het, is al bogenoemde houtskooltekeninge sterk ekspressief en lewer duidelike bewys dat die kunstenaar 'n hoogtepunt bereik het, ook in sy illustrasiemetodes.

'n Skets /

---

Afb. LXXVII, bl. 156a: Kameroenberg,

199) Berg Kenya.

200) By 'n Meertjie.

201) Aand op Madeira, Funchal.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



LXXVII



LXXVII

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Skets vol atmosfeer is verder die <u>Tentkamp</u>.[202) Geraam deur twee hoë bome, sien ons 'n groot wit tent links, en twee jagters wat aan 'n kamptafeltjie in die skaduwees van die boom regs sit. 'n Naturel in wit gewaad praat met hulle, Tegnies minder vlot uitgevoer as die ander, hou dit tog die smaak vir awontuurlus en die jagvriendskap in.

Die <u>Hoë Kranse</u>[203) uit dieselfde omgewing, vertoon rotsgestaltes indrukwekkend in hul vertikale drang. Heersend oor die lae vlakte onder hulle, word hulle alleen deur die strale van die son bereik, terwyl 'n voël in eensame vlug hul omsweef.

"Steil über Berg und Klüfte
durch tiefe Urwaldnacht,
wo schwül und feucht die Lüfte,
wo nie die Sonne lacht,
durch wilde Felsenbogen
sind wir hindurch gezogen
mit Trägern und Askari!
Heia-Heia-Safari,
Heia-Heia-Safari!"[204)

'n Baie lieftallige sketsie maak Aschenborn van 'n klein <u>Naturelleseuntjie</u> (Afb. LXXVII) wat in die skaduwee van 'n strooihut sit. Voor 'n groot kalbas sit die outjie, gekleed in die tradisionele wit hempie, met die komieklike /

---

202) <u>Tentkamp</u>.

203) <u>Hoë Kranse</u>.

204) <u>Heia-Safari</u>, deur H.A. Aschenborn (Publikasie onbekend).

Afb. LXXVIII, bl. 156a: <u>Klein Naturelleseuntjie</u>.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



komieklike groot tulband op die klein kop. Verleë stek hy die handjie in die mond wanneer hy die vreemdeling betrag. Regs sien mens 'n hoender wat ongesteurd sy kos pik. Baie dekoratief word die komposisie verdeel deur horisontale elemente wat lewendig afgewissel word deur die vertikale stutte van die hut.

(ii) Enkele belangrike los illustrasies

In 'n sketsie blykbaar vir een van sy ongepubliseerde verhale, Buschmannprinzess, verskyn die kunstenaar self in jagtersklere waar hy met 'n sierlike, skugter negermeisie praat.(Afb.LXXIX). Haar verleentheid oor die onverwagte eer wat haar te beurt val, asook die tegelyk lieflike sjarme wat haar natuurstaat meebring, word teer en glimlaggend uitgedruk.

Tot sy naturellestudies hoort verder die aantreklike skets van die Badende Negermeisie in Oos-Afrika.[205] Vrolik en lewendig speel die jong meidjies in die water terwyl die son blink op hul slank liggaampies. Die volle lewensvreugde van hierdie natuurwesens word hier weergegee.


Die waterverfstudie van die Moeder en haar Kind (Afb.LXXX) moet ook genoem word, terwille van die eienaardige waterverftegniek wat ons reeds in die nagtelike tonele van die Berg Kibo (bl. 152) teëgekom /

---


Afb. LXXIX, bl. 158a: Buschmannprinzess.
205) Badende Negermeisies.
Afb. LXXX, bl. 158a. Moeder en Kind.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



LXXIX



LXXX

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teëgekom het. Die toneeltjie is baie stywer as die voorafgaande, maar mens voel tog die teerheid van die kunstenaar vir so 'n onderwerp.

Die skets van die Ruiter wat sy jaghonde vir die jagsport leer [206] is vol beweging en spanning. Die ruiter skyn sy honde met die lang sweep wat ritmies deur die lug trek, bymekaar probeer hou. Slegs die perd, ruiter en die honde, wie se stertjies almal penregop in die lug staan, is helder omskrywe. Die agtergrond is slegs rakelings aangetoon.

Oor die talryke illustratiewe sketse wat Aschenborn gedurende sy kort lewe gedoen het, sou mens 'n hele studie kon skryf. En sou H.A. Aschenborn slegs illustrator gewees het van verhale en boeke - waaroor ek hier maar enkele algemene indrukke kon meedeel, sou sy naam nogtans in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse kuns voortleef, veral omdat hy hierin 'n waardige pionier was. Hy is dit vandag nog, aangesien Suid-Afrika bitter weinig goeie illustrators kan opwys -- en is dit te betreur dat Aschenborn nie langer kon leef om meer van die jonger kunstenaars direk tot hierdie rigting van die kuns te inspireer.

- - - - - -

206) Ruiter en Jaghonde.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VIII

## (a) 'n Bespreking van die Invloed van H.A. Aschenborn op ander Afrikaanse Kunstenaars.

Herhaaldelik is reeds beweer dat elkeen van Aschenborn se seuns een van die drie hoof eienskappe van die kunstenaar oorgeërf het; dat Wulf die ruiter, jagter en boer geword het, Hans-Jürgen die skrywer en digter en Dieter die een is wat die skilderstalent geërf het. Uiteindelik het dit wel so ontwikkel, maar basies gesproke het elkeen ook iets van die skilder, van die boer en van die ruiter geërf. So word vertel dat Dieter gedurende die Tweede Wêreldoorlog uit die konsentrasiekamp gebreek het en toe hy weer gevang en gevra is hoekom hy dit gedoen het, het hy stilswyend agter hom deur die draadheining gewys waar 'n perd gewei het. Om geen ander rede, as die reuk van 'n perd, breek hy uit.

Hans-Jürgen, in sy jeug ook 'n hortstogtelike ruiter, skryf nie alleen nie, maar sedert 'n geruime tyd bou hy tesame met sy vrou en kinders, 'n plaas op. Ook het hy iets van die skilderstalent. Maar selfs Wulf, so vertel Hans-Jürgen, maak nou en dan baie aantreklike sketse en houtsneë.

Dieter vertolk as hooftema in sy werk weereens die Afrikaanse landskap en die dier. Hy skets nie net op papier of linne nie, maar ook op gedroogde diervelle, waarvan dan lampskerms gemaak word. Bekend het hy egter geword vir sy houtsnywerke waarvan die oliefant-reliëf in 'n bekende Windhoek-bioskoop, een van die mooistes is.

Aschenborn as kuns en die liefde vir die Suidwes-Afrikaanse landskap het egter nie alleen sy seuns beïnvloed nie. Hier en daar, in die loop van die jare het skrywers, sowel as skilders, dikwels diep beïndruk voor sy werk bly staan. Hulle het iets daaruit geleer, oorgeneem en in

hulle/.....

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle eie styl verwerk.

Soos wat daar duidelike spore is van Aschenborn se dier en landskapsbeskrywing in die boeke van Sangiro (A.A. Pienaar) en Bronsart von Schellendorf, toon veral die skilder W. Kuhnert in sy illustrasies van boeke 'n noue ooreenkoms in styl en tegniek met Aschenborn. Dikwels by die ondersoeke oor Aschenborn, het mense die boek van Kuhnert Im Lande meiner Modelle[207] as dié van Aschenborn genoem. Kuhnert skets ook hoofsaaklik die wilde dier.

Aangesien Kuhnert ietwat later en langer as Aschenborn geleef het, kan met taamlike sekerheid aangeneem word dat hy wel deur laasgenoemde se illustrasiekuns beïnvloed moes gewees het. Dikwels is selfs die tema identies; die Buffel in Kuhnert se boek (bl. 151) kom baie naby aan die weergawe van Aschenborn se dier (Sien bl. 79). Albei toon die volle rug-sy-aangesig van die buffel wat in 'n waterpoel staan, teen 'n agtergrond van digte riet en papirusplante. Ook by Kuhnert val die volle lig op die rug, kop en horings van die dier en word in die water gereflekteer. Kuhnert se diere word egter in teenstelling met die uitbeeldings van Aschenborn, meer ingekluis deur die omgewende oerwoud. By Aschenborn beweeg die dier gewoonlik op 'n wye, vrye vlakte. Die buffel van Kuhnert skyn ingehok te wees deur die duister hoë oerwoudplante, aangesien die lig reg van bo val.

Ook tegnies kom die twee kunstenaars se werk baie ooreen. Wanneer ons Kuhnert se Renoster (bl. 83) met die sketse van Aschenborn in Fahrendes Volk (Sien bl. 147) vergelyk, vind ons dat albei dieselfde korrelagtige agtergrondtegniek aanwend om 'n sagte donker effek te behaal. Dit lyk egter asof Kuhnert se illustrasies feitlik almal litografieë is.

Interessant/.....

---

207) Kuhnert, W.: Garten Afrikanischer Tierwelt. Im Lande meiner Modelle.
Klinkhardt und Biermann Verlag, Braunschweig 1953.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Interessant is dat sekere motiewe in die werke van die twee kunstenaars by die behandeling soms so sterk kan ooreenstem. Aschenborn se ets Volstruise (Sien bl. 85), word byna identies uitgewerk in 'n litografie van Kuhnert (bl. 35). Òf dit doelbewus was, weet mens natuurlik nie. Ons sien weer die twee hardlopende volstruise in die voorgrond met 'n kleiner groepie in die agtergrond. Die enigste verskil is dat die kante omgeruil is - die volstruise kom nou van regs.

Die berge van Nyaka (bl. 15) herinner aan die Kibo-tonele van Aschenborn. Weer is die wit top van die berg bokant die wolke sigbaar. In die voorgrond lê die uitgestrekte vlakte.

Die Gensbokke onder 'n Boom wat ons van Aschenborn ken, gee Kuhnert in 'n byna identiese skets in sy boek weer (bl.122). Onder die laaghangende takke lê 'n groep gensbokke en rus in die skaduwee. Een staan en kyk na die kunstenaar. Die werk lyk soos 'n tweede studie van dieselfde boom en dieselfde gensbokke as wat Aschenborn in sy ets (Sien bl. 69) beskryf.

Die vlugtige pensketse van die twee kunstenaars kan dikwels nie uitmekaar gehou word nie. Kuhnert is mynsinsiens dié kunstenaar wat mees direk deur Aschenborn beïnvloed is. Dit bly egter ook 'n feit dat hulle hierby dieselfde land se natuur weergee.

Die sterk ooreenkoms in die houtsneë van Pierneef met die linoleumsneë van Aschenborn is reeds in die ontwikkeling van die hooftema aangedui. Die feit dat Pierneef reeds vanaf 1911 hout- en linoleumsneë gedoen het en dus voor 1922 al volkome tuis was in hierdie tegniek, laat vermoed dat daar 'n moontlik wedersydse invloed tussen die twee kunstenaars was, en dat Aschenborn heelwat van hierdie kunstenaar kon geleer het. Daarenteen was dit mynsinsiens die monumentale, die direkte en die sterk ekspressiewe wat in Aschenborn se werk Pierneef getrek het, en wat hy kon waardeer.

Maar / .....

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Maar ook heel party van ons jongere kunstenaars het op een of ander stadium van Aschenborn geleer, oorgeneem of aangepas by hulle eie persoonlike styl.

Ek dink in die eerste plek aan die kunstenares Elly Holm, wat in haar dekoratiewe illustrasiewyse[208)] herinner aan 'n soortgelyke metode van Aschenborn in Steppenvolk (Sien bl. 148). Sy maak gebruik van dieselfde manier om haar onderwerpe gestileerd te pas in die grense wat die bladsy stel. Haar ritmiese lyontwerpe in elke tog ook realistiese weergawe is gelyksoortig met dié van Aschenborn. Òf Elly Holm wel die werk van Aschenborn nader ken, het ek nie kon kontroleer nie. Slegs die interessantste ooreenkomste is opvallend. Elly Holm het met haar tekeninge gaandeweg wel 'n absoluut eie styl geskep. In haar leiklipwerk en in die verskeie illustrasies beeld sy die dier, veral die boksoorte uit.

H. Krieg wil ek hier net noem vir sy Mein Afrikanisches Skizzenbuch[209)]. Mens kan nie beweer dat daar 'n ooreenkoms in styl is tussen die dieruitbeelding van Krieg en dié van Aschenborn nie, maar tog skyn dit vir my asof Krieg die werke van Aschenborn geken het, te oordeel na sy soortgelyke motiewe. Ook mag die aantreklike werke van Aschenborn die inspirasie gewees het vir die idee van 'n sketsdagboek.

Die meeste ooreenkomste in tema, styl, kleur en opvatting, het ek in die werk van Zakkie Eloff gevind. Maar ek glo dat Eloff as mens reeds baie ooreenkomste met Aschenborn toon en dat hy daarvan ook so skilder. Hy dra dieselfde liefde vir die land en dier in hom en hy het dieselfde sensitiewe gemoed

om / .....

---

208) Holm, E.: illustrasies vir: Trümpelmann: Afrikanische Erzählungen, J.L. van Schaik, Pta.: 1952, en O. Pirow: Shangani, Voortrekker Pers, Kaapstad.

209) Krieg, H.: Mein Afrikanisches Skizzenbuch. Bruckmann, Munchen, 1960.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om sy weergawes so stemmingsvol, teer en dan weer soms sterk ekspressief te skilder. Ek wil hier net twee werke noem wat my intens aan Aschenborn laat dink het, nl. die Kwaggas en Gemsbokke wat op die Uitstalling van "Honderd Suid-Afrikaanse Kunstenaars" en die Adler-Fielding galery, Mei 1963, vertoon is. Albei is vroeë olieverfwerke van die kunstenaar en gee die wilde dier in sy natuurlike omgewing weer. Eloff gebruik dieselfde oker en pastelkleure as Aschenborn om die droë Afrikaanse veld te tipeer. Sy kwasstreke is breed en los, die hele behandeling laat aan die ouer kunstenaar dink.

In sy moderne werk word die tema van die wilde dier herhaal, maar benader Eloff die motief heeltemaal anders in sy grafiese werk. Hy stileer of verwesenlik die dier en skets hom meer selfstandig - onafhanklik en los van sy omgewing.

In Suidwes-Afrika kan ons 'n hele paar kunstenaars noem wat sekere elemente van die werk van Aschenborn oorgeneem en hul eie gemaak het. In Hoofstuk II is reeds na hulle verwys.

In die houtsneë van Joachim Voigts het ons dieselfde direkte en eerlike natuurbenadering as in die linoleumsneë van Aschenborn. Ook Voigts se werk is minder saaklik as dié van Pierneef - soos by Aschenborn, is sy werk meer poëties, stemmingvol van aard, byvoorbeeld sy Tarentale.[210] Ook verskeie van sy kryttekeninge soos die Kameeldoringboom[211], skyn òf deur Aschenborn geïnspireer gewees het, òf hy het dieselfde benadering daartoe gehad. Albei se werk toon dieselfde liefde vir die ope en wye land (vgl. Voigts se Namib-studies); en albei se benadering is awontuurlik-romanties.

Die / .....

---

210) Voigts, J.: Tarentale, houtsnee, geteken JOVO, Afdruk in Lantern, Jg. 7, Vol. 7, no.1, Julie-Sept. 1957, bl. 71.

211) Voigts, J.: Kameeldoringboom, kryttekening, geteken J. Voigts. Afdruk in Lantern, Jg. 7, Vol. 7, no.1, Julie-Sept. 1957, bl. 78.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

Die Kameelruiters van Ossmann herinner aan sketse van Aschenborn wat hy gedurende sy militêre opleiding in die Kalaharie gedoen het. Teen 'n uitgestrekke eensame vlakte skets Ossman twee kameelruiters. Die melankoliese en dynserige stemming herinner sterk aan Eensame Ruiter (Sien bl. 118) van Aschenborn.

A. Jentsch kan eintlik net in soverre in een asem met Aschenborn genoem word, as dat hy dieselfde tema van die Suidwes-Afrikaanse vlakke geskilder het. Soms is daar egter ooreenkomste in hulle styl; vergelyk onder andere die waterverfskets van Etzo-Okatwena (Sien bl. 53a) van Aschenborn met enige van Jentsch se landskaplike aandtonele. Mens kan dan tog wel wonder of Jentsch nie in sy opvatting deur sekere van Aschenborn se werk geïnspireer en aangetrek is nie. Jentsch soos Aschenborn, plaas die idee van ruimte in middelpunt van sy inhoud. Dit is altyd die wydte, die onbegrensdheid en eensaamheid wat uitgebeeld word; vergelyk byvoorbeeld die Watergat.[213].

Ek het reeds voorheen aangedui dat ek meen dat ook Fritz Krampe heelwat invloed van die werk van Aschenborn toon. Ons hoef slegs na die klein sketsie van die Renosters[214] en die Meidjie[215] te kyk om aan Aschenborn herinner te word. Krampe is / .....

---

212) Ossmann, C.: Kameelruiters, houtskool, geteken: links-onder: Carl Ossmann (onduidelike inskripsie in Duits).
Huidige besit: Mnr. F. Gaerdes, Okahandja, S.W.A.

213) Jentsch, A.: Watergat, olie, Afdruk in Lantern, Jg.7, Vol.7, no.1, Julie-Sept. 1957, bl. 78.

214) Krampe, F.: Renosters, waterverf, Afdruk in: Ons Kuns Dl.II. Uitgegee deur S.A.U.K. en S.A. Vereniging vir die Bevordering van Kennis en Kultuur.

215) Krampe, F.: Meidjie, waterverf, Afdruk in Ons Kuns Dl.II. Uitgegee deur S.A.U.K. en S.A. Vereniging vir die Bevordering van Kennis en Kultuur.

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


is meer modern ingestel, tog skets hy met dieselfde vlugtige hand, wat die oomblik wil vashou. 'n Romantiese trek kenmerk sy werk.

Mens sou sekerlik nog heelwat kunstenaars kon opspoor wat van Aschenborn geleer het en sekere trekke van hom oorgeneem het. Dit sal ook hoofsaaklik illustrators wees, mense wat in die groot kunswêreld minder bekend is, maar mense wat soos Aschenborn 'n groot liefdevolle hart het om al die mooi en waar dinge in hulle sketse saam bevat.

(b) BESLUIT.

As die belangrikste pionierkunstenaar van Suidwes-Afrika beklee H.A. Aschenborn 'n unieke posisie, wat hy steeds sal behou in die geskiedenis van hierdie land. Dat hy 'n stylvorm gevind het wat in innerlike verbondenheid staan met die aard van die natuur en lewe van die land, en ook met homself, is duidelik uit die voorbeelde wat ek probeer voorhou het; en dat hy vir die latere kunstenaars na hom 'n koers daarmee oopgeslaan het, word weerspieël in die wyse waarop hulle voortgegaan het tot vandag.

Ons het swak plekke gaandeweg probeer aanstip want dié is daar wel. As skilder sou ons nie wil aanvaar dat hy in die tegniese sin van die woord nie reeds deur ander oortref is nie - daar is byvoorbeeld Adolph Jentsch met sy hoogs verfynde Suidwes-landskap om mee rekening te hou, werk van beslis hoogstaande estetiese kwaliteit. Daar is Fritz Krampe met sy ekspressiewe individuele weergawe in gemengde media van diere, wat, soos by Jentsch ook getuig van tegniese meesterskap en ervaring met die kunsmiddele. Maar 'n toekomstige Suidwes-meester mag hierdie kunstenaars almal nog oortref.

As tekenaar en illustrator staan Aschenborn bo aan die lys, nie alleen as Suidwes-verteenwoordiger nie maar ook in Suid-Afrika. Ook in Duitsland bly hy hoog aangeskrewe, en

ondanks / .....

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


ondanks sommige mindere stukke is die deursnee gehalte van sy illustrasies in alle opsigte goed en passend vir die doel waarvoor dit gemaak is. Die omvang van die aantal opdragte wat hy gekry het, lewer bewys van hoe gewild die soort werk van hom was. Die invloed wat daarvan uitgegaan het op lesers van Duitse diereverhale, het Suid-Afrika vir wat sy natuur aanbetref, op 'n aantreklike wyse in oorsese lande voorgestel; en selfs vandag nog doen dit uitstekende ambassadeurswerk wat menige besoeker hierheen lok. In dié opsig dra sy kuns 'n boodskap nie van 'n roepende in die woestyn nie!

Dit kan van alle pionierskunstenaars van Suid-Afrika gesê word dat hulle styl meer tradisioneel is en dat hulle daarom in mindere mate direk tot die twintigste eeu behoort; maar hierteenoor staan die feit dat Suid-Afrika maar pas werklik sy verskyning op die gebied van die kuns gemaak het; en dat die pionierkunstenaar hierdie nuwe onbekende wêreld self in sy voorkoms en aard nog in besonderhede moes vaslê in beeld - iets wat in die ou wêreld reeds eeue lank gedoen is voor die twintigste eeu. Dat hulle hierdie taak as 'n roeping aanvaar het, is begryplik en is tergelyk hulle groot verdienste in ons jong land. Dit geld ook vir Hans Aschenborn, die pionier van Suidwes.

Ons moet verwag dat daar in sy kuns hoogte- en laagtepunte was, netsoos dit in sy persoonlike lewe gebeur het, waarin teenslae, vertwyfeling en mismoedigheid 'n rol gespeel het. Tog sal ons moet erken dat met die groei van sy persoonlikheid ook sy kuns verdieping en verryking ondergaan het. Die duidelikste bewys daarvan is te vinde in die geskrifte - sy prosa en poësie - waarin hy sy afgeronde gedagtes en gemoedstemminge woordeliks geformuleer het. In hom was die eenvoudige natuurmens en die verfynde kultuurmens verenig - so is ook sy geestelike nalatenskap.

Ek / .....

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ek het probeer om teen die agtergrond van die geskiedenis van sy voorouers en van sy eie lewe, die ontwikkeling van Aschenborn se skilderkuns, te skets. Voorbeelde uit sy dig en skryfkuns het dikwels as basis gedien by die beskrywing van sy natuur- en diertonele.

Dit is agtereenvolgens die Suidwes-Afrikaanse landskap met sy dierejagters- en boerelewe, die Kaap, daarna die bekoring van die herfsjagrit in Kiel, die droewige melankolie wat die herinneringsstukke aan die geliefde Afrika meebring, en dan die vreugde oor 'n halfvervulde droom wanneer Oos-Afrika ontdek word en uiteindelik die kort maar ryk laaste jare van H.A. Aschenborn wat hy ons deur die opregte vertolking daarvan in sy skilderkuns, laat deel.

Aschenborn, 'n mens vol diepgewortelde liefde vir die Afrikaanse natuurskoon, 'n mens wat oor homself kon glimlag, skets vir ons 'n aantal landskapstonele van verrukkende skoonheid in die gloedvolle kleure van 'n vir hom eertyds vreemde omgewing. Hy varieer sy benadering tussen 'n rustige betragting en die wwergawe van 'n aangrypende gebeurtenis, tussen speelse waarneming en die uitdrukking van tragiese en spannende episodes en tragikomiese tussenvalle.

Dit was veral Aschenborn se liefde vir die land Suid-Afrika wat sy kunstenaarskap so rein en volwasse, so eg en sterk gemaak het. Wat sy siel gevul het, vind uitdrukking in sy skildery en in sy woorde. Liefde laat hom waarlik sien, gee hom vormkrag en skeppingsdrang. Omdat lig in hom was, weet hy hoe om die land van lig gloeiend te skilder. Omdat hy self 'n sonnige mens was, kan hy deur sy skilderye in die hart van menige Duitser die verlange na die sonneland laat opvlam. Ons weet van 'n verpleegster wat haar beroep en

familie / .....

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



familie agtergelaat het en na Suid-Afrika gekom het, nadat sy 'n skildery van Aschenborn in Switserland gesien het - 'n skildery wat die ossewa op 'n wye eensame vlakte voorstel

Aschenborn word een van die mees hartstogtelike beywer-aars vir die innerlike verowering van Duitse koloniaallande.

